



Die opvolg op
die fiksie
verhaal, **Die
Perfekte
Misdad**, deur
die Afrikaanse
Bloggers van
Blogland.

die voortvlugtiges

DIE VOORTVLUGTIGES

Hierdie boek is saamgestel uit blogs geskryf deur die persone soos aangedui aan die begin van elke hoofstuk. Daar is 'n skakel langs die profielfoto van die outeur wat lei na die oorspronklike blogpos op die skrywer se persoonlike blogtuiste.

Die bloggers het deelgeneem aan die uitdaging om 'n opvolg te skryf op die vervolgverhaal Die Perfekte Misdaad wat hulle voorheen geskryf het. Die kommentare van ander bloggers en lesers is onderaan elke hoofstuk ingevoeg. Lees beide die blog en die kommentaar, want ongeveer 60% van die verhaal speel af in die kommentaar! Let wel, inhoud, taal en grammatika is onveranderd geplaas, behalwe vir opvallende vingerglipse (typos). Kommentaar wat nie direk betrekking het op die bloginskrywing nie, is weggelaat.

Die vervolgverhaal vorm weer deel van die Lê-Jou-Eier uitdagingsreeks wat HesterLeyNel aanbied. Beide die Perfekte Misdaad en hierdie boek, Die Voortvlugtiges, is nou beskikbaar in PDF, EPUB en MOBI formaat: Skakels is beskikbaar onder die menu item "BookTalk" op die webtuiste www.hesterleynel.co.za

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het, die skrywers, diegene wat gelees en kommentaar gelewer het. Die bloggers het hulleself oortref met hierdie samestelling.

Mag hierdie 'n goeie herinnering aan lekker tye wees.

2018. Suid-Afrika

INHOUDSOPGAWE

Die voortvlugtiges	1
HOOFSTUK 1.....	1
Die uil, die spook en die sersant	1
HOOFSTUK 2	6
Camilla en die manne in blou	6
HOOFSTUK 3	13
Die polisie en die spoke.....	13
HOOFSTUK 4.....	17
Tiramisjoe	17
HOOFSTUK 5	25
Die tunnel-ekspedisie	25
HOOFSTUK 6	30
Bali-Idees en Trippel D's.....	30
HOOFSTUK 7	38
Slaggat of gatslag	38
HOOFSTUK 8	47
Die plot.....	47
HOOFSTUK 9.....	52
Weg is ons	52
HOOFSTUK 10	58
Gegroet Toweropstal – hello Pollsm... ..	58
HOOFSTUK 11.....	66
Koerantberig: Die Volk se Kas is leeg.....	66
HOOFSTUK 12	73
Die Agtergeblewene	73

Die Voortvlugtiges is saamgestel uit die bydraes van die bloggers, gekopieer vanaf die oorspronklike bloginskrywing soos aangedui, en met verskaffing van 'n skakel langs die naam / skuilnaam van die skrywer aan die begin van elke hoofstuk.

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie boek mag in enige vorm of op enige elektroniese of meganiese wyse, insluitend inligtingstoor- en herwinningstelsels, weergegee word sonder skriftelike toestemming van die outeur(s) van die onderskeie blogs / hoofstukke nie.

Dekkingsblad ontwerp deur HesterLeyNel
Dekkingsbladfoto verskaf deur Abrie Joubert

Hierdie boek is 'n werk van fiksie. Name, karakters, plekke en voorvalle is ook produkte van die skrywers se verbeelding of word fiktief gebruik. Enige ooreenkoms met werklike persone, lewende of dood, gebeure of plekke is heeltemal toevallig.

Boek beskikbaar in .pdf, EPUB en MOBI formaat by <http://www.hesterleynel.co.za/booktalk>

Beskikbaar gestel in Suid-Afrika

Apr 2018

HOOFSTUK 1

Die uil, die spook en die sersant



deur [leekervurig](#)

Die een oomblik is die Towerinne by Toweropstal vol vreugde oor Boss Abrie en Kloug se reddingsplan en ook Scrapy se onthulling dat daar nog 'n skat te vinde is, die volgende oomblik gooi Hester 'n emmer koue water oor die spulletjie.

“Genoeg, ek het genoeg gehad...kom Carlos!”

En daar gaan Hester en Carlos met my lorretjie vort, al melkskommelskuddend die grondpad af.

Hester was darem vreeslik haastig en kortaf. Sommer so vir Carlos met sy bergiebek gegryp en gesê sy is nou klaar met Toweropstal en goud en gerugte.

Pfft. Ook nie gevra vir die Lekker lorrie nie. O, nee, sommer net die sleutels uit my hand gevat soos 'n baas(in). Die ander Towerinne, Boss Abrie het saam met my, hulle verslae agterna gekyk.

“Elke diertjie sy plesiertjie. Daar is ons storie se fluit nou uit,” sê Kameel, en haak by Una en Toorts in.

“Kom ons gaan maak reg vir ons vir-oulaas-paartie. Kom julle,” roep sy oor haar skouer.

Ek, Scrapy, Perdebytjie Wegkruipertjie, Sonell, Woestynkind, Ekmysself en Abrie drentel stadig agterna. Die wind uit ons seile.

Ekmysself begin uit volle bors sing: “Another one bites the dust...” Die Towerinne en Boss val saam in, gou lag almal lekker. Ek gaan stap 'n draai om Toweropstal om seker te maak daar dwaal nie 'n verskrikte hoendertjie rond nie. Wil eintlik 'n skelm rokie maak.

'n Gevlekte ooruil hoe-hoe onheilspellend en 'n yl sekelmaan steek so skuins agter die skoorsteen uit. Die skemerte van flussies skielik nagdonker. Ek ril.

Die skerp reuk van 'n vuurhoutjie, pas aangesteek, en pyptabak oorweldig my. Met 'n hart wat wil weghol en bloed bruisend in my ore, draai ek stadig om.

Ek sien 'n pyp se kooltjie gloei.

“Naand, niggie,” sê 'n krakerige stem hier voor my. My stopsels in my valstande word sommer koud en bang maalkolk in my binneste.

“N..N..naand, meneer,” kry ek skaars hoorbaar uit.

“Joubert, Piet Joubert,” stel die stem hom voor.

Dis die ander spook van Toweropstal!

“Niggie, ek kan nie lank bly nie. Hier is moeilikheid oppad. Daar is ware skurke agter ons geheim aan. Hulle is naby. Julle moet versigtig soos slange wees, en waaksaam soos 'n arend...gaan bêre die joernaal.”

Die ooruil hoe-hoe asof hy die oom se woorde beaam.

My selfoon biep, Piet Joubert verdwyn in die niet. Ag jinne, ek wou hom nog soveel vra!

'n Whatsapp van Hester: Polisie oppad.

Ek hardloop en gil: “Towerinne, die polisie...”

Die Towerinne is te besig om musiek te luister en glasies te klink. Dis te laat.

Asof in stadige aksie sien ek hoe die nagdonkerte deur verblindende soekligte verhelder word. Sirenes loei en swaar gewapende polisiemanne vlieg uit die patrolliemotors wat met skreeuende remme klippers die werf vol laat spat.

“Hande in die lug,” snou ‘n lang, maer sersant ons toe. Ons staan sy aan sy met groot oë, tasbaar beangs en gooi ons hande summier in die lug. Kameel se wynglas tuimel stadig grondwaarts.

Gigaba, sê die naamplaatjie op die maer man se bors.

“Sersant Gigaba...” probeer een van ons, ek weet nie wie nie.

“Bly stil, ek sal sê wanneer jy kan praat,” gil hy dat die spoegspikkels om sy mondhoeke borrel.

Sjoe, ek loer so onderlangs na Toortsie. Sy is wasbleek, haar rooi kopdoek windskeef. Ek probeer oogkontak maak, maar sy kyk verstar na die manne in blou met hulle vuurwapens op ons gerig.

Brawe Abrie en Sonell tree na vore.

“Staan stil!”

“Wag, nou Sersant, waarom al die vreeslik agressie,” vra Abrie.

“Die mense van Skimmelkrans Boerdery het ‘n klag gelê oor julle lawaai hier by Toweropstal. Hulle is van die grootste kommersiële melkboere in die omgewing. Hulle melkkoeie word sag gekoester en luister na Mozart se Concertos en produseer gellings melk. Sedert julle spul hier kom intrek het, kan die koeie nie ‘n druppel melk lewer nie. Die hoenders se geskrop en gekekkel en die musiek wat 24 uur ‘n dag hier uitgeblêr word is een te veel. Die koeie is nou op gemoedsbekakpille,” skreeupraat Gigaba.

“Maar Sersant, is dit nou billik dat die bure sommer so by julle klagtes kom lê, sonder om net eers met ons te kom praat? Dis darem nie buurmanskaplik nie,” antwoord Abrie bedaard.

Gigaba kyk vir Abrie so skuins aan. “Wie se grond is hierdie dan?”

“Dis my erfgrond”, sê Abrie.

“Wag, so bietjie,” kom die opdrag. Gigaba praat vinnig in Xhosa met die ander offisiere.

“Wat sê hulle,” haak Una af. Wegkruiper en Ekmyselff kruip stil agter Kameel en Una in.

“Ek weet nie, maar ons is hier in groot gemors en ons sal ‘n plan moet maak,” mompel Sonell.

Ek loer so om my, en ek vang Kameel se oog, en sy knipoog vir my.

Hier kom ‘n ding.

Sy sal self verder vertel.

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Woordnoot: Hierdie manewales vra om in ‘n boek opgeneem te word!! Amazing!

- Lekkervurig: Dit is Hoofstuk Een van ons opvolg blogpret: Die Perfekte Misdad!
- Woordnoot: Hiehie....gaan seker maak ek mis dit nie!

Kameel: Ag vaderland lekkervurig, ek sit kliphard hier en lag!!! ‘n Skelm rokie sê jy.... en Piet Joubert.... hy sal maak dat jy meermale om die hoek van die huis verdwyn. Dis puik!!!

- Lekkervurig: Ek is bly as jy dit geniet...dit was naels kou om die petalje te begin...hoop jou plan is agtermekaar suster!
- Kameel: Sit met bietjie van ‘n probleem... ons sit sak en pak oppad na my dogter toe vir ‘n partytjienaweek. Kom eers Maandagmiddag terug. Het so min of meer ‘n idee rondom die storie. Of ek tyd gaan kry om hom te skryf is ‘n ander storie. Geniet jou naweek met Piet Joubert!!!
- Lekkervurig: Sterkte – die storie skryf amper aan homself. Geniet jou partiekie. Ek sit met Rots die stywenekkie, watwou Piet Joubert die spook...hehe!

Toortsie: Laat ek julle nou iets vertel: Daai bure vat 'n kans. In die eerste plek is hulle jaloers omdat hulle nie genooi was na al ons lekker paarties nie en hulle monde het gewater vir al die spinasietert. Verder moet hul maar met hul voerverskaffers praat. Tien teen een is daar al weer fout met die voermengsels of iets. Gmf. Nou kom soek hulle die fout by ons! Sorry to hear!

- Lekkervurig: Toorts, solank die goed net nie Polokwane Polonie ingekry het nie...;)
- Toortsie: Toevallig dink ons in dieselfde rigting! Kyk gou, ek het so iets geskryf in die kommentaar.
- Kameel: Sê jy Toorts met jou skewe rooi kopdoek 😊😊😊😊 Ek sien dit in my geestesoog en lag te lekker. Draai reg daardie kopdoek sussie.... daar lê vir jou werk voor met al die kwaai polieste.
- Toortsie: Om ons só te kom aantree! 😊
- Abrie Joubert: Ek het gehoor hulle maak polonie daar op Skimmelkrans en die polonie is vol skimmelgoggas...
- Toortsie: Ek is so vies vir daai polieste, ons was so nice met hulle en nou kom wees hulle kortaf met ons, ek dink sommer ek moet gou Skimmelkrans toe ry en 'n klomp polonie vir hulle gaan koop.
- Lekkervurig: Toorts, ek dink dis net daai sersant wat die probleem is. Ek het voëltjie hoor fluit hy is van hoge pos na sersant sommer oornag....voer hom spinasietert of iets nuut....laat hy chill. Ons wil mos nou nie moord via polonie pleeg nie...ons wil skattejag
- Toortsie: Ek voel eerder om hom te steek met 'n sosatiestokkie of nog erger, ek sal hom laat uie skil. Sommer 'n hele sakkie uie! Hy moenie met my kom mors nie!
- Lekkervurig: Uieskil....my ouma het dit altyd uietrane verduidelik as "my mal antie se siek kat is dood" 🤔
- Toortsie: Baie goeie beskrywing! 🤔
- Abrie Joubert: Die reg Toortsie mens moet mededeelsaam wees.

Toortsie: Ek is nou só gefrustreerd, ek loop eet sommer 'n hele pakkie Enterprise worsies! Ek wonder nou juis of die bure nie dalk per ongeluk so iets ingeneem het nie?

- Lekkervurig: Jy spot. Moes sien hoe dit vroeër hier in Poloniekwane af die straat van die Lekker winkel gelyk het by die Enterprise fabriekwinkel....rye mense met sakke vol worsies, en goete.....Carte Blanche was ook hier!
- Toortsie: Genade. Beslis geen grap nie!
- Toortsie: Wat waar is, as ek gefrustreerd is, raak ek aan die eet. Ook as ek bang is, bly is, kwaad is ...
- Lekkervurig: Eet maar liever kaas, los die rooiworsies... 😊
- Toortsie: Ag man, ek besit gelukkig nie eers rooiworsies nie, dis anti-Banting! 🤔
- Lekkervurig: Verlig is ekke nou!
- Toortsie: Man, ek het my net uit alle logika geskrik toe die polieste daar opdaag en nog aggressief ook is met ons.
- Lekkervurig: Mmm, ons klomp was lanklaas vir minute stil....
- Abrie Joubert: En daar noem Toortsie dit jou wrintiewaar on haar volgende opmerking. Nee Toortsie hulle het dit nie ingekry hulle wil ons hier wegkry anders kom ons dalk agter dat hulle dit maak, die maaiboelies
- Lekkervurig: 😊

- Perdebytjie: Lekker lag ek nou!

travel460: Kyk, ek is al van baie dinge beskuldig, en ja, van hulle was dalkies waar, maar ek was nog nooit deels verantwoordelik vir koeie wat nie melk kan 'skenk' nie. Hierdie is 'n eerste... So Toortsie, wil jy my nou sê 'n koei ontspan meer op Mozart se musiek as op Enrique en sy pappa Julio s'n? Weet die koeie hoe lyk...ek bedoel klink die tweetjies! En wat hulle aan 'n ouer vrou se menopausal hormonale stelsel kan doen???

Ekmyself, kom ons sluip vanaand langsaan toe en gaan gesels bietjie met die koei-tannies. Hulle is definitief deur mense op verkeerde paaie gesit as hulle Concertos moet luister sodat die melkkliere kan saamtrek..

- lekkervurig: Slaai jy nou klaers se bekke toe met 'n nat vis! Wahaha!
- Toortsie: Ja, hul wil so sê dat mooi, klassieke musiek, wel die koeie beïnvloed. As 'n koei ontsteld is, wil sy nie 'sak' nie, dan gee sy nie melk nie en kry sy nog dalk sommer mastitis ook by. Die laaste deel van die sin het ek self uitgedink.
- Lekkervurig: Mastitis is vrekseer, ek sal nie uitwy nie....dit was traumaties.
- Toortsie: Ja, ek kan getuig daarvan en al wat help, is om uit te melk. Eina!
- Lekkervurig: 🙄🙄
- Ekmyself: Koolblare help ook, heng maar ons het nie tyd om koolblare op koeie se uiers of eiers 😊 te gaan "plak" nie
- Toortsie: Ek reken op jou om rustige musiek te speel. Dink ek moet vir die bure 'n kaaskoek bak en vir hulle neem. Dalk koel hulle af.
- scrapydo2: Dis waar Toorts, daardie uiers en spene moet versigtig gestreel word met musiek terwyl die masjien sy pompwerk doen, ha ha.
- Lekkervurig: Scrapy, grapjas. Ons moet nou verder op Kameel se blog gesels!
- scrapydo2.wordpress.com: Jong jy weet ek is voor wat tyd betref maar nie as dit by die lees kom. Ek kry dit in die aand hier en dan hol julle weg met die tyd sonder dat ek my sê gese het.
- Lekkervurig: Sorry, Suster. Hester klap maar die sweep! 😊
- Toortsie: 😊

Perdebytjie: Goed afgeskop met die eerste aflewering. Ek lag my dood vir die spook. Wat het jy met die joernaal gedoen wat hy jou gegee het en wat staan daarin geskryf? Ek sien al vir Toortsie met haar skewe kopdoek! 😊😊

- Lekkervurig: "Bytjie – die joernaal was mos in die kis wat Camille en haar Ben gekry het. Dis mos waar die Ingelse Ponde storie van Scrapy ook aanhak, of miskien is hierdie ook maar 'n storie.....;) Ek het hom nie gesien nie, die spook het gesê dit moet gebêre word...kon nie waarsku nie – so ons sal moet soek
- Perdebytjie: O jinne, Bytjie se kop haak soms uit en die geheue slaat effe vas by tye. Dankie vir die inligting. 😊😊

HesterLeyNel: Carlos se bergie-bek, haha. En daai Hester kan by tye soos 'n regte boks optree. Dis 'n skitterende skrywe Lekkervurig en 'n grootse aanvang vir ons volgende boek! Dit gaan pret wees, alliepad.

- Lekkervurig: 🙄

Rondomtaliedraai: Hier kom beslis 'n ding

- Lekkervurig: 😊

Sonell: Hier kom 'n ding!

Abrie Joubert: Lekkervurig my oor-oom Piet Joubert was maar 'n harde koejawel ek sal nie met hom sukkel nie veral nie die spookweergawe of dalk het hy nou 'n lammetjie geword. Ek is tog so bly dat ek kalm gebly onder die Gigaba se geskree. Jy het my uiterlike fyn waargeneem maar ai aan die binnekant het die derms so bietjie geknoop. Ek dink ek gaan Toortsie se spinasietert nodig hê om dit te ontknoop

- Kameel: Abrie ek raai jou sterk af....daardie tert van Toortsie doen dinge aan die klomp wat my na my asem laat snak. As jy koelkop wil bly... hou verby.... geknoopte derms al dan nie!!!
- Lekkervurig: Ek reken Toorts moet nou haar bantinglekkernye tot nuwe hoogtes neem....hehe
- Toortsie: Ek wonder hoe 'n sosatie met 'n soetrissie sal smaak?
- Lekkervurig: Wat van ietsie met 'n oepsie.....Amarula of frangelica of so....? 'n Versterkingkie soos ons spinasietert?
- Toortsie: Jajaaa die Tiramisu
- Lekkervurig: Sjjj 😊 🙄
- Toortsie: O gits! 🙄
- Abrie Joubert: Kameel ek wil die slaai bloot aanwend vir sy medesinale kwaliteite. Ek eet nie eers spinasie en eet ook nie brille maar moet helaas dit met tye gebruik

Lekkervurig: Towerinne en Boss en medebloggers, ek het vanmore weer besef, Blogland is 'n wonderlike plek. Waar sal 'n groep mense nou ooit met hande omhoog en aangehou met gewere kan skerts oor besmette polonie, spinasietert, spoke, koeie, klassieke musiek, melkkoors en uieskiltrane. 🙄 🙄 🙄 🙄 🙄 Ek loop en smail en my gesin dink ek is dol.

- Toortsie: Maar Abrie is mos besig om dit uit te sorteer. Hoekom sal ons bekommerd wees?
- HesterLeyNel: Het jou Rots toe al die vorige boek gelees?
- Lekkervurig: Ja. Hy het geniet.

scrapydo2: Jong dis nou n lekker draai wat hier gemaak word. Koeie al dansende en wiegende op klassieke musiek. Hul beweeg dat die melk so spat dis hoekom die ouens nie melk uit hul kry nie. Alles uitgedans! Lyk my ou Piet Joubert het 'n oog op jou gehad. Ek sal, soos Abrie sê, nie te gerus wees met hom in die omtrek nie. Hy gaan nog lekker moles maak onder die polisiemanne. Ek hoop hul het skoon klere in die vangwa!

- Lekkervurig: Kan nie wag vir jou spookstorie nie! Ja, die ou Piet Joubert...hehhe

HOOFSTUK 2

Camilla en die manne in blou



deur [Kameel](#)

Waar daar minute gelede nog geluide van vrolike musiek, laggende stemme en klickende glase was, is dit nou net die spoegspattende stem van sersant.Gigaba wat die lug klief... en Abrie se kalm stem tussendeur wat die situasie probeer ontlont.

Kameel tree saggies agteruit, fluister iets in Ekmyself se oor en verdwyn dan vinnig uit die ligkring die nag in. By die parkhome spring sy vinnig aan die werk om kort voor lank as Camilla in die rigting van die stemme te stap. Sersant Gigaba is juis besig om handswaaiend iets te verduidelik toe sy oë in sy kop verstar en hy sprakeloos na die visioen in haar rooi stillethoes staar wat asof van uit die niet die lig betree, en heupswaaiend tot voor hom stap.

“Helooò Generaal” sê sy in ‘n fluweelsagte stem. “Wat de.... ek is nie....” stotter die sersant maar kom niks verder nie. Die kyk van bewondering in Camilla se oë laat hom soos ‘n vis op droë grond gaap. Camilla draai om en laat haar oë oor die polisiebeamptes dwaal. ‘n Behaaglike sug ontsnap haar rooi lippe. “Ooo ek is mal oor manne met gunne... maar Generaal,” sê sy met die terugdraai, “Hester is klaar weg. Sy het Carlos na sy pa in LA toe gevat. “Hester?” vra die sersant en krap sy kop. Camilla leun nader aan hom en sê in ‘n geheimsinnige stem. “Weet jy wie is Carlos se pa?” Die sersant skud sy kop, en die manne in blou spits hulle ore. “Dis daardie drug lord van Colombia, Pablo Escobar... en nou moet Hester aan hom gaan verduidelik hoekom sy Carlos se tande uitgeslaan het. Generaal ek dink Hester is in groot gevaar,” en met die woorde skiet Camilla se blou oë vol trane. Gelukkig is Abrie vinniger as die sersant, en met ‘n dankbare blik vat Camilla die sakdoek wat hy haar aanbied, en vee haar trane af. Met kleindogtertjie vertrou kyk sy na die sersant. “Generaal as jy vroeër gekom het kon jy saam met Hester gegaan, en haar teen Pablo beskerm het.” Haar woorde het die gewenste uitwerking; as teken van sy eie belangrikheid trek sersant Gigaba sy skouers regop... maar Camilla gee hom nie kans om tot verhaal te kom nie. “Laat ek jou pet regtrek generaal, hy sit bietjie skeef ... so ja.... hoe trots....” Haar woorde sterf weg onder kitaarmusiek wat meteens die lug vul. Camilla glimlag skalks.... die pet was haar en Ekmyself se teken dat die musiek kan begin.

Polisiebeamptes lig hulle wapens, terwyl koppe draai om te sien waar die musiek vandaan kom. Maar Camilla is nie klaar met die manne in blou nie. Weggevoer deur die musiek begin sy dans. Haar elke beweging ‘n studie van sensualiteit.

“Saturday night I was down town” sing die Holliesⁱⁱ
“Working for the F.B.I.”
Sitting in a nest of bad men
Whiskey bottles piling high.”
Boot legging boozier on the west side
Full of people who are doing wrong”

Camilla het weereens die vloer vir haarself, en sy lewer 'n vertoning wat die manne in blou se monde laat water. Behalwe vir die towerinne en Abrie, is daar nie 'n voet in 'n stewel wat nie pas aangee nie. Uit die hoek van haar oog sien Camilla 'n beampte met 'n Latynse voorkoms 'n selfoon teen sy oor druk. Sy beweeg tot voor hom. Een kyk in haar oë en hy sit half verleë die foon terug in sy sak.

“Just about to call up the D.A. man
When I heard this woman singing a song.
A pair of forty fives made me open my eyes
My temperature started to rise
She was a long cool woman in a black dress
Just a five nine
Beautiful
Tall
With just one look I was a bad mess
Cause that long cool woman had it all.”

Al dansend beweeg Camilla tot by die tafel, klim ligvoets bo-op en glimlag liefies vir die manne wat van oral wolwefluite laat hoor.

“Saw her heading to the table
Well a tall walking big black cat
When Charlie said “I hope that you’re able
Boy”
Well
I’m telling you she knows where it’s at.”

Camilla wink die Latynse beampte nader. Sonder huiwering spring hy op die tafel, vat haar hand wat sy na hom toe uthou en trek haar teen sy bors vas. Met haar rug teen sy bors, en sy arms om haar lyf gevou beweeg hulle saam as een.

“Well suddenly we heard a siren
And every body started to run
A jumping out of doors and tables
Well I heard somebody shooting a gun.”

Camilla vang Woestynkind se oë, en knik haar kop liggies as teken dat die aksie nou kan begin. Haar hande beweeg na agter, en voordat die beampte weet wat hom getref het, haal Camilla boeie uit sy sak, en slaan dit om sy polse. In ekstase oor die vertoning, skreeu die manne “Encore!” maar word vinnig na die werklike lewe teruggeruk toe Woestynkind en Sonell hulle ontwapen. Camilla kyk na die beampte wat nogsteeds by haar op die tafel staan. In sy oë lees sy nie verwyt nie maar bewondering, en haar hart gee 'n ligte roering. Om hulle lewe dit soos Woestynkind en Sonell hulle werk doen, maar Camilla is net bewus van die man hier by haar en die Hollies se stemme.

“Well the D.A. was pumping my left hand
And a she a holding my right
And I told her don’t get scared
Cause you’re gonna be spared
I gotta be forgiven
If I want to spend my living with
A long cool woman in a black dress
Just a five nine

Beautiful
Tall
With just one look I was a bad mess
‘Cause that long cool woman had it all
Had it all
Had it all
Had it all”

Scrapy sal verder vertel.

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Lekkervurig: Heita Kameel! Nou is daai liedjie die res van die dag op herhaal in my brein. Hierdie wending het sensuele skop ala Camille. Sjoe.

- Kameel: Jy wil nie weet waarheen ek kort-kort heen verdwyn het om ‘n sin of twee te skryf nie. Is mos paartienaweek by my dogter hulle. Jy kan dan dans-dans op die maat van Tall woman deur jou dag gaan 😊😊😊
- Lekkervurig: Skryf, moet ons skryf, en hierdie is lekker saam skryf. Ek het nou net Maandag blues vir lekker rock verruil! Lekker week.
- Kameel: Hopelik rock ons almal deur dié dag!!!

Lekkervurig: Julle kan saam luister! Terwyl julle lees.... [Video Long Cool Woman in a Black Dress – the Hollies]ⁱⁱⁱ

- Kameel: Dankie. Ek wou graag die video oplaai saam met my blog maar weet nie hoe nie.
- Perdebytjie: Het nou die musiek aangesit en weer die stuk gelees...perfekte atmosfeer!
- Kameel: Ag ek is bly Lekkervurig het dit gedoen!!! Gaan my eie blog ook nou so lees 😊😊😊

Perdebytjie: Kameel, jy het verskuilde talente!

- Kameel: Dankie Perdebytjie. Dit was een van my moeilikste skrywe ooit. Was familie partytjenaweek by my dogter hulle en ek moes kort-kort weggliip om ‘n sin te gaan skryf. Sal hierdie een onthou 😊😊😊
- Perdebytjie: Wel, jy het jou uitstekend van jou taak gekwyt. Ons ander klomp sal moet uithaal en wys!
- Kameel: Ek sien so uit na julle bydraes. Hierdie storieskrywery van ons maak dat ek baie lag. Julle begin soos ou pêle van my voel.

scrapydo2: Genade vrou nou het jy wraggies lekker die manne voorberei vir ‘n staptog na die kelder en die spoke wat sit en wag om hul gedagtes te lug oor die verlore ponde! Kameel jy is n ou doring. Dit was nou ‘n lekker wulpse lip aflek oomblik vir polieste! Bly hul is nou ontwapen.

- Kameel: Jong scrapy ek kan Camilla nie meer in toom hou nie. Bly sy het haar opdrag ordentlik uitgevoer.... al was dit ook met stampe en stote geskryf 😊😊😊😊

HesterLeyNel: Joe! Wow! Camilla het weer haarself oortref met haar ... ahem, skrywe (ek wou gesê het met haar verleidingstegniek, maar moenie dat 'n ou vrou nou hier stuitige uitlatings maak nie). Ek luister nou ook na die Hollies – dankie vir die musiek-skakel Lekkervurig – en gaan so al wiegende weer hierdie stuk lees. Welgedaan Kameel, al moes jy nou oomblikke steel en in die (daai plek) gaan skryf, is dit 'n skitterende stukkie werk.

- Kameel: Dankie Hester. Liewe land. Dis tyd dat Camilla verlief raak en die scene verlaat... sy steek my in die skande. Jong, ek wonder hoeveel keer ek die hmmm moes besoek om my taak gereed te hê vir vandag. Ons het nounet by huis gekom na 'n baie besige naweek. My woema is uit... en ek dink Camilla het 'n groot aandeel daaraan.
- HesterLeyNel: Ag siestog man, maar baie dankie, dis 'n briljante storie.
- Kameel: Dink ek moet Una se raad volg en 'n nat lappie op my voorkop sit 😊
- HesterLeyNel: 😊
- Lekkervurig: Wat het jy met Ben gemaak, as ek mag vra.....
- Kameel: Ben se ma het so siek geword.... so hy is Polokwane toe vir wie weet hoe lank om haar op te pas. Hy bel nog gereeld.
- Lekkervurig: Hoop nie sy het polonie geëet nie.....
- Kameel: My mapstieks... amper sê ek vir jou vuurvliegie 🍷🍷🍷🍷 ek het skoon van die polony vergeet. Sal dadelik vir Ben moet bel!!!
- Lekkervurig: Ek hou van vuurvliegie. Lekkervurige vuurvliegie...dankie ek vat hom vir my. 🍷
- Kameel: Groot plesier!!!

Kameel: O ja Hester, ek wou nog vir jou sê ek hoop jy het agtergekom ek het nie jou werklike bestemming vir die sersant gegee nie..... LA is darem nie Las Vegas nie. Ek verstaan ook hoekom jy so lank daar gebly het.... my dogter sê 'n mens wil weer, en weer teruggaan as jy Las Vegas eers beleef het. As ek reg verstaan is jy nou in Colombia. Dink jy, jy sal ooit weer daar uit kom... of moet ons sersant Gigaba stuur om jou te gaan soek.

- HesterLeyNel: Ons sal moet wag en kyk hoe die storie homself skryf wanneer ek weer aan die beurt kom.

Abrie Joubert: Mal oor manne met gunne !!!! Sjoue ek dink ek het nou 'n koue stort nodig en hier is nie water om te stort nie. En boonop betrap ek my dat ek jaloers is op die poliesieman met sy Latynse voorkoms wat so draai en swaai met Camilla

- Abrie Joubert: Kameel ek wil maar net noem dat ek 'n windbuks besit...
- Kameel: Abrie!!!! 'n Windbuks is darem beter as niks 🍷🍷🍷🍷 Jy sal dat ek die hele dag met 'n smile rondloop.
- Abrie Joubert: Neem aan die DA in hierdie lied is die District Attorney en nie die politieke party DA nie. Wat my herinner (die volgende opmerking is nie 'n aanduiding van my politieke assosiasies nie maar ek kan 'n grappie waardeer selfs as dit teen myself of die wat ek ondersteun gerig is). Met die min water saam is daar mos verklaar dat daar hierdie jaar nie 'n day zero behoort te wees nie (wat 'n fout

was aangesien die somer volg na 2018 en dit kan veroorsaak dat mense minder water spaar). 'n Parlements lid van NFP het die volgende opmerking in die parlement gemaak: The DA always talk about day zero, day zero, now it is DA zero...

- HesterLeyNel: Haha, ag hemel tog – ek sê liever niks.
- Kameel: Ag vaderland Abrie, laat jy my kliphard lag. Sorry as ek jou jaloers gemaak het... het maar net my job gedoen.

Lekkervurig: Abrie! Ek lag nou so uit my maag. Windbuks sê jy...bwahahahahahaaa! Lyk my ons vervolg gaan iewers PG raak – Camilla jou stouterd. 😊

- Kameel: Lekkervurig, een van die dae lees ek glad nie wat ek geskryf het nie. Wonder of daar nie spinasietert op hierdie familiepartytjie was nie.
- Lekkervurig: Kameel, ek loop en giggel hier by die Lekkerwinkel in Poloniekwane. Ons skrywery en skerts bied eindelose pret, en dan is almal minora skerp ook. 😊
- Kameel: Dis presies netso... ek lief die humor en loop ook en glimlag deur die dag.

Ekmyself: Ooh Kameel, nou hang my mond behoorlik oop! Jitte jy is darem 'n ou staatmaker en 'n planmaker!

- Kameel: Dankie ekmyself. So saam saam sorg ons vir 'n lekker verhaal. Camilla laat my mond ook oophang.

travel460: Camilla op haar stukke, met al die regte moves en die natuurlike instink wat presies weet waar en hoe! Hierdie is groot, Kameel! ons kans op sukses het so pas die hoogte ingeskiet.

- Kameel: Gewet jy sal die moves verstaan. My gô is vandag behoorlik uit na Camilla se streke. Sien uit na die res van die storie.
- travel460: Net om van haar amazing optrede te lees, het my ook effe moeg gekry, Kameel. Waars die dae toe die energie nog oorgenoeg was. 😊 Nou laat sulke opwinding my na 'n nat lappie vir die voorkop gryp.
- Kameel: Ag vaderland Una hier het jy my kliphard aan die lag. 'n Nat lappie vir die voorkop klink na goeie raad 🙄🙄🙄 Ja.... waar is die dae?
- Toortsie: Drink maar'n Panamorpilletjie!
- Toortsie: Amper het ek nou 'n GROOT fout gemaak toe ek die bloginskrywing by Toortsie se Facebookblad wou gaan opsit en sit dit so ampertjies by ons kerk se blad op! 🙄
- Kameel: Ag vaderland Toorts.... jy sal dat die predikant flouval en jy uit die kerk geskors word!!! Jy laat my lag.

Woordnoot: Ek volg julle storie met groot belangstelling....dalkies kan dit n vervolgverhaal in n radioprogram word??

- Abrie Joubert: Die res van ons wat nog moet skryf se senuwees val heeltemal uitmekaar om hierdie standaard vol te hou 😊

- Kameel: Jy gaan jou uitstekend van jou taak kwyt Abrie dit weet ek sommer. Hier sit ek sowaar klaar met 'n glimlag net om te dink waarmee jy weer voor die dag gaan kom.
- Abrie Joubert: Ek dink ek moet vir my ook 'n alter ego kry!!
- Kameel: Wat van 'n polisieman met 'n Latynse voorkoms?
- Abrie Joubert: 😊 😊 😊
- Lekkervurig: Abrie – wat bloos jy nou, jy het mos nou vir Kameel genooi....hehe!
- Toortsie: Oppas vir Alter Ego's! Hulle maak net soos hulle wil en steek jou soms in die skande.
- Kameel: Dis nes Toortsie daar sê Abrie.
- Toortsie: Ek sal baie versigtig wees om hulle aan te beveel!
- Perdebytjie: Jy kan dit weer sê, Abrie! Die probleem is dat mens nie solank vooruit kan dink nie, want jy moet eers wag vir die ander skrywers se stories en joune moet daarby aansluit. Ek geniet dit nogtans baie.
- Abrie Joubert: In for a penny in for an English pound
- Kameel: Dankie vir die saamlees. Sal ek nou myself gate uit geniet as iemand ons storie ernstig opneem, en iets meer daarvan maak.
- Toortsie: Jy kan altyd sê as jy ook 'n skryfbeurt wil hê. Ek is seker Hester sal vir jou ook 'n werkjie kan uitdink.

Tannie Frannie: Aijaijai, Camilla – die nooi in rooi!

- Kameel: Ek kan haar nie betuel nie Frannie. Sy laat my met my hande in my hare sit!!
- Tannie Frannie: Ag neewat, moenie bekommer nie – sy's eintlik baie oulik, daardie alter ego van jou 😊
- Toortsie: Sy ruk net so hand-uit soos Ursula. Ek vertrou darem dat ou Ursula nog nie by daardie moves is nie, want dán gaan ek nie weet wat om te maak met haar nie!
- Kameel: Ag Toorts lag ek nou vir jou. Hou haar net weg van Camilla af.... 'n rukkjie in Camilla se geselskap en jy gaan Ursula nie ken nie.

Lekkervurig: Nie verniet geskrywe “Hier kom 'n ding” nie! Hahaha

- Toortsie: Ag dankie tog! Hier red Camilla nou die hele situasie!
- Kameel: Jy kan maar jou rooi kopdoek regtrek Toorts.... dinge lyk goed daar by Toweropstal!!!

Rondomtaliedraai: Ai ek lees te lekker. Jong Scrapy het mos getrek Ek weet nie of haar rekenaar al bruikbaar is nie. Ek sal haar egter WhatsApp dat sy moet kom lees.

- Kameel: Dankie Tina. Sy het gelees.... nou wag ons vir haar spookstorie 😊
- Rondomtaliedraai: Dankie ...

Abrie Joubert: Ek moet julle net waarsku ons is in Maart, die maand waarin Julius Caesar gesterf het: Beware the ides of March!! Sien my nuutse post^{iv}

- Kameel: Net om seker te maak Abrie.... jy is nie 'n soothsayer nie nê???

- Abrie Joubert: Net so min as wat ek 'n toordokter is. Humor Kameel humor (of minstens poging tot) Ek is bereid om aangekla worrd deur Generaal Gigaba en sy trawante dat ek 'n humor-stoker is of in die alternatief poging tot humor
- Kameel: Jy gaan lank tjoekie toe as die aanklag humor is.... want jy gaan definitief skuldig bevind word. Troos jou daaraan die towerinne sal jou kom besoek.
- Abrie Joubert: Kameel ek hoop nie ek skok jou nou nie, maar Herman Charles Bosman het baie humoristiese goed geskryf terwyl hy in die tronk was.
- Kameel: Dink net waarmee jy voor die dag gaan kom as jy soveel tyd op jou hande het. Miskien oortref jy Twain en Bosman nog!!! Ek sal al jou boeke lees.... en weer lees... en weer lees soos ek met Mark Twain doen. Nou moet ons net vir jou 'n skuilnaam kry.... jy het my nou skoon op loop.
- Abrie Joubert: Dan is dit finaal. Ek bedank vandag en begin skryf 😊 😊
- Kameel: So 'n mond moet jam kry!!! Dink net as jou werk voorgeskrewe boeke word, en ons nageslagte nog jou boeke lees. Wil nog byvoeg dan kan ek sê ek het hom persoonlik geken.... toe onthou ek ons het nog nie eers ontmoet nie. 😊😊😊 Blogland is voorwaar 'n wêreld op sy eie.

Sonell: Genade Kameel! Hierdie het ek nou baie geniet. Welgedaan! Dankie vir my en Woestynkind se Ninja moves. 🙏

- Kameel: Dit was iets om te aanskou daar van bo die tafel af Sonell. Dit was 'n karate hou hier, 'n side kick daar, dan 'n front kick.... om nie eers te praat van die groin kicks nie. Woestynkind het sommer 'n halstarrige polisieman by die ore gegryp... sy kop afgebring en hom lights out geslaan teen haar knie. Jou bollemakiesies het my oë laat rek. Een oomblik is jy hier.... dan weer daar. Dit was 'n show op sy eie. Ek was so dankbaar dat die Latynse amptenaar nie deurgeloop het nie.
- Sonell: Ek het by Mister Miagi geleer. Wax on. Wax off.
- Kameel: Ek kon dit dink!!! Jy het by 'n goeie leermeester geleer.... ek is gaande oor hom.
- Sonell: Hy is die beste!

HOOFSTUK 3

Die polisie en die spoke



deur [Scrapydo2](#)

Aha, nou kan ek my plan in aksie bring noudat die klomp manne ontwapen is. Dit was so maklik, soos val uit n boom, om hul te ontwapen met die spesiale drankies en eetgoed wat aangebied is net as troos.

Ek, wat Scrapy is, het weer blitsig SA toe gekom omdat my vrinne voortvlugtig gaan wees na dese. Ek is reeds onwettig hier, my kaarte moet nou koel en kalm reg gespeel word. Gelukkig kon ek Porkie, my mak Morepork [uil] saambring. Hy gaan my waarsku as die spoke reg is om te verskyn. Dis donker buite 'n spookagtige atmosfeer heers.

Ha, daar roep my ou Porkie [Video van 'n Moreportk Uil]'

“Sersant Gigaba, ek wil jou gou gaan wys wat ons ontdek het in die ou murasie se kelder. Jy sal my nie glo nie! Ek dink jy moet twee van jou beste luitenant saambring.”

Gigaba redeneer met sy manne in Xhosa. Ek vang net hier en daar n woordjie van: belangrik, gevind, gaan kyk.

Gigabe: “Dame jy moet nie ons tyd staan en mors nie. Ons moet aan die bure gaan rapporteer dat julle sal ophou om die koeie deurmekaar te maak met julle musiek.”

Ek gryp n flits, in die donker gaan ek beslis nie in die kelder in nie. Ons vier stap na die bouvalle. My ou Porkie “morepork” somer hier langs ons in die bome. Ek sien net die wit van die drie polisiemanne se oë. Ek ruik hul sweet, hul voel glad nie op hul gemak nie.

Suutjies gaan ons die kelder in. Ek skyn die flitslig op die gat waar ons die journal gekry het. Die drie skuifel voetjie vir voetjie nader om in die gat te kyk. My nekhare rys en ek weet die poppe gaan nou dans! Julle weet mos hoe ek geeste kan aanvoel. Hul moet somer hier naby ons wees.

Ek skakel skielik die flits af. Agter die drie manne verskyn Oupa-groot Piet Joubert en Oom Paul Kruger met hul pype, en koppies koffie. Hul sit somer so gemaklik in die lug. Hul grinnik van pure plesier om die verskrikte gesigte te sien.

Oupa-groot Piet maak sy keel skoon: “Ghumpf.”

Gigaba en sy twee manne val op hul knieë neer, gesigte in die stof.

“Asseblef my groot Bwana, Jo jo, ons soek nie moeilikheid nie! Sorry, sorry!”

Nou is dit oom Paul se beurt om keel skoon te maak.

Hy begin met n dralende stem te praat:

“Julle oortree hier in die kelder. Jul sal gestraf word. Hoekom pla julle die dames wat hier so lekker musiek maak? Wat hoor ons van koeie wat ophou melk gee? Ek en Piet sal bietjie die koeie se galle gaan werk as julle dit verkies.”

Dis net n ge”-jo-jo, sorry-sorry” aanmekaar.

Oupa-groot Piet sê: “Julle maaivoedies, julle beter maak dat julle wegkom en bewaar julle siele as een gaan praat of rapporteer wat julle hier gesien het. Ons sal jul kom haal!”

Oom Paul beaam alles:”Julle moet die dames en hul leier begelei na waarheen hulle ookal wil gaan. Verstaan?”

Ek skakel die flits aan. Die ligstraal klief deur die donker en die twee ooms verdwyn al swewende die tunnel in. Die drie manne hol, al gillende, soos n gesmeerde bliksemstraal uit die kelder.

Poewie, wat n geur hang hier in die lug. Ek hoop hul het skoon klere in hul vangwa. Geen mens kan dit hou met die geur nie. Porkie kom aangevlieg, en kom sit op my skouer. Toe ek by die groep dansende manne en ons voortvlugtiges kom wil die ander polisiemanne sommer die pad vat toe hul die uil op my skouer sien sit.

Nou sal Toortsie moet inspring met haar hoofstuk. Ek hoop daar is medisyne vir daardie mage. Toortsie die ouens het nou baie simpatie nodig sodat hul soos klei in ons hande kan wees.

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Perdebyttjie: Die spoke doen hul ding...oulik geskryf, Ineke!

- scrapydo2: Ja jong as jy met ouens wat met die helm gebore is te doen kry raak jy heel gekonfyt met sekere elemente.

Kameel: Ek is baie bly dit was jou taak Scrapy. Jy was voorwaar dapper om daardie kelder binne te gaan.

Ek sien daardie manne in die stof 🤩🤩🤩🤩

- scrapydo2: Was maar grillerig. Sulke koue rillings het langs my ruggraat afgeloop. Ek sal nie daardie wit oë vergeet wat heeltyd wil omdop van vrees.
- Kameel: Ek sien dit ook.... lag lekker...alhoewel ek dink my oë sou ook omgedop het.
- scrapydo2: My bene was skoon lam. Ek moes op my hurke gaan sit (kon eintlik nie my lag hou nie vir die hele petalje nie) anders het ek omgeval.
- Kameel: Klink darem vir my asof die twee omies heel gaaf is. Dink hulle het die petalje net so geniet.
- scrapydo2: Hul bly maar regte knorpotte. Ek moes baie mooi vir hul verduidelik hoekom ek die polisiemanne wou bring. Oom Piet was net bang hul gaan agterkom dat daar nog goud is wat gekry moet word. Die joernaal is baie belangrik.
- Kameel: Op hierdie stadium is my kop al so deurmekaar dat ek nie meer weet wat van die joernaal geword het nie. Ben het mos boeke in ‘n ou kis gesien en toe hy daardeur begin blaai het, het die ou oom verskyn en na die boeke gewys. Ben het net die boeke daar neergegooi en gehol.

Lekkervurig: “More pork” sê Porkie – dis toe hy wat my ontmoeting met Piet Joubert aanskou het...so karnallie. Hoop Gigaba luister mooi vir Oom Paul. Hehe... Scrapy, jy en jou spoke maak ons pad gelyk.

- scrapydo2: Eks baie lief vir ou Porkie, moes sy maatjie tuis los want daar was nie nog plek in die vuurpyl nie. Ek hoop net dat die ander polisiemanne na Sersant Gigaba gaan luister as daar probleme kom met die ontsnapping. Sal maar n ekstra afspraak met oom Paul en oupa-groot Piet moet maak vir ingeval ons hul nodig kry langs die pad.
- HesterLeyNel: Ek het gewonder oor die baie uile daar by Toweropstal. Lekkervurig, hier is ‘n vraag wat Kameel gevra het – wat het van die spook se joernaal geword? Het jy dit in die kisse in die kelder gelos of het jy dit iewers anders gaan bêre soos wat die oom aanbeveel het?

- scapydo2: Vra ek ook?
- lekkervurig: Nee vra vir Scapy en Kameel self oor die joernaal. Ek kon julle mos nie betyds waarsku nie, die polietste het vir ons mos onverhoeds betrep. Kameel en Ben en Scapy moet weet waar.....

Toortsie: Ek is reg vir jououou! 😊 Sjoel! Julle stel die standaard hoog!

- scapydo2: Nee wat go with the flow. Maak sommer jou eie storie op soos dit in jou kop kom. Dis die lekker van die storie.

Travel460: Mmmm. Hierdie petalje sou ek bitter graag self wou gade slaan...so reg agter jou rug, Scapy. Want vir 'n spook is ek maar bang.

- Kameel: Ek sou ook graag die spulletjie wou aanskou.... maar van 'n baie veilige distansie af.
- travel460: Dink jy ons tweetjies sou 'n woord kon uiter en die twee antieke omies 'n vragie kon vra, Kameel. Of sou die harde bang-klop van ons harte alle woorde versmoor?
- Kameel: Daar is nie 'n manier waarop ek naby daardie twee omies sou kom nie. Ek sou net graag wou sien hoe sit hulle in die lug, rook hulle pype en drink koffie. Dan praat ek nie eers van die polieste met hulle gesigte in die stof nie. Voel amper jammer vir die manne.
- scapydo2: Ha ha dit kom met die "job".
- Kameel: Ja sug.... wat 'n mens nie alles sal doen vir 'n pond of twee nie.
- scapydo2: Ja, mens kan nie met spoke speel nie. As jy te naby hulle kom kan jy dalk n brandmerk kry.
- Kameel: Dit het ek as kleindogtertjie by my oupa hulle ook gehoor.... daarom wil ek baie vêr wegstaan van die spulletjie af.
- scapydo2: Toemaar ek was ook maar heel skrikkerig. Wou nie aan die twee ou omies se verkeerde kant wees nie. Jy weet hul is baie polities van aard. Gelukkig het die polisiemanne baie onderdanig opgetree.

HesterLeyNel: Dit was prettig, Ineke, ek lag nog aanmekaar. Moreporkie het net die regte atmosfeer daargestel. Daai spoke is stoute ou boggers. Haai ek hoop tog die arme polisiemanne se senuwees kan gekalmeer word; ons wil hulle darem nie regtig sleg behandel nie.

- Toortsie: Dit lyk my die regte doepa is in die kombuis ...
- scapydo2: Dis hy. En wie kan die beste iets optower uit die kombuis? Net een en dis Toortsie!
- scapydo2: Ek weet ja, dis hoekom ek net drie saamgevat het. Hul het baie mooi vir die ander verduidelik dat hul maar na Abrie moet luister en help waar hul kan. Net jammer hul gebied waarin hul werk is so beperk. Weet nie wat van die volgende gebied gaan word waardeur ons moet beweeg nie. Hoe voel jou lyf nou? Wanneer word jy ontslaan?
- HesterLeyNel: Ek dink so teen die naweek. Pablo het gevra dat ek by hulle aan huis kom kuier vir 'n rukkie, sodat hulle 'n ogie oor my kan hou 😊
- Kameel: Ek hoor jou Hester....gaan bietjie by Pablo aan huis bly. Wonder of jou lyfwag ook toegang sal verkry? Ag hoe dink ek nou... as jy in moeilikheid kom is sersant Gigaba mos daar om te help!!!
- HesterLeyNel: Ek het mos gesê die nefie is nou op Pablo se payroll. Spesiaal aangestel omdat ek bang was Una gaan my mur as ek nie goed na hom kyk nie.

- Kameel: O ja.... kry ek 'n blonde oomblik so vroeg in die oggend. Hester weet jy waar die joernaal is? Ek het wraggies tred verloor en probeer my bes om alles in plek te sit. Dis weer my "elke ding het sy plek" wat vanoggend springlewendig opgestaan het. Ai 😊
- HesterLeyNel: Dit was in die kisse in 'n gat onder in die kelder, maar toe Lekkervurig die spoke teëgekom het, het die van die ooms vir haar gesê sy moet die joernaal bêre. Nou weet ek nie of sy dit iewers anders ingedruk het nie. Ek sal haar vra.
- Kameel: Dankie Hester...Jy hou goed kop!!!
- scrapydo2: Ja, ek wonder ook wat daarvan geword het. Daar is belangrike inligting in. Wil nie sommer weer vir oupa-groot Piet laat uitkom nie. Netnou vererg hy hom vir ons as ons hom so pla.
- Kameel: Jy het in die gat afgeloer waarin die kisse was. So wie was in daardie kelder en het die kisse gevat. My speurinstink is hard aan die werk vanoggend.

rondomtaliedraai: Hehehehe you go girl! Terwyl jy in SA is moet jy darem kom kuier nê!

- scrapydo2: Jong op oomblik is ek en my vriendinne op geleende tyd hier by die ou huis en parkhome. Jy bly bietjie ver uit die pad uit, mits jy kontak het met regering dat ons n draai daar kan kom maak.
- rondomtaliedraai: I wish!
- Toortsie: Dalk moet jy kom kuier by Toweropstal terwyl Scrapy hier is. Ons het jou hulp nodig!
- Abrie Joubert: Ja Tina as jy nie kom help nie gaan ons niks by jou koop nie en dan gaan jy jou Sondagkopies moet likwideer. Ek weet dat afpersing nie noodwendig 'n edele kwaliteit is nie maar dan ek is mos 'n skelm.
- scrapydo2: Ja, sê haar bietjie. Sy kan gerus n bietjie help met ons penarie.
- rondomtaliedraai: Ghummpffff... hier dog ek sy wil haar sus sien maar sy stel net belang in my regeringskontakte! Kan jy nou glo 'n Sus maak nou so!!!! 😊

HOOFSTUK 4

Tiramisjoe



deur [Toortsie](#)

Ai jai jai, dat 'n poedinkie nou soveel moeilikheid kon veroorsaak!

Die polisie het hulle mos hier by Toweropstal kom staan en hardekwas hou, ondankbaar as jy my vra, as jy dink aan die lekker polisiepaartie wat ons gehou het. Toe raak dit my taak om hulle te paai, ék van alle mense! En wat julle nie besef nie, is dat as ek my vererg het vir iemand, het ek my vererg! Terloops, weet enige iemand dalk wat van Plasie alias Storieklong alias die man met die hoed geword het?

Maar julle moet julle nie misgis met Lekkervurig se oorredingsvermoë, Kameel se paai en Una se mooipraterie nie. Die polisie het nie geweet wát hul getref het met dié dat Camilla aan die dans geraak het nie en Scrapy se spoke daarmee saam! Ek wens julle kon hulle gesigte sien toe hulle uit daardie kelder kom! Dít sal hulle leer!

Ekmyself het rustige musiek gespeel en ek en die koeie van die melkplaas het bedaar. Met 'n spinasietert onder die arm het ek en Perdebytjie en Wegkruipertjie gou 'n bietjie gaan ondersoek instel daar by die melkplaas en sommer die bure ontmoet ook. Alles lyk onder beheer en ek dink hul moet maar 'n bietjie na hulle voermengsels kyk, die probleem lê daar, glad nie by ons musiek nie! Ons het sommer toe daar 'n bietjie room gebedel vir eie gebruik.

Só kerm die bloggers al vir dae vir iets met skop. Die spinasietert is nou afgesaag, daar moet iets nuuts kom.

Al waaraan ek kan dink, is Tiramisu en het vir Abrie gevra om roomkaas en Frangelico van die dorp af te bring.

Frangelico! Abrie het verkeerd verstaan! Ek het 'n kleine botteltjie gevra, maar hy kom toe hier aan met bottelsvol! Mans! 😞

Wel, álmal het kom help in die kombuis, álmal het help klits, polisie inkluis, en in die proses totaal omgeklits geraak en dit van spookskok en sopies Frangelico! Red nou 'n nasie!

So, wat was dit nou weer wat ek moes maak? Tiramishu? Tiragelico? Tihraamihoe? Tiramishoeshoeshoe ...

ShoeNellLe moet nou mar verder versjel, ek ishie im shaatie.

Shoorsjie

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Lekkervurig: Jishlaaik Shoorsjie, daar is twee van almal. Whoohoo!

- HesterLeyNel: Het jy ons vraag omtrent die joernaal daar op Scrapy se blog gelees? Antwoord sommer hier sodat ons almal op datum kan kom.
- Lekkervurig: Nee vra vir Scrapy en Kameel self oor die joernaal. Ek kon julle mos nie betyds waarsku nie, die polietste het vir ons mos onverhoeds betrep. Kameel en Ben en Scrapy moet weet waar.....
- Kameel: Dis hoekom ek wil weet waar die joernaal nou is. Volgens Ben het hy so groot geskrik dat hy die boeke wat hy in die ou kis gekry het net so laat val, en spore gemaak het. Die twee ou ooms het van 'n kissie in 'n gat gepraat wat almal misgekyk het. Met my dronkkop (nee ek praat nog heel normaal... dit het niks met Toorts se hoesenaamsedinges uit te waai nie) sukkel ek om die oortjie by die klou te bring.
- Lekkervurig: Wie is volgende aan die beurt – hulle moet daai kissie kry anners gaan ons nooit by daai Ingelse ponde uitkom nie. Iemand moet teruglees en ons geheues verfris – ek kaggel en kunsmis te vreeslik baie hier in Poloniekwane vandag... groetnis
- Kameel: Jy kaggel en kunsmis jou nou lekker uit die verknorsing uit!!!
- Lekkervurig: Camilla Kameel, ek moet, die Rots is tot 7 Mei stywenekkie... nee man, julle moet vir Sonell daai spookgang laat af, daai joernaal is daar... en die geheim na die Ingelse ponde toe. Sonell, Sonell, kom in!
- Kameel: Ag lekkervurig ek hoop jou stywenekkie is hanteerbaar. 'n Man is mos 'n man totdat pyn hulle in klein seuntjies verander. Ek is nou heel tevrede dat ek die draad van die verhaal weer opgetel het. Nou kan Sonell haar ding doen, en ek ontspan. Miskien moet ek nou ook maar 'n slukkie van daardie edele monnikdrankie drink.
- Toortsie: Jy sal nie spyt wees nie en Abrie het genoeg gekoop.
- Lekkervurig: Man, die stywenekkie is nou al weer amper homself, want die stut is nou 'n spons ene. Maar ja, karnnallie stout en ongeduldig. Dankie tog vir hierdie Toweropstal pret. Ek laaik Abrie se Frangelliekoseer... lekkerte wat Toorts vir ons bewimpel het. Ek sien Sonell is hier rond.
- Toortsie: As dit ook nie vir Abrie was nie, sou my ou poedinkie maar saai gewees het!
- Kameel: Ja, Sonell is nugter en gereed om daardie gat aan te durf. Baie nuuskierig om te sien waarmee kom sy terug.
- Toortsie: Kameel, terwyl jy dan nou die enigste ander nugter persoon hier rond is, moet jy asb vir Sonell bystaan.
- Kameel: Daar is nie 'n manier waarop jy my by daardie skoorsteen afkry die kelders in waar daar spoke rondloop nie.
- Toortsie: Waaaarrrr is sy? Ek het haar getag en sy bly doodstil! Sy wil haar seker nie met ons klomp dronkies assosieer nie.
- Toortsie: Sal ons jou nou glo oor jou dronkkop!
- Kameel: Ek praat nog mooi duidelik nie? Geen tonggeslepery nie..... maar, slinger die slinger ek, en dit nie van jou roomtert met bottels vol hoesenaamsedinges in nie.
- Toortsie: 🙄

HesterLeyNel: Ek is geskok! Het die polisie geweet watse bestanddele in daardie Timahoesegoed geplaas is? Het die Frangelico ekstra kruietjies bygekry? – ek let op dat jy nie die resep hier bekend gemaak het

nie. Ook maar bang, nè? Goed gerapporteer Toortsie, al het jou spraakvermoë jou hier op die einde in die die steek gelaat, haha.

- Toortsie: Die resep wag vir die Bootcamp, wat eers volgende week is. Dis te sê as ons kan staande bly tot dan.
- scrapydo2: Ek sien ok nou gesjigte met al die geklitsjery. Wasit Shoorsjie, dit sjmaak te heerlik. Jy sjal die resjep moet deel met onsh. Oooooo, liewe ek sjoek nie 'n lêplekkie!
- Kameel: Nie jy ook nie scrapy!!! Hester jy sal moet terugkom.... die klomp haak alweer uit. Liewe Moses waar ek kyk lê, of slinger daar mense rond.
- Kameel: Liewe land Toorts die kok moet sekerlik so nou en dan proe... maar nie so dat hy die kluts of is dit nou klits kwytraak nie!!! Ek sien almal aan die klits in die kombuis... en die prentjie verskaf my myle se plesier. Gaan lê jy nou maar met 'n nat lappie op die voorkop... en weet net môre staan jy met 'n hengse hoofpyn op.
- Toortsie: Nee, ek is nou so opgecharge, lê met 'n nat lappie is nie nou 'n opsie nie! Nou gaan ons dans!
- travel460: Yes!! Ek is 'reeds hier agter om die hoek met die paadjie af verby die hoenners en skuins duskant die bure met hul stupid koeie wat sê dis als ons skuld' ...hyg...hyg...hyg...aan die dans...bring die nat lappie saam Toortsie my asem raak kort met die dat my kommas en punte weggeraak het so tydens een van my klits sessies... ek meen beurte om te klits...
- Toortsie: Klink my eerder ek moet 'n opkikkertjie bring!
- Abrie Joubert: Ek het nie verkeerd verstaan nie Toortsie. Ek het besluit dat jy die spanningsvlakke van ons hier by Toweropstal onderskat en het dienooreenkomstig die nodige medisyne voorsien. Poeding is sleg vir 'n mens tensy dit gefranjelliekoseer* word. *Frangelliekoseer aldus die Woordeboek van die Afrikaanse taal beteken: "Die proses om iets wat die liggaam kan benadeel te verhef tot 'n edele samestelling." Hierdie werkwoord is afkomstig van die naam van die monnik wat daarin geslaah het om hierdie proses te verfyn en dit is dan ook waarom die bottel edel soos die monnik lyk: [Prentjie van die Frangelico-bottel]^{vi}
- Toortsie: Hoe verlig is ek nou oor jou insig! Dankie tog!
- Lekkervurig: Frangelliekoseer... lekker
- Toortsie: Ek hou daarvan. 😊
- Perdebytjie: Abrie leer ons altyd iets nuuts van sekere onheilighede!
- Toortsie: Goeie taalonderwyser!
- HesterLeyNel: Heilige poedingsous. Moet ek so 'n paar kruie hier van Colombia af ook aanstuur?
- Toortsie: Being sommer saam! Ons mis jou hier.
- HesterLeyNel: Ek is nog nie heeltemal op die been nie; ek is bang julle voer my van daai poeding en dan sloog ek neer en breek nog my arms en bene ook.
- Toortsie: Dit gee jou so 'n lekker warm gevoel, maar slegs as jy dit met 'n ekstra sopie van Tannie Frannie se seun se brousel neem.
- Abrie Joubert: Hester moet nou nie die sous onheilig maak nie
- HesterLeyNel: Toortsie sê ek moet saambring, jy sê ek moet los!
- Toortsie: Daar is altyd nuwe moontlikhede.
- Abrie Joubert: Dis Stoorsjie reed te veel vsn die huidige sous infekry het
- Toortsie: Klink my Abrie het ook bietjie te veel ingekry.

- Abrie Joubert: Dis omdat Sjtorsjie reeds te veel van die huidige sous ingekry het
- HesterLeyNel: Haha, dit lyk asof jy nou eers google moes vra om jou dronktaal te vertaal in Afrikaans 😊
- Toortsie: 😊

Tannie Frannie: Bwahahahahaaaaaa....Drink net baie water voor julle gaan slaap, dit help vir daai hoofpyn die volgende dag!

- Toortsie: Maar as ons nou water gaan drink, is ons weer dronk van voor af!

Travel460: 'n Kissie... iewers het ek lank, lank gelede oor een gestruikel, een nag oppad bed toe toe die pad baie verder as normaalweg gevoel het. Daai, kissie, die struikel een, is te koop in my Bali negosie-stalletjie hier agter langs die container. Sekerlik nie die een waarna almal soek nie??? Hy is beskikbaar teen 'n bargain prys, maar ek het nie vir hom 'n sleutel nie. Ag wat, hier kom Toortsie, ons dans gou bietjie verder.

- Toortsie: Ja man, los die kissie, ons dans eerder.
- travel460: Og, maar eintlik is daar klaar 'n koper vir hierdie spesifieke kissie. So 'n omie wat verbygekom het en vreeslik aan hom geskud het. Ek vra toe kwaai wat hy soek, toe loop hy net. Dêrn ongeskik gewees, dis al wat ek weet. Maar ek sien hy wandel steeds diékant rond.
- Toortsie: Laat hy baie betaal!
- Toortsie: Ek onthou nou, daar was ook 'n vreemde kissie in die kombuis met 'n spul simpel papiere in. Ek het die papiere weggegooi en bêre nou die rooibosteessakkies daarin. Klink my hier is meer as een vreemde kissie hier rond.
- travel460: Sjou Toortsie, en intussen soek Kameel en Lekkervurig vreeslik na 'n kissie wat die twee ou oom spoke glo van gepraat het. En 'n joernaal... As ons netnou moeg gedans is, kom ons gaan haal jou teesakkie kissie en soek vir 'n geheime laaitjie of iets. Soos in die moewies. My kis staan hoog en droog op 'n rak, toegesluit. Wel, ek hoop hy staan steeds daar. Die papiere, dalk moet ons sommer in die asgat gaan loer net om seker te maak dit was nie instruksies en kaarte nie. Toorts, gooi nog so 'n knertsie daar, asseblief. Hierdie sappies is al te goed vir die bloedsomloop...
- Toortsie: En ons het nou juis bloedsomloop nodig as ons in die asgate moet loop soek!
- travel460: 😊😊😊!

Perdebyttjie: Toortsie het altyd die magtigste wapen in haar hande....eet en drinkgoed! Daarmee verkry sy keer op keer beheer oor hierdie skare polieste en kroeks. Haar enigste fout is dat sy te betrokke raak en ook in die kos- en drankslagvat val! Trek reg jou kopdoek. Dis nou die tyd om nugter te bly, Toorts!

- Toortsie: Nugter? Kan mens dit eet?
- Perdebyttjie: Ons is beslis besig om jou te verloor!
- Toortsie: Dít was nog nooit moontlik nie!
- Toortsie: Nee man! Dit was nog nooit MOEILIK nie!

Perdebyttjie: Wie is volgende aan die beurt?

- Toortsie: Ek het mos gesê: ShoeNelle. Ek het haar getag ook.
- Perdebyttjie: Oe sjaaa, nou sjien ekke!

- Kameel: Nou sit ek alweer met my hande in my hare!!! Perdebyttjie ek soek iemand wat nugter saam my kan dink en uitvind waar is die joernaal. Met julle klomp kan 'n mens niks uitrig nie... ewe skielik lê die wêreld vol kissies... en as Una dit nie wil verkoop nie, skeur Toorts die papiere op en bêre haar rooibostee daarin. Ek kan nou doen met 'n koppie rooibostee.... wonder waar Toorts die kissie gesit het?
- Perdebyttjie: Waai kissjie?
- Toortsie: Iewers in die kombuis was dit laas, maar met so baie hande wat gehelp het, kan dit orals wees. Vir al wat jy weet is dit dieselfde kissie as wat nou by Una staan. Ek sal ook nie weet nie, nie een vir detail nie, jy weet!
- Kameel: Toorts ek het so agtergekom.... en hier sit ek wat tot in die kleinste detail alles wil doen en julle eet of is dit nou drink net fran..... something.
- Toortsie: Aandagafleibaar.
- Kameel: Ai wonder wat is die ergste. Alles in die fynste detail, en alles op sy plek of aandagafleibaarheid.
- Toortsie: Ek dink, die kombinasie!
- Abrie Joubert: Klink my daai by weet nie meer waar haar angel sit nie...
- Perdebyttjie: Hoe praat jy dan nou Ingels, Abrie? My "angel" hang bokant my kop en hou gevaar weg. Lyk my die Franwatsenaam het jou ook aangetas.
- Abrie Joubert: Nooit gesien nie met my haarstyl lyk ek dan nou juis soos 'n monnik

Abrie Joubert: Scrapydo ek wou nog 'n opmerking op jou hoofstuk maak, maar soos ons almal weet is Shoorsjie 'n vrou van spoed (wat ook verklaar waar die medisyne so vinnig heen verdwyn het!) Ons is geëerd om om 'n uil uit Nieu Zeeland te hê om ons by te staan in ons benoudheid. Onthou asseblief om hom terug te neem en nie los te laat in Suid Afrika nie. Netnou teel hy aan soos die Australiese Wattle spesies (or Per Jacksons soos my my gesê het). Daar is a klaar 2 van van die uil – sien eerste opmerking van Lekkervurig en Shoorsjie se Tiramishoeshoeshoehoe hoo hoo of is dit 4? Wat die medisyne aanbetref (ek wil nou nie uitpraat nie) maar daar is iemand wat na 'n rukkie die sopies medisyne as soppies en daarna as sop as voorgereg gevolg deur baie sop as hoofgereg geniet het... Alhoewel ek nou nie so oorboord gegaan het nie is my derms nou self ontknoop: monnik Abraham

- Perdebyttjie: Mersyne, Abrie, mersjyne...hik..hik!
- Perdebyttjie: Ek gaan 'n sjaapie vang..hik..hik..
- Toortsie: Ek dink dis wat ons almal moet doen: 'n slapie vang, dan soek ons môre die kissie en die papiere.

travel460: Hierdie is dalk my enkele nugter oomblik vir die dag. Toorts, ek dink nie ons kissies is DIE KIS nie. Daai een is nog saam met die boeke in die kelder. Scrapy het iets gesê van die twee spoke wat in die tunnel af verdwyn het en die polisiemanne het ook gesien waar hulle ingegaan het. Die boeke en kis lê daar rond. Ek is nie goed met asgate nie. Kyk te veel stories, en daar is altyd 'n lyk betrokke. Opgesny in stukke. In die asgate. Vergeet van die papiere, ons drink liever net tee en los alle lyke in alle gate!

- Toortsie: As jy so sê, ek wou maar net help. Netnou sê hulle ek het die kissie en papiere gehad en ek sê niks.

- Kameel: Nou goed.... ek het bietjie gaan teruglees en dit is soos ek dit verstaan. In die droeë kelder is daar 'n kis waarin Ben boeke gekry het.... maar hy het dit net daar neergegooi en gevlug toe hy die omie sien wat na die boeke wys. Scrapy het gehoor hoe die twee ooms gesels oor die kissie net bokant die watervlak in die kelder met water... en binne dië kissie is daar 'n leidraad na die regte tunnel waarin die joernaal weggesteek is. In dië joernaal staan geskrywe waar die ponde is. Ek hoop werklik hierdie keer is ons suksesvol en vind die ponde!!!
- travel460: Dankie Kameel. Ek hol gou om my kissie te gaan smous... 😊
- Kameel: Die oom wat jou kissie so geskud het is mos daar in die omtrek rond sê jy... hy sal jou 'n goeie prys daarvoor gee. Moet nou net nie in jou haas val nie.... jy weet jy is nie op die oomblik te vas op jou voete nie. Skoon jou kommas en punte vergeet (Love it)
- travel460: 😊 Ek loop tel net eers my leestekens op, dan gaan smous ek verder. Tog te dankbaar dat ek en Toortsie nie in die moeilikheid is met ons kissies nie.
- Kameel: As jy nie amper vir wegkruipertjie in die kelder verdrink het nie.... kon julle miskien lankal die kissie gevind het, en ons skatryk gemaak het. Ek praat natuurlik van die regte kissie.... nie dië wat ewe skielik die wêreld vol lê nie. Wonder of dit nie daardie ou spookomies is wat met ons die spot dryf nie?
- Travel460: Oe, die verwyte!!! Ek het my geskiedenis bietjie gaan opknap, sommer so op google. Nou is ek gereed vir die spookomies. Was net bang hulle vra my vas.
- Toortsie: Ai man, ek sou vannag weer niks geslaap het nie!
- Toortsie: Mens val nie sommer van Frangelico nie. Nou wonder ek skielik: wie is na wie vernoem? Tannie Frannie en Frangelico?
- Abrie Joubert: 😊
- Tannie Frannie: Oeps, my geheim is uit!
- Toortsie: So, jy dink nie dis die papiere wat ek weggegooi het nie?
- Kameel: Nee Toorts.... of laat ek eerder sê ek hoop nie so nie. Anders sal jy maar daar in die ashoop moet loop soek. Lekker lag ek nou vir die prentjie!!!
- Toortsie: Ek kry solank my voorskoot dan word my klere nie vuil nie.
- travel460: En ek gaan jou nie help nie. As jy my soek, ek sit onder die tafel saam met Seegogga...
- Abrie Joubert: Drink nog mersyne dit maak jou braaf – jy moet frangelliekoseer word
- travel460: Abrie, jy ook! Ek het nounet met Sonell geraas oor haar groot woorde! Moes dit verwag het, sê mos altyd jy is soms heeltemal te slim vir my!
- Abrie Joubert: Ek dink is is gefranjelliekoseer want as jy boontoe lees sal jy agterkom dit is my woord wat sy aangehaal het wat ek op my beurt uit die Woordeboek van Afrikaanse Taal aangehaal het.
- Travel460: Ek weet dit, Abrie. Trek net jou been. 😊
- Abrie Joubert: Maat soos Toorts sê die woord is eintlik afgelei van Frannie
- Toortsie: Tannie Frannie is die moeder van Frangelico.
- Abrie Joubert: Mak absoluut sin
- Tannie Frannie: 😊
- Travel460: 😊
- Abrie Joubert: Korreksie sy is Frangelico se ma

- Travel460: 🤔
- Tannie Frannie: Aggenee man, Abrie, “moeder” klink so mooi oordintlik...
- Abrie Joubert: Korreksie soos Toorts aangedui het is die ma van Frangelico, Moeder Frannie. Uit die aard van die saak, net logies as sulks is hy na haar vernoem. Maar die vernoeming is nie so ooglopend (of is die nou oorlopend) soos wat dit aanvanklik mag klink nie. Intendeel Frangelico en haar ander seun Vangelis (Chariots of Fire) is albei, na die ‘n sentrale kwaliteit van Moeder Frannie se menswees vernoem. Om hierdie rede kom die woord angel in albei se name voor (nee ons praat nie nou van Perdebytjie nie) Engelse angel – Moeder Engel in Afrikaans. Tannie Frannie hoe’s daai vir oordintlik...
- Toortsie: Ons het ‘n denker in ons midde! Die Engel van ‘n moeder! 🙏

Lekkervurig: Hik,...

Seegogga: Ek washie onnerie tafe toe val daai franghe ... dai goed hie op my. Ek het net betydsh onner Toortsie se voete uitgekrom voorie goed my kop sho sho bietjie whatever het . Ma daai kishie issie in daai gattie Ek wash daar. Julle moet bietjie verder shoek . Da onnerie klippe byrie siewe. Da nabyie towerhuish. .. lekker shlaap.....

- travel460: Lekker lag ek vir jou, Seegogga!
- Toortsie: Seegogga! Waar val jy uit?
- Seegogga: Ek hettie gevallie. Dis daai frangjel goed wat om my uitgeval het.
- Toortsie: Ja en toe het jy gegly. Ek weet, ek was daar in die kombuis.

Sonell: Terwyl julle Frangelliekoseer gaan ek gat af. Gesels wanneer ek terug is.

Toortsie: Ag dankie tog! Sonell het opgedaag! Sy sal ons red!

- Sonell: Ja jissie, julle almal val so rond dat ek uit my slapie wakker geword het wat nodig was na my ninja moves. GenAAAAde. Matigheid voor oë. Waar is julle fokus?
- Toortsie: Dankie tog! Jy sal nou vir ons fokus! 🙏
- Sonell: Fokus is al wat ek ken. 🙏
- Toortsie: Ai, hoe bly is ek nou! 😊
- Kameel: Kom tog net asseblief met goeie nuus terug. Sonell!!! Sterkte met daardie ooms.
- Sonell: Wie is bang vir spoke? Nie ek nie.
- travel460: Sonell, moenie nou vir jou slim hou met sulke groot woorde nie. Frangelliekoseer! Dis jou tokkelok-studies wat nou hier kom inmeng. Ek is ge-evangeliseer en ge-kerk en als. Het papiere! Ek het niks verder nodig nie, werklik...
- sonell: 😊😊😊
- Sonell: Wie het nog nie geskryf nie?
- Toortsie: Hester, help asb vir Sonell
- Sonell: Una het gebel en gehelp. Dankie baie! Amper sit ek die pot heeltemal mis 🙏
- Toortsie: Die Una is behoorlik op en warm.
- Sonell: On the ball hoor!

travel460: Wie is Fokus... Alweer iemand wat hier ronddwaal! Gaan jy nou in 'n gat afklim saam met Fokus! Nee, genade Sonell, het jou ma jou niks geleer nie! Mens loop nie saam met mense rond met vreemde name nie! Of is dit die oompie se naam wat my kisse wou koop? Toortsie, help. Ek vermoed ek het roomvergiftiging opgedoen. Dis daai klomp opstêrs koeie se skuld. Luister mos net net na klassieke musiek, en nou moet ek boet. 'n Lappie, 'n natte asseblief!

- Toortsie: Hier is baie vreemdes wat my ook ontstel. Wie is Ben?
- travel460: Ok, ek so so pas kliphard uitgebars van die lag vir jou!!!! 😊😊😊😊 Laat ek net eers bedaar... 😊😊 Ben is Kameel se man, Toorts. Inderdaad, jy het ook 'n lappie nodig!!! 😊😊
- Toortsie: Ek ken nie name nie. Lappies gaan nie hier werk nie!
- Kameel: Una ek gooi nou my hande in die lug met Toorts. Wie is Ben!!!! 😊😊😊😊😊😊
- Travel460: Kameel, die manier wat sy dit gestel het, ek lag steeds! Sy is skreeusnaaks vandag. 🙄
- Toortsie: Dis tannie Frannie, en haar seun, Frangelico, se skuld.
- Travel460: Nou lag ek weer. 😊
- Toortsie: Jy gaan maagpyn kry.
- Tannie Frannie: Tan. Fran. sit hardop en kekkel vd lag!
- Toortsie: Lekker uitgevang! Dis wat dit is. Nou sit sy en lag by haarself.
- Travel460: En ek lag nog steeds... 😊😊😊😊😊😊😊😊😊😊

Seegogga: Jille is lekker laf. We julle hoevoelit as daar amper 'n hele bottel frang..... daai frandinges op jou kop uitgeshtort word? Gan shoek nou daai kisse onnerie klippe byrie sie naby die towerhuis – voor iemand dit wegdra.

Rondomtaliedraai: Oepsie! Hier kom 'n ding!

Natasja Franzsen: He he he dit was nou funny. Dankie vir die glimlag op my gesig Toortsie.

- Toortsie: 😊👍👍👍👍👍👍
- Perdebytjie: Nou gou weer opgevang met die kommentare..heerlik gelag vir al die pittige skrywes. Bloggers julle maak my dag!
- Toortsie: Ek geniet hierdie storie. Ek dink boek 2 is baie beter as boek 1.

HOOFSTUK 5

Die tunnel-ekspedisie



deur [Sonell](#)

Na al die Tiramishoehoehoe, is Gigaba en Abrie saam die ander polieste braaf genoeg om die kelder aan te pak. Ek stem in. Ek en Una is die enigste nugteres hier onder almal, want ons is mos ge-evangeliseer... Nietemin. Die res stem ook in, want Toortsie se Tiramigelico het die ding gedoen.

Ons vind die versteekte opening na die kelder weer na 'n gesukkel, want Gigaba het dit toegeslaan om die spoke binne te hou. Abrie loop voor met Gigaba kort op sy hakke, dan ek, Kameel, Woestynkind, Toortsie, Lekkervurig, die res en Una agter. Una is slim genoeg om 'n tou by die opening en aan haarself vas te maak. Met al die gange hier binne kan ons net verdwaal.

Die tunnel is klam en bedompig. Ons stemme weergalm. Almal giggel van senuwee of is dit nog die naskokke van die gefrangelikiseerdery? “Hierts!” gil Gigaba. “Vir wat vat jy aan my boud Abrie?!” Nee sê Abrie; dit was nie hy nie. Regs af sien ek 'n nuwe tunnel en spring vooruit om hul daar af te lei. “Ish jy shieker ons moet hier af?” Vra Toortsie bangerig. “Ons was mos al in die ander tunnel af. Die een moet iewers heen lei. Volg my net.” Die tunnel is so donker, net my koplamp skyn op die pad voor ons voete. Elkeen hou aan die een voor hom se skouers vas. Stil soos muise gaan ons die tunnel af.

“Ha ha ha...” Kom 'n vreemde stem uit die donkerte. “Julle wil my joernaal hê, nie waar nie?” Oupa groot Piet verskyn voor my. Gille weergalm uit die donkerte en almal is nugter geskrik. “Ja oupatjie. Ons soek jou joernaal. Ons kan veel meer met daardie ponde doen as jy wat bokveld toe is.” Sê ek braaf. “Ek gaan julle nie sê waar dit is nie. Daar is 'n vloek op daardie ponde en enigiemand wat dit vind se lot is ewig.” Met die woorde verdwyn hy weer. “Wat maak ons nou?” Vra Kameel. “Ons gaan reguit aan.”

Na baie ure se stap kom ons uiteindelik weer by 'n opening uit. Ek stoot die deur oop en besef ons is aan die binnekant van 'n bank se kluis! “Ouens, ons het die jackpot geslaan vandag!” Strompelend bondel almal van opgewondenheid by die kluis in. Ons vergaap ons aan al die laaie vol geld.

Nou kan Una weer verder vertel.

Toodles!

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Hesterleynel: Uitstekend – jy het die spulletjie op die regte spoor gehou. MAAR *skok*, die bank se kluis! O hel, nou soek julle groot moeilikheid, maar as die polisie daar is en ook help inpak, is dit seker maar

oukei. Net een vraag. Nee, maak dit twee. Wie het aan die sersant se boud gevat? Vertrou jy wragtag almal om reg te tel? Sorg asseblief net dat ek my aandeel ook kry.

- Sonell: Was die ander spook. Dink ek moet dit net duidelik inskryf 😊 Die instruksies het my ook verras met die bank se kluis 😊
- Sonell: Die polieste was eerste om in te pak. 🙄
- Hesterleynel: Haha
- Hesterleynel: Nou vrek ek van nuuskierigheid. Was daar toe Engelse Ponde in die kluis of net die gewone soort bankrowerbuit? Ek neem aan Una gaan ons vertel?
- Sonell: Ja, sy het op die versteekte hokkie met die ponde afgekom. Sy hou dit veilig...
- Hesterleynel: So daai twee spoke was ook uitgeslape met hulle bêreplek.
- Sonell: Netso!

Perdebyttjie: Klink of daar vatterige spoke daar rondhang, of dis dalk nog die gedokterde poeding wat almal orig maak.

- Sonell: Né! 🙄
- Abrie Joubert: Het gesien wie dit was g'n spook nie maar ek is so stil soos 'n monnik in 'n bieghokkie

Kameel: Toe skryf jy my sowaar binne in daardie tunnel in!!!! Ek sien ons klomp al klouend aan mekaar daardie klam tunnel afloop. Gelukkig is Toorts nou nugter geskrik 😊😊😊

- Sonell: Alleen is ons vrek bang, saam is ons braaf, met die hulp van Toorts se Tiramishoeshoe natuurlik. 😊
- Kameel: Ek moes definitief van daardie edele monnik goed ingekry het... want nugter sou jy my nie by daardie skoorsteen afgekry het in donker tunnels in nie. Hoe jammer dat ons nou die bank se geld gaan vat... hoe pla my gewete my nou. 😊
- Sonell: Ek is te bly ek kan nou my kinders se Universiteitsgelde betaal en kleingeld hê.
- Kameel: 😊😊😊😊 Dan doen jy darem iets positiefs met die geld. Hopelik vind jou kinders nie uit waar hulle studiegeld vandaan kom nie.
- Sonell: 😊

Lekkervurig: Ek gaan vir Una soek...

- Kameel: Wat wil jy nou met Una maak lekkervurig.... jy moet geld tel en in jou sakke stop!!! O ja... en nog neerskryf ook. Kan jy jou die mal spulletjie indink!!! Waar was ek laas? O ja R50 000... R50 050....
- Sonell: Wonder ek ook Kameel. Dalk wil sy van daardie ponde vir haarself hê. Ek hoop Una hou 'n ogie...
- Travel460: Kameel, as jy 'n oomblikkie het, daar is 'n ietsie hier in 'n eenkant laaitjie...Jy wees mos ek het tande wat krone moet kry...sug.
- Kameel: Nou het jy my nuuskierig!!! As ek net onder Lekkervurig se oë kan uitkom. Sy hou jou soos 'n valk dop.

- Travel460: Hier is gelukkig 'n hele paar 'kroontjies', en ag, almal skitter te pragtig! Lekkervurig gaan vir my sê ek moet uitspoeg, ai tog. So los haar nog 'n rukkie, ek sal nou-nou vir almal sê daar is blink klippies. Net nog 'n rukkie met 'n bek vol goud rondstaan.
- Sonell: Hou vir lekkervurig besig Kameel. Ons kort daai kroontjies.

Travel460: Lekkervurig jong, ek is hier! Kan net nie nou baie sê nie, want my mond is ook vol...

- Sonell: Jy is nie veronderstel om die ponde te eet nie, net tel en veilig hou.
- Kameel: Hoop nou nie Una maak soos die drugsmouse en sluk die ponde in nie 🐭🐭🐭🐭🐭
- Sonell: 😬 O nee!
- Travel460: Mmmm. Dalk het een van die laaitjies iets anders in wat ek as krone kan gebruik...
- Sonell: Nou wonder ek...

Travel460: O nee, nie die ponde nie! Ek word te vinnig naar vir goed wat ek insluk. Ek kyk baie teevee, daar is ander maniere. Toortsie, is hier iewers koffie? Ek wil net 'n bietjie sit en dink oor al die moontlikhede hier voor my. En KAMEEL, loop bêre die "guilt card" nou dadelik! Ek het nog glad nie vergeet van ons Italiaanse villa nie!

- Sonell: Netso!
- Toortsie: Ek weet nie van koffie nie. Al waaroor ek bly is, is dat ek 'n sekere onderkleertjie aanhet, jy weet, dis mos ideaal om munte wat nie aangeteken is nie, in te stop.
- Sonell: Flink gedink Toorts!
- Travel460: Ons gaan hier uitstap as vrouens wat GOED bedeed is, Toortsie.
- Toortsie: Behoorlik!
- Sonell: Wou nog altyd 'n paar ekstra paar ponde saamgedra het...
- Toortsie: Daai bêreplek is net die plek vir 'n paar ekstra ponde.
- Sonell: Jy sien!
- Toortsie: Dis tog ontstellend dat ons nou op ons oudag diewens word!
- Sonell: Tog opwindend!
- Toortsie: Het julle sakke saamgebring om die geld in te pak?
- Sonell: Net ons kleresakke 🧐
- Toortsie: Maar klein! Sal nie derduisende kan uitneem so nie. Ek dink ons moet vannag weer kom.
- Sonell: Sal moet kreatief wees met die klere. Al loop ek net met my onderklere hier uit, sakke maak sal ek sakke maak.
- Toortsie: Slim!
- Toortsie: Ek het nou eers'n bietjie gerol in die geld. Dis nie aldag wat ek so 'n kans kry nie!
- Sonell: 😁🤔
- Sonell: Ons sal moet slim pak

Abrie Joubert: Vandag is 'n belangrike dag. Die dag self is eintlik nie so belangrik nie. Dit is net dat dit die dag na die 15de is – ons het die Ides of March oorleef! En dit terwyl ons met Gig(b)abas en spoke deurmekaar is.

- Kameel: Ek het nie van jou Ides of March gister vergeet nie. Jy sal maak dat ek bygelowig word.

Lekkervurig: Una....Kameel...rerig. G'n wonner Oom Piet joubert het so James Bonderig opgetree nie "Diamonds are forever...."

- Sonell: Ek wil ook kroontjies hê.
- Lekkervurig: Jinne, julle is nou Blingerige Towerinne. Blink in die bek en vet beursies. O,eh,eh. Julle beter op julle se tone wees, hier gaan weer suid....Abrie, Hester help...

Hesterleynel: Abrie, newwermaand die Ides, ek wil weet wie die vatterige persoon is. Jy kan maar biege, my seun.

- Sonell: Ons sal seker nooit weet nie.
- Hesterleynel: Abrie hou daarvan om te terg. Hy kort 'n pak slae.
- Sonell: Sal hom oor my skoot trek.
- Hesterleynel: Hesterleynel: 🙄
- Abrie Joubert: Sonell so jy wil aan my boud ook vat!!!
- Sonell: Spaar my dit! 🤔 My man se boud is lekker genoeg.
- Abrie Joubert: Ek aanvaar. Bloot 'n misverstand.
- Sonell: 🤔🤔
- Abrie Joubert: As mens in die donket tas lei dit maar tot misverstande
- Sonell: Ja, ons sien mos niks. Dink dis 'n muur dan is dit 'n boud.
- Perdebytjie: Hy probeer ons op 'n dwaalspoor sit met sy Ides - gedoentes....tipies van 'n skuldige skelm, né Hester!
- Hesterleynel: Net so!
- Perdebytjie: Hoekom is hierdie hoofstuk 5 en 6? Gaan Woestynkind nie deelneem nie?
- Sonell: Sy kon ongelukkig nie. Nou kan ek nie onthou waarom nie... 🤔
- Perdebytjie: Dis reg so. Nou kom ek darem gouer aan die beurt. Kannie wag nie!
- Perdebytjie: Ek ook nie! 🤔
- Hesterleynel: Sy moes Kaapstad toe vlieg en ons het Sonell gevra om 6 ook te doen.
- Sonell: Dankie Hester. Ek moet biege. Ek het vrek lekker hieraan geskryf.
- Hesterleynel: Dis groot pret. Ek is reeds besig om die hoofstukke oor te laai vir die boek en dan giggel ek nog 'n slag vir al die stories en kommentaar.
- Sonell: Kan nie wag om weer als saam te lees nie.
- Hesterleynel: As die skryflus ons weer beetkry, skryf ons volgende keer 'n hygroman 🤔
- Sonell: Ek is in!
- Perdebytjie: Net gewonder of sy per ongeluk oorgeslaan is.
- Sonell: ♡ Dis goed om te sien jy gee om. Xx
- Hesterleynel: Nope. Ons het gehoop dat elke deelnemer van die vorige avontuur 'n deel van die opvolg sou kon skryf, maar soms kom die werklike lewe verby ...
- Perdebytjie: Ja dis maar hoe dit is.

- Kameel: Ek het ook gewonder oor hfsk 5&6... skryf dit toe toe aan Frangelico.
- Sonell: 😊😊😊😊
- Perdebyttjie: Hierdie Frangelico gaan nog lank met ons spook!
- Abrie Joubert: Ek dink die dames moet maar op hulle eie 'n hygroman skryf!
- Perdebyttjie: Moenie dink jy gaan loskom uit hierdie een nie, Abrie!
- Sonell: Ja, iemand moet die man se kant vertel.
- Perdebyttjie: Hy kan so oulik skryf. Ons kan hom regtig nie verloor nie. Miskien moet ons hom meer sagkens behandel in ons stories.
- Sonell: Ons sal moet ja. Arme haan onder ons kekkelende hennetjie. 😊
- Lekkeruurig: Abrie se Ah-harem....wat 'n titel
- Sonell: Ja!
- Abrie Joubert: Spaar my dit ooh eh eh.
- Sonell: 😊

Toortsie: As dit nie vir die Frangelico was nie, het julle my nie in daai tunnel gekry nie! Uitstekend geskryf.

- Sonell: Jy sien! Dankie*
- Kameel: Lekkeruurig nou het jy my dag gemaak. Abrie se Ah-harem 😊😊😊 Nou voel ek tot jammer vir Abrie ook!!!
- Perdebyttjie: Dis 'n briljante titel!

Scrapydo2: Hopelik kry ek nou n kans om in te kom. By Toorts was ek te laat. Ek het die volgende inligting gegee: Jammer maar ek moet hierdie antwoord nog by jou inskrywing stuur omdat dit belangrike inligting is. Ek is telkens te laat omdat my ure so verskil. Aha, uiteindelik is daar n opening vir my om nog n eiertjie te le! Eers Abrie, my goeie vriend, wat dink jy van die NZ uile? Hulle meng nie in met SA uile nie. Porkie verlang hoeka huistoe na sy maatjie. Hul is mos lewenslange maters. Dan wat die kisse en joernaal betref: dis soos Kameel sê daar is 'n ander tunnel wat 'n tak van die tunnel is waarmee Sonel [Wegkruipertjie?] in Mosambiek uitgekom het. In daardie tunnel is die gat wat bo die waterlyn is en waarin die kisse met die joernaal is. So as Kameel en Sonel nou gaan soek moet hul eers die ander tunnel deel soek en dan ingaan. Wees net gewaarsku die twee spook omies boer ook in die tunnel omdat oupa groot Piet sy joernaal dophou. Ek sien jy het toe uit jou eie die tweede tunnel gevat en op Oupa-groot Piet afgekom. Dis n heerlike draai in die storie. Hoekom het jy die sersant saamgevat? Hy het hom dan wit geskrik vir die spoke!

- Sonell: Hy was braaf genoeg om saam te gaan na die Tiramishoe. 😊
- Scrapydo2: Ha ha, en nou voel dit seker soos hemel op aarde met al die geld.
- Sonell: Ons pak nog in en tel. Gaan moet kreatief wees met die wegdra.
- Scrapydo2: Jul moet nou nie al die geld wegskrik as oom Paul en Oupa-groot Piet julle agtervolg nie. Sing maar die ou Transvaalse Volkslied. Dit sal hul tot rus bring. Dalk vertel oom Piet dalk n geheimpie of twee.

HOOFSTUK 6

Bali-Idees en Trippel D's



[deur travel460](#)

Hierdie is vir my glad nie meer lekker nie. Alles gaan te stadig, ons gaan nog ure lank moet geld tel! En dit is so lelik hier...kan bankmense dan nie daaraan dink dat kliënte van 'n mooi omgewing hou nie? Sê nou, sê nou ek gaan terug Toweropstal toe en kry bietjie winkel-goed om mee te kom mooimaak! Die bankbestuurder sal sommer beter voel nadat al sy geld verdwyn het, en daar tog vir hom 'n mooie verrassing wag. Ja, dit is 'n goeie plan. Ek kan dalk sommer bietjie bemarking hier staan en doen terwyl ons die bank nou leegdra. Twee vlieë met een klap. Slim.

'n Paar ure later is ek en een van die poliesmanne terug, armsvol items op sleeptou. Wel op 'n stadium in oom Paul vasgeloop, maar hy was diep aan die dink met sy pyp in die mond. Skoon dwarsdeur my gestaar, asof EK die spook is.

My klomp vriende is steeds hard aan die tel, en Toorts het note begin 'inpak'. Oral. Ek het 'n paar trippel D's saamgebring, met dié dat ons nou so goed bedeed hier gaan uitwals. Kameel hou 'n ekstra ogie oor die ponde-hokkie, en Lekkervurig hou twee ekstra oë op Kameel. Sonell probeer orde skep in al die deurmekaargeid; sy organiseer kliphard aan die rye en rye note. Babel heeltyd met wie ook al luister oor duur toiletpapier en haar arme kinders wat na dese weer winkels toe kan saamgaan.

Perdebytjie en Ekmyself werk saam, een tel, een stop hul jasse se sakke en some en krae vol. Woestynkind daar eenkant skryf die getalle neer, mos nou sodat die bank se boeke kan klop aan die einde van 2018 se finansiële jaar. Behoort eintlik 'n baie eenvoudige staat te wees wat hulle gaan indien. Daar help ons klaar weer, sien.

Scrapy staan en neurie die ou Transvaalse Volkslied, met dié dat sy verwag oom Paul en Oupa-groot Piet sit ons agterna sodra ons met die buit beweeg. Gelukkig het sy 'n boks saamgebring, nog heel in haar eie huis-trekkery in.

Wegkruipertjie maak toebroodjies; sy sê haar mooie naels kan nie byhou met al die note aftel nie. Maak sin. Toortsie het ons goed die leviete voorgelees oppad hierheen, en niemand gaan van nou af geld mors nie. Ons moet daaraan werk om goed te voel oor onself. Morele waardes is belangrik; ook om 'n goeie voorbeeld aan kinders te stel.

Abrie en die manne werk die hardste. Abrie is vreemd stil, maar dit kan wees omdat hy weet die bloggers beplan 'n nuwe hygroman genaamd Ah-rem. Abrie kom uit 'n goeie familie, hy gaan hom nie

wil ophou met vroumens vry-stories nie, seker daarom die stilte soos 'n monnik in 'n bieghoekie. Dat 'n mens nou so voor versoekings te stane moes kom en dan deel word van die grootste bankroof nog! Keuses, keuses. En gevolg. Nee wag, ek moenie nou 'n Kameel op myself trek nie.

Die ingangsportaal lyk klaar mooier, net hier en daar nog 'n veranderingkie aanbring. Die spesiale Bali-lamp op die bankbestuurder se tafel staanmaak, sodat hy ons nooit sal vergeet nie. Al wat kort is my besigheidskartjies, ek plaas 'n houpie langs die voordeur. Dink net, die ander banke gaan so jaloers raak, dat hulle my dadelik sal wil opsoek om by hulle ook te kom verander. Natuurlik kom niks verniet nie, nè, en die geld gaan inrol. Ek land dalk nog op die televisie, kry 'n prys vir die beste entrepreneur van die jaar.

Slim. Baie slim.

Hiermee nomineer ek vir Perdebytjie om oor te neem...

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Sonell: Heito! Una! Ons gaan mos gevang word met jou besigheidskartjies en mooimakery. Vreeslike oulike idee, want hierdie kluis is so vaal en koud. Nou wonder ek, as ek nou in die tronk sit oorlat ons gevang is gaan ek mos nooit weer my kinders kan winkels toe vat of die toiletpapier pryse bekyk nie... Ek gaan my identiteit laat moet verander. Jy het my nou erg op my senuwees...

- HesterLeyNel: Haha, nee, julle gaan nie gevang word nie. Moenie nou koue voete kry nie. Jy kan altyd Colombia toe emigreer – dis die mooiste strande. En manne op die strande ...
- sonell: Ag Hester, my man sal mos vrek daaroor! Ek was juis 'n buikdanser op my tyd. Goeie idee!
- HesterLeyNel: Ja? 'n Buikdanser is 'n uitstekende geldmaak-beroep hier. Plaas 'n paar videos op jou blog – ek is seker ek kan vir jou 'n job hierdie kant organiseer.
- sonell: Ek skryf môre daaroor 🙄
- HesterLeyNel: Nou toe!
- travel460: Sonell, ek wil lesse hê!
- travel460: O gaats...??? 😊
- sonell: Ek is bereid om jou te vergewe 😊
- travel460: 🙄🙄
- travel460: Ek sal vir jou instaan, my maatjie. Sal sommer vir jou part ook n paar inmates probeer evangeliseer.xx

lekkervurig: Toemaar, ek het laat Piet Joubert toor met Una se kaartjies, die ink gaan verdwyn....jitte julle laat my skarrel. Una, waar is daai kroongod? Het jy dit vir Seegogga gegee? Ek het haar raakgeloop vol Tiramawatsenaam, goed gefrangeliakoeseer, aan die mompel oor die strand...is dit Heroldsbaai waar sy goed weggesteek het, of is dit net monnikspraatjies?

- travel460: Krieses, met Seegogga weet mens nooit! Sy het die kroonjuwele, ja. Maar met my mooimakery-ekskursie het ek van haar vergeet. SEEGOGGA, WAAR IS ONS KROONJUWELE??? Ag flip, ek bedoel, die TAND-krone, nie die ander soort nie. 🙄

- lekkervurig: O griet. Ek lag die Sondagstilte weg...bwahaha....😂😂😂🤔🤔🤔
- travel460: Ek ook! Hoekom is die bloggers op WP! Ek dog almal neem middagslapies.🙄
- Abrie Joubert: Gaan kyk op Rondomtalie se Sondagverkope blog. Daar is 'n eierjakkie miskien het sy die kroonjuwele daarin gesit.
- travel460: Ek kliek nou eers hoe skêrp is jy met hierdie antwoord, Abrie!
- Abrie Joubert: 😊

HesterLeyNel: Meesterlik Una. Ek is seker daai bankbestuurder (en al die ander banke se bestuurders ook) gaan weer van jou dienste wil gebruik maak. Dis uitstekende bemarking.

- Kameel: Kan net dink hoe mooi die bank nou lyk.... en jou vindingrykheid gaan uitbasuin word op die teevee wanneer die nuus uitgesaai word. Dis 'n uitstekende advertensie.... en boonop gratis (behalwe natuurlik vir die koste van artikels) Welgedaan Una!!!
- Kameel: Ag met dit saam moet ek bieg ek voel nog steeds sleg dat ons die bank se geld vat. Wonder of ek nie my hart daar by Abrie se bieghoekie moet gaan uitpraat nie? Dan sien ek weer die villa voor my....!!! Kan scrapy nie die spoke met 'n ander lied sus nie.... miskien sal oom Paul hou van ietsie wat 'n wip in jou stap gee.
- travel460: 🤔🤔 Jy gaan moet ophou om my aan my gewete te herinner! Jy weet ek is 'n sucker vir drama!
- Kameel: Ek is net so lief vir drama maar die laaste paar dae kry ek die hele wêreld jammer.
- travel460: Ek sê jou wat. Kom ons gaan staan in 'n toutjie by Abrie se bieghoekie. Dalk voel ons beter daarna...?
- Tannie Frannie: Dalk die Kalfiewals?
- Kameel: Ek sal dit voorstel aan scrapy.... ek het nou die volkslied eenmaal te veel gehoor.
- Tannie Frannie: Umm – dalk begin EkMyself en Una weer dans en dan word daar nog minder geld getel...en hou tog vir Toortsie dop, ek vertrou g'n niks daardie (heerlike) groenteroomsop-planne nie!
- travel460: Frannie, ek het hoeka mooie kerse saamgebring vir atmosfeer. Saam met groenteroomsop en mooi musiek, Sonell wat ons van buikdans leer, kan ons afskeid neem van die bank.
- Tannie Frannie: Julle is die joligste, oorspronklikste spulletjie misdadigers ooit!
- travel460: Ek wonder hoe sou ons groepie in die parlement vaar?🤔
- Tannie Frannie: Bwahahaaa... Stem vir die Towerparty! (en daardie “party” kan sommer na “paartie” ook verwys)
- travel460: Ons sal die toy-toy amptelik in die two-step verander.
- Tannie Frannie: Dan kom ek ook saamdans!
- travel460: Dankie Kameel. En ek het nie eers my pruik opgehad nie!
- Kameel: Ek moet bely dat ek basies jou pruik gekonfiskeer het met my Camilla image. Sy was veronderstel om net eenkeer op die toneel te verskyn en dan te verdwyn.... maar ek het my liederlik misgis met 'n alter ego.
- travel460: Dankie tog vir jou Camilla! Sonder haar was ons verlore.😊
- Toortsie: Sien jy nou, Kameel, en jy was destyds so bekommerd oor Ursula. Alter Ego's laat nie met hulle speel nie!

- travel460: Toortsie, kan ek ook 'n beurt kry om iemand anders te wees?
- Toortsie: Jajaaa wie wil jy wees?
- Kameel: Ek verstaan hulle nou beter Toorts... maar hulle bekommer my want hulle maak soos hulle wil.
- Toortsie: Net so! 🤔
- perdebytjie: Dalk verskyn daai pruike nog iewers.

perdebytjie: Ek lag my slap vir daai trippel D...is dit darem groot genoeg vir die vleisies en die banknote?

- Kameel: Wou haar vra of ek een van hulle kan kry maar wil nie te voor op die wa lyk.... ag wees nie. 😏
- travel460: Kameel, ek het 'n hele paar saamgebring, een vir Abrie ook as dit nou moet. Het jy ons pruike hier?
- Kameel: 🤔🤔🤔🤔🤔 Dit moet ek sien!!!! Hy wou mos vir hom ook 'n alter ego kry 🤔🤔🤔🤔
- perdebytjie: Ek het ook dringend een nodig na hierdie vakansie!
- travel460: Ek raak nou deurmekaar. Dina, wat het jy nodig? 'n Trippel D! Of 'n alter-ego?
- perdebytjie: Ek dink altwee...sal in my opvolg hoofstuk 'n plan moet maak.
- travel460: Amper, Dina, maar nie heeltemal nie...
- Kameel: Ek het die pruike saamgebring.... Abrie gaan hom opsit wanneer hy die trippel D volgestop met buit onder sy monnikkleed aantrek. 🤔🤔🤔🤔🤔🤔🤔🤔 Ek kannie verder geld tel nie.... ek lag te veel net om daaraan te dink.
- travel460: Kameel, Abrie gaan jou stenig!!!
- perdebytjie: Jy is superskerp!
- perdebytjie: Ons kan natuurlik die pruike ook vol geld stop...dit kan lyk soos daardie geteasde byekorfmodes van die sestigerjare...sal nie té suspisiesus lyk nie!
- Kameel: Die prentjie raak al beter!!!! Jammer ek het die stillethoes vergeet 😊
- perdebytjie: Ons kan hulle lekker volstop, dan lyk hulle soos platvormskoene uit die sewentigs...saam met die "beehive" pruike, sal dit soos 'n "blast from the past" wees
- Kameel: Miskien moet ons eers 'n modeparade hou!!! Sal interessant wees om te sien waarmee elkeen voor die dag gekom het!!! The winner takes it all.... just a joke!!!
- travel460: Modeparade! Ja!!!! Ek wil ook stiletto's hê, soos Camille. Dan maak Ekmyself weer musiek, Toortsie gaan bak ietsie...
- perdebytjie: Moenie vraatsig raak nie. Ek het juis 'n oulike plan vir jou in my hoofstuk.
- Kameel: Nou maak jy my bekommerd 😊
- perdebytjie: Wag en sien. 🤔
- travel460: Wat van 'n partytjie vir oulaas...
- travel460: Jy's reg! My laerskool juffrouens het sulke kapsels gedra. Net te mooi gewees.

perdebytjie: Lyk my hierdie buit gaan nie regverdig verdeel word nie. Dis trippel D's, jasse, some van klere...ek wonder wie gaan dit uitsorteer?

- travel460: Dalk moet jy 'n paar reëls neerlê. Solank ek kan krone kry, 'n villa in Italië, en 'n paaldans geleentheid in Colombia.

- perdebyttjie: Sal kyk wat ek kan doen, sonder om self te vraatsig te lyk.
- travel460: Perdebyttjie, Toortsie gaan ons aanvat. Sy probeer hard om ons op die regte spoor te hou...dis nou as sy nie self 'n ietsie geneem het nie...
- perdebyttjie: Daai skopdop van haar is ons almal se ondergang.
- Kameel: Una as jy met 'n blinkmond in Colombia aankom en jy en Carlos gee vir mekaar skitterende glimlagte mag Hester net jaloers raak. Jy het gesien wat doen sy met blink tande wanneer sy kwaad word.
- travel460: Kameel, ag nee man. My Bertus raak klaar die joos in vir my dat ek so op my blog boer! Nou skreeu ek nog ook van die lag hier op die bed! Dit klink als vir hom baie 'fishy'.
- HesterLeyNel: Nou is dit al 'n paaldans. Ek het gedog dis buikdans. Dis nie dieselfde ding nie, of hoe Sonell? 😊
- travel460: O gits ja, ek sien hier het 'n ernstige foutjie ingesluip, en dit is als my skuld!
- HesterLeyNel: Wel, dalk moet jy tog die paaldans ding probeer – dis ook 'n groot aantrekkingskrag.

Kameel: Klink vir my jou trippel D's gaan net vakansievetjies in hê perdebyttjie. Jy sal moet plekmaak of jy verloor uit!!!

- travel460: Dalk moet Dina 'n paar gesonde tande laat kroon!
- Kameel: Sy sal êrens moet plekmaak vir buit!!!
- travel460: Ek het ekstra plek by my, Kameel. Van nature nie so vooruitstrewend nie. Ek sal spasie vir Perdebyttjie kan opoffer.
- perdebyttjie: Is daar iets groter as 'n trippel D?
- travel460: Mmmm. Double tripple three. Help, ek weet nie verder nie. Het ons iemand hier in lingerie? Is dit ooit die regte woord?
- perdebyttjie: Wat van Bali onderkleertjies...kry mens sulke goed daar?
- travel460: Die Bali mense is klein gebou en baie konserwatief. Maar hulle cater vir ons groter vrinne in Australië. Sulke deurskynende 'groot panties'. Gemaklik. Prakties.
- perdebyttjie: Hahaa, nogal deurskynend!
- Abrie Joubert: Ek wil maar net noem dames dat ek in my vorige skrywe aangehaal het uit die Abrie Joubert- Definitive Dictionary of Dubious Denotation met die akroniem DDDD. Ek wou uitbrei oor die akroniem maar aangesien ek van goeie inborste is het ek nie. Maar hier in die kluis bly dinge mos in die kluis (behalwe die geld). In die volksmond staan die woordeboek bekend as die DOUBLE DOUBLE D...^{vii}
- travel460: Vier D's! Ja, dit sal na dese pas. Spasie is wat ons nou nodig het.

lekkervurig: Perdebyttjie, daar sal aan getalle moet gesnoei word.....kry net eers die buit bymekaar. Wie gaan Seegogga en die kroonjuwele👑👑👑👑 soek?

- travel460: Dink julle sy wil gevind word?
- lekkervurig: O eh eh, ek ruik 'n wending aan die kom.....
- perdebyttjie: Ek weet nie hoe gaan ek al die geld by die spul weggevat kry nie. Daar is nou soveel trippel D's, pruike, jasse en goed, dat dit bitter moeilik gaan wees. Nou moet ons ook onthou die spul is nog aggressief en effe getrek ook van Toortsie se konkoksie.

Toortsie: Hier is 'n paar goetertjies wat my bekommer. 1) Ons kan net bietjies geld in krae en moue en bra's wegsit. Ons sal bokse moet loop haal. Dis nie die moeite werd om in die moeilikheid te wil kom vir net 'n bietjie geld nie. As ons die moeite wil doen, moet ons dit ordentlik doen. Moet ons nie gaan bokse haal nie? 2) Stop die getellery en neerskrywery. Ons mors tyd. Laat ons eerder 'n klomp geld Toweropstal toe neem of op 'n veilige plek gaan sit en kom weer, voor hulle ons hier vang. 3) Una, dit klink vreeslik mooi wat jy daar met die binneversiering van die bank gedoen het, maar daardie visitekaartjies maak my benoud. Ek is opgewonde oor die moontlike ekstra verkope wat jy gaan kry, maar ek is bevrees jy gaan om 'n ander rede op die tiewie kom.

- lekkervurig: Toortsie die spook Piet Joubert gaan die kaartjies se ink uitwis...en Hester het belowe ons sal ok wees. Haal asem. 😊 Perdybytjie sal ons hierdeur kry. Ons groot skat is by Seegogga. En dan is Abrie ook nog by ons.....
- travel460: Abrie. Hy is steeds stil... of is Kameel in die belydenis hokkie??? Ek wil ook 'n beurt hê!
- Toortsie: Okay. Onthou my persoonlikheidstipe sien moeilikheid terwyl dit nog agter die bult is!
- travel460: Is daar nie 'n ietsie wat jy weer spesiaal vir ons kan voorberei nie? So vir die senuwees en die opgewondenheid oor die buikdans lesse?
- Toortsie: Dalk 'n lekker groenteroomsop met spesiale kruie. Dit raak juis nou winter.
- travel460: 🙏
- Abrie Joubert: Ek is stil want ek wonder want gaan gebeur as die helfte van George se polisiemag nie meer onder Camilla se betowering gaan wees nie. Ons sal hulle moet Frangelikoseer maar ook dit is tydelik. Ek is stil oor die DNA wat die Voortvlugtiges en die helfte van George se polisiemag hier ingedra het. Maar dit is 'n onvermydelike risiko. Ek is nog stiller oor die onnodige DNA en smaakvolle bewyse teen ons wat die aards-entrepeneur Una hier ingedra het. Ek kry die idee sy kan nie verloor nie. Wanneer ons almal toegesluit is gaan sy beding dat ons selle verfraai word en ons gaan moet betaal vir die verfraaiing daarvan asook vir die Baliaanse blou bal en klou meubels en die dubbele tripple ruim onderklere gemaak van verwerkte Bali riet. Ah-rem, ek is stil stil stil.
- lekkervurig: Roep die geeste en stalkers in Broer Abrie....
- travel460: 😊😊😊
- travel460: Krisis Toortsie, jy dink so...??? Maar ek wil dan altyd so graag almal help! Dink jy regtig iemand sal lelike goed oor my praat??? 😊
- Toortsie: Nie lelike goed praat nie. Ek is bang hulle weet jy en ons is die bankrowers. Maar Lekkervurig belowe ons hoef nie bekommerd te wees nie. Nee, niemand gaan lelike goed praat van jou nie! Ek sal hulle stormloop!

rondomtaliedraai: Mmmmm nou verstaan ek waar kom die rondborstigheid van die vriendinne vandaan. Teen hierdie tempo gaan julle 'n vraghouer nodig hê!

- travel460: Help aan planne dink, Tina!
- rondomtaliedraai: 'n Kind met 'n rugsak lyk onskuldig en baie bruikbaar
- travel460: Mmmmmmmmm.....
- rondomtaliedraai: 😊
- perdebytjie: Vir die geld of vir die trippel D's?

- rondomtaliedraai: Beide ... hoe dan anders

Abrie Joubert: Goed geskryf Una met seker voorbehoude wat ek by die kommentare ingevleg het. Die dinge wat ons aanvang! Terloops Una ek sien daar word van bieë (en so aan – veral en so aan) tussendeur vertel. Laat ek nou maar bieë hier by jou. Ek is besig om emosioneel volwasse te word. Wanneer ek baie praat gee ek voor om te wees wie ek nie is nie. Ek is 'n aards-introvert. Wanneer ek soos 'n ekstrovert optree dreineer dit my heeltemal want dit is kontra van wat ek is. Dus wees saam met bly dat ek my ware stil ek ontdek het...

- lekkervurig: Broer Abrie die gefrangelikoeseerde. Stil en diep. Die Ah-harem gaan 'n 360 draai moet maak om by te hou. 😊 Bont Bali's ruil vir pikkewynkleedjies. (Julle maak dat die hoenders ophou kraai omdat ek voor sonop skaterlag!)
- travel460: Dis ten minste goed dat ons die Maandag vol lag kan begin.
- lekkervurig: 🙏🙏🙏
- Abrie Joubert: Ek sweer op my hare julle kry my nie in daai harem nie. (Alhoewel ek bepaald beter name vir die boek het)
- lekkervurig: Abrie, skryf vol sinne.....
- travel460: No pressure...dink net aan die buit?.....?
- travel460: Dan is dit reg so, Abrie. 'n Stil man straal gewoonlik sefversekerdheid uit, en op hierdie ekskursie is dit wat ons klomp kloekende hennegedreue nodig het. 'n Haan om ons hieruit te kry.
- Kameel: Abrie ek moet bieë dat regdeur hierdie sage ek hoop behou het want wat ons ookal aanvang was die wete daar... Abrie is êrens rond (humoristies of filosofies) en hy sal 'n plan maak om ons uit die gemors te kry. Jy sal vir ons deurkom nê? Ek wil nie in die tronk gaan sit nie... Balimooi of te nie.

ekmyself: Ek kan amper nie dink dat hierdie 'n bank (veronderstel is om te wees) is nie, heng jy kan darem toor met 'n paar Bali stukke. Ek gaan dadelik vir ons 'n bietjie musiek aansit om dit nog meer draaglik hier te maak.

- Kameel: Jy het jouself so mooi stemmig gedra terwyl jy geld tel Ekmyself.... tjoepstil soos 'n muis gewees. Asseblief bietjie musiek sal welkom wees... fluister... Scrapy se stem is nie meer wat dit was nie!!
- travel460: Kameel! Jy is weer op en wakker vandag! Ek stem saam, dit hoogtyd dat Ekmyself weer haar ou self raak en ons op ons tone hou!(al dansende)
- travel460: Yes!!!

perdebytjie: Julle maak my dag met al julle spitsvondighede!

- lekkervurig: Jy moet ons nou reg skryf Perdebytjie....
- perdebytjie: Joe dit gaan moeilik wees...miskien moet ek die pad vat! 😊
- lekkervurig: Nee man, gaan dink mooi oor die inhoud van jou byeboerwa.... jy is 'n yster.
- perdebytjie: Ek wil nie regtig verdwyn nie, maar moet dalk iets soortgelyks in my storie inskryf.
- travel460: G'n niksse ge-padvat nie! Daai koppie van jou het 'n groot storie in...nie soos myne wat vandag vol tjol is nie.

travel460: Hoekom hoor ons niks van Seegogga af nie!

- perdebytjie: Ek glo nie sy gaan deelneem nie. Sy is nie op Hester se raamwerk van ons storie nie.
- lekkervurig: Julle – dit beteken niks nie – gaan lees toe Seegogga gefrangelikoseerd was.....sy werk saam met iemand....
- travel460: Ek vermoed ook so, Lekkervurig. Sy gaan definitief hier iewers opdaag, hopenlik saam met die kroonju..., saam met die goud.

wegkruipertjie: Ek het nou lank genoeg weggekruip, met brood (dankie Una) want ek sukkel met banting, Frangelico en ekstra room van die koeie af. Ek is nou so deurmekaar soosnever mind. Ek gaan brode uithol en R200 note daarin pak, of kroonju..., of goud, of ponde

- travel460: Ja! Skitterende plan!!!!
- travel460: Ek is so bly jy is klaar met die tellery! Ek gaan saam met jou brode uithol, kom ons los net die kroonjuwele uit. In my jong dae was hulle die oorsaak van baie probleme. Net 'n oomblik, ek moet weer bieghokkie toe. Die dekselse verlede en my baie gedagtes.

HOOFSTUK 7

Slaggat of gatslag



deur [Perdebytjie](#)

Dis doodstil by die Toweropstal. Orals lê lywe rond. Toortsie se gefranjelliekoseerde poeding en die nag se kaperjolle in die bankkluis, het sy tol geëis. Sersant Gigaba lê heerlik lepel teen 'n uitgepaasde kollega se deinende boepens. Wanneer sy drankasem met elke asemteug buitentoe geforseer word, tril sy mondhoeke ritmies en maak sulke klaggeluidjies. Verskeie van die voortvlugtiges lê ook hand om die blaas, met die polieste en met mekaar. Almal lyk ekstra dik en rondborstig van die bondels banknote, wat in trippel D's en deurskynende tentgrootte Balipênties ingestop is.

Oom Paul en Oom Piet sweef bokant die dronknes rond, skud afkeurend hul spookkoppe en klik met hul tonge, terwyl rookwolke uit brandende pype borrel. Die twee is dit eens dat die moderne mens sleg en lui geword het en sonder sedes en waardes is.

Skielik is daar 'n oorverdowende knal en die twee spoke skrik hulself vir die tweede keer in hul grafte in. Kisplanke, eierklitsers, kombuisware, rooibosteesakkies, Frangelicobottelproppe, twee bloedrooi stiletto's, 'n lipstiffie, mascara en 'n verflenterde blonde pruik, sif neer op die verdwaasde motgevrete spul, wat nou skoon nugter geskrik is.

Una se "container" se deur hang aan een skarnier en in die boom langsaan, wapper 'n kopdoek, wat alteveel na Toortsie s'n lyk. 'n Swaargelaaide trippel D fladder skeef-skeef soos 'n reuse tandemvals-kerm af aarde toe. Die Bali-stalletjie is nou 'n ali-stalletjie, want dit het letterlik sy g..alie gesien!

Lekkervurig se vuur is heeltemal geblus en nou voel sy ook nie eers meer lekker nie. Die klippers en graspolle spat soos Sonell, Woestynkind en Wegkruipertjie, wild dekslaan agter die stewige stêrre, van 'n flou man in blou. Camilla, ontdaan van al haar verleidelike bybehore, het heeltemal haar sexy aanslag verloor en huil warm snot en trane, in die kroes borshare van die Latynsevoorkoms-konstabeltjie. Abrie duik verskrik uit die pad van 'n Baliaanse blou bal-en-klou tafelpoot, wat trillend langs hom in die grond vasslaan en sy volgestopte monnikjaspante netjies vaspen.

Tannie Frannie is helder wakker geskrik uit 'n salige droom en gryp vervaard in die lug rond na vallende voorwerpe, onder andere 'n uitgeholde brood vol skitterblink kroonjuwele. Scrapydo se Porkie-uil klou verbete aan haar skouer en rittel van die koue en skok. Sy veerlose lyf lyk soos dié van 'n geplukte hoender. Sy hele veredos is in sy maai in en warrel stadig aarde toe, saam met stukgies suurgeworde

gefranjelliekoseerde poeding. Scrapy self, lyk of sy so pas met haar Muskvuurpyl deur die klankgrens gebars het.

Ekmyself se bewerige vinger druk per ongeluk die musieksisteem aan die gang en 'n klipharde sarsie kanonskote uit die 1812 Overture van Tchaikovsky, sorg vir nóg nat en vuil onderklere.

Op die plaas langsaan, in die koeistal, sweef rasperige Mozart en Bach musiek, spookagtig deur gebuigde luidsprekers. Die klomp Friese se uiers is drooggeskrik en hang soos trosse rosyntjies onderaan die rondmalende beteuterde diere. Die melk wat reeds uitgemelk is, het geskif en staan nutteloos in skeefgeduikte emmers.

Perdebytjie steier verdwaas na haar byeboerwa met 'n plan om alleen te vlug. Sy weet nie waarheen en waarvan sy moet wegkom nie. In haar benewelde toestand besef sy net, iets groots het vanaand hier gebeur. Sy wonder of Hester en haar katelknapie se pappie, Pablo Escobar, nie iets hiermee te doen het nie. Hy is hoeka nog kwaad oor die goud wat uit sy seun se voortande gesteel is én hy het 'n ogie op onse Hes! Natuurlik ook gehoor van die vonds in die bankkluis. Slyph seker sy geelgerookte Colombiaanse tande vir die Towerspan se swaarverdiende buit, om sy onheilige dwelmbesigheid 'n hupstoot te gee.

Dan is daar ook nog die moontlikheid dat Abrie se Definitive Dictionary of Dubious Denotation al die tyd eintlik 'n Definitive Dictionary of Dubious DETONATION is.

Die Perdeby het nou vaal vrede met joernale, rokende-bebaarde-ou-omie-spoke-wat skelm-boudknyp-in-die-donker, tonnells, goud, Krugermiljoene, opdragte van 'n afwesige afkakebeen Hester-wat-in-luukseid-in-'n-druglord-se-villa-lê-en-tjoklits-vreet, zoemende stekende bye, botteltjies omkoopheuning vir bankamptenare, korwe en vuilgevatte banknote...sy gaan nou soos 'n wafferse skelm die nag in verdwyn. Sy koers eers gou kombuis toe om te sien wat sy vinnig kan aas om saam te vat. Die verwoesting laat haar 'n oomblik in haar spore vassteek en dan tref dit haar soos 'n gatslag/slaggat/donderslag?? Sy is nou heel deurmekaar en die regte woorde ontwyk haar.

Stadig registreer die oorsaak van die nag se fiasko in haar warkop. Op die versplinterde tafel in die hoek van die verflooiende kombuis, is 'n Tupperbak vol poeding, wat duidelik krioel van die lewe. Die deksel bult gevaarlik uit en dis 'n gegewe, dat dit enige oomblik met 'n moerse knal, saam met strale deeg die lug in gaan skiet. Langsaan lê die flarde van nog so 'n bak, bruisend en borrelend met gefranjelliekoseerde-Abrie-en-Toortsie-se-watsenaam-se-tiraGISmoe. Die plafon hang vol druppende stalagtiete en Perdeby lek vies 'n taai, suur blerts deeg van haar harige voorarm af.

Met 'n paar bottels Frangelico stewig onder een fris getatoeëerde arm vasgeknyp en verskeie dik pakke blou banknote, wat sy vinnig in haar bonsende oorvol trippel D en gatsakke stop, storm sy na haar byeboerwa. Skielik staan sy versteend, want dis die gesig wat haar begroet ... Zoomaway het plek gemaak vir ... Boomaway.

Dis seker waarheen die B van die Bali-stalletjie, wat minute gelede verfomfaai is, gelanseer is. Nou glo sy sowaar in spoke.

Skielik ontwikkel sy 'n vretende lus vir een van Hester se Pablo Esco-tjoklit-Bars...

Ekmyself sal nou verder kalmte met haar musiek moet bring.

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Anne: Wonderlik! I loved every minute of this!

- Perdebyttjie: Dankie dat jy kom lees het, Anne.

joke_dev: Een humoristies verhaal!

- Perdebyttjie: Dankie Joke. 😊

- Tannie Frannie: Bwahahaaaaah!!! Van al die groot en klein, fyn kwinkslae in hierdie fantastiese hoofstuk, het die disleksiese wisseling tussen DENOTATION en DETONATION my die meeste verkneukel. Brilljant, 'Byttjie!

- Perdebyttjie: Baie dankie Frannie. Toe ek die eerste keer Abrie se woordeboek se naam lees, het ek "detonation" gelees en toe kry ek die idee.

- Tannie Frannie: Dubbel- EN trippel-D 🤔

- Abrie Joubert: Toe ek die woordeboek se titel uitgedink moes ek kophou om nie self disleksies te leef nie. En ja ek het Tina se detonation (in al sy vele fasette) self baie geniet. Ek speel dikwels in my kop met sulke tipe woorde, soos

Right of access is reserved

Right of access is reversed

Right of access is severed

Wel die gefranjelliekoseerde poeding wat Byttjie nogal volgens my oorspronklike spelling gespel het ons amper van ons lewens ge-severe en nou sal Net-Ek 'n bom deskundige of poedingdeskundige of 'n brawe gefranjelliekoseerde persoon moet kry om die poeding te ontlont.

- Perdebyttjie: Jy speel ook heerlik met woorde, Barie! 😊🤔

- Abrie Joubert: Aard na jou Nita 😊

- Perdebyttjie: Dit moet eintlik Nida wees 🤔

- Abrie Joubert: Deel van my disleksie

- Perdebyttjie: Jy is gervewe!

- Perdebyttjie: Of Anid.

Una: Koekemekranka! Perdebyttjie, hierdie is 'n hengse mondvoll! My oë bly omtrent uitpop van al die senarios wat jy so gemaklik hier laat rondvlieg! En dan wil jy wegvlug in jou Boomaway-wa, nogal met my B op. Ek moet nou eers diep sit en dink oor wat ons vannag hier oorgekom het.

- Perdebyttjie: Solank die B net nie die B van jou bra is nie, né Una!

- travel460: Jong ja. Lyk my die partyttjie was willer as wild!

- travel460: Ek hoop nou maar die B het afgeskiet tydens die ontploffing in die kombuis. 😊

- perdebyttjie: Ja, want as skeptikus wil ek regtig nie glo aan spoke nie!

Kameel: Ek het my nou so gelag vir die spul. Dit is so goed geskryf!!! My en Una se pruike 😊😊😊😊 Hoe gaan ons weer orde skep!!!! Liewe Moses my kop spin.... wonder of die Latynse beampte darem genade

met Kameel sal hê as Camilla nou in haar glorie in geskiet is. Ek sal soos Una eers moet sit en die spul inneem. Voel asof 'n aardbewing my getref het.

- Perdebyttjie: Ek weet ook nie hoe lank hy snot en trane gaan verduur, van 'n ontmaskerde Camilla nie!
- Kameel: Ag en hy was so handsome 😊
- Toortsie: Verstaan jy nou hoekom ek vanoggend besluit het mens moet hierdie stuk happie vir happie lees wanneer jy tyd het, nie sommer gou vinnig en verby nie?

Kameel: Ek is bly jy het Hester se kop so bietjie gewas wat sit en tjoklits eet terwyl ons al die werk moet doen!!!

- Perdebyttjie: Dis hoogtyd dat sy daai Escobar skurk nou in sy maai stuur en bietjie terugkom aarde toe. Sy is heel waarskynlik in die swewende hemel van sterkgekruide rookgoedjies. Die tjoklits is seker ook gedokter.... spesiale "brand" Esco-bars!
- Kameel: 😊😊😊😊 Onse Hester en haar luukse lewe.
- HesterLeyNel: Ek lees hoe skinder jy van my! Hoe moet ek nou voel?
- Kameel: Hester as ek geskrik het raak ek kwaad en was almal se koppe om my.... nog erger ek gryp hulle aan die keel (vra my dogter) Jy sit bietjie vêr vir dit 😊
- HesterLeyNel: Ja, dankie tog. Ek het 'n lyfwag ook.

Kameel: Vir hoeveel mense het jy plek in daardie wa van jou? Dink ek moet ook spore maak 🤔

- Perdebyttjie: My trippel D laat geen ruimte in die voorste sitplek nie. Ek weet ook nie of my voete die pedale gaan bykom nie, want daai boesems druk my vêr van die stuurwiel af. As jy nog kans sien om onder sulke omstandighede te vlug, is jy welkom.
- Kameel: Ek lyk ook soos 'n bakkie skeefgelaai vir die naweek oppad Lesotho toe met al die buit... maar tussen ons twee sal ons wel jou zoomwa bestuur kry.
- Perdebyttjie: Nou ja, klim, dat ons kan ry. Sorg net dat jy die brood met die kroonjuwele by Tannie Frannie afvat.
- Kameel: Ooooo waar is Sonell... sy doen die karate ding 🥋
- Perdebyttjie: Dink jy karate sal nodig wees om die dierbare Tannie Frannie tot ander insigte te dwing?
- Kameel: Kyk jy nie movies nie.... weet jy wat 'n brood vol kroonjuwele aan die sagmoedigste mens gaan doen? Jammer Frannie as dit karakterskending is... maar ek het noual soveel dinge by toweropstal beleef dat niks my meer sal verbaas nie.
- Perdebyttjie: Dis ook weer waar...dis juis die mens van wie jy dit die minste verwag, wat dalk kan sorg vir opslae.
- Toortsie: Tannie Frannie, hou daai brood styf vas. Niemand verlaat die Toweropstal voor die kombuis nie skoon is nie en basta.
- Kameel: Jy klink nou nes Hester 😊
- Toortsie: Ek is nie lus om alleen kombuis skoon te maak nie.
- Kameel: Ons los die kombuis vir later wanneer almal bedaar het... en jy weer jou kopdoek op het.
- Toortsie: Right! 🤔
- Tannie Frannie: Reg so Toortsie, ek's goed met skottelgoed...

- Toortsie: Iemand wat gaan help!
- Tannie Frannie: Ja-a, maar teen 'n prys...
- Toortsie: En WAT sal dit wees? 🤔
- Tannie Frannie: Ag wat, ek sal settle vir die ou broodjie hier onder my arm...
- Perdebyttjie: Sien, sien, wat het Kameel gesê van wat geld en skatte aan mense doen?
- Toortsie: Net 'n ou broodjie, né 🤔🤔🤔🤔🤔
- Perdebyttjie: Tannie Frannie begin al klaar soos 'n gulsige skelm dink. Waar is die sagte vriendelike tannie nou heen?
- Tannie Frannie: Dis mammon, 'Byttjie, dis net daai mammon!
- Perdebyttjie: Gelukkig is dit net 'n ou broodjie...
- Tannie Frannie: Umm...ja...
- Tannie Frannie: Nee, glad nie karakterskending nie – net goeie mensekennis. Brood? Watse brood??
- Kameel: Ek het vir Perdebyttjie gesê!!! 🤔🤔🤔🤔
- Tannie Frannie: Almaskie – onthou my terrible tweelingseuns Frangelico en Vangelis!
- Sonell: Ag neewat. Ek sal net my oorredings talente gebruik.
- Tannie Frannie: ...en hier handhaaf ek so 'n lae profiel in die hoop dat julle nie my kameerolletjie (met gepaardgaande buit) sal agterkom nie...
- travel460: Wag jy ook nou eers, Perdebyttjie. Jy is in elk geval nie klaar gewerk nie, die bye is woedend na die slag, en Toortsie hol nou al om die boom. Jy moet gaan red wat te redde is!
- Perdebyttjie: Ek maak nou gatskoon...klaar met julle!
- travel460: Sies vir jou. 😊
- perdebyttjie: Miskien moet ek heroorweeg...gee my nog 'n kans. Dis die skok en trauma wat my verward laat optree!
- travel460: Hier is tweede kanse 100% verniet! Ek kom help gou met die bye.
- travel460: Jy gaan nêrens! Bly net sit of lê waar jy ook al wakkergekry het. Mens maak nooit belangrike besluite as jy ge-traumatiseerd is nie. Kyk net rond dat niemand fotos neem nie, mens weet nooit...Waar presies was jy heelnag, Kameel?
- Kameel: Moet ek sê?
- Perdebyttjie: Ja jy moet. Dit kan help met die ontleding van jou gemoedstoestand.
- Kameel: Jy moet onthou Camilla is weg 🤔... en Kameel staan nou ontbloot voor julle. Ek voel werklik naak sonder haar. Hoekom het jy haar met Toorts se konkoksie die lug ingeskiet?
- Perdebyttjie: Jy kan net in die rommel gaan rondkrap vir haar stiletos 👠 pruik, mascara en lipstiffie en 'n "comeback" maak. Jy moet net eers die warm snot en trane afvee...miskien met Toorts se opgehangde kopdoek of een van Una se tentgrootte deurskynende Balipênties.
- Kameel: Balipêntie sal dit moet wees. Ek sien voor my maar 'n patetiese Camilla.... maar met 'n bietjie sta soft???? 😊
- travel460: Bieghoekie! Ons het mos nou ons eie bieglek. Kry jou daar!
- Kameel: Ek is oppad.... jy weet ek is rigtingbeduiweld... hoe moet ek dit kry tussen al die chaos?
- travel460: 😊😊 Jy kry dit alweer reg om my te laat giggel! Ons kommentaar-skryfery het my in die moeilikheid. Gisteraand wou manlief baie, baie verergd weet hoekom ek so op my foon lê! "Ek neem

deel aan 'n blog kompetisie, en vanaand is my beurt, anders verloor ek.” Blatant gelieg!!! Die bieghokkie, Abrie moes inderdaad een saanvlans want die rytjie is l...a...n...k van bloggers wat moet praat.

- Kameel: Una 😊😊😊😊 dis erg. Dis soos ek wat verlede naweek met my foon heelyd hmmm toe verdwyn.het... terwyl daar 'n volskaalse partytjie aan die gang is.
- travel460: Ek begin net al hoe meer besef dat niemand 'aan die buitekant' presies kan verstaan nie. Jy moes my verduideliking gehoor het toe middel-kind my bank-besigheidskaartjie vinnig moes ontwerp!
- Kameel: Bieghokkie toe met jou!!! 😊😊😊😊 Nee hulle sal nie verstaan nie... nog minder hoe ons ons so kan inleef in die storie.

Lekkervurig: Perdebytjie. Jy laat my weer en weer lees en ek skater. In volkleur geskryf. Puik! een vraag...waar is die bye? As ons dit in jou wa waag en die bye is nog daar...dan is dit kismet met ons.

- Perdebytjie: Ek het hulle lankal in die bankkluis losgelaat. Dit sal die amptenare etlike dae neem om daar in te kom om die diefstal te ontdek. Dit gee ons genoeg tyd om te laat spaander.
- Lekkervurig: Sit Ma se slim kind!

Rob Alberts: Doorlopen? Overslaan? Ik lees juist heel graag bij jou! Vrolijke groet,

- Perdebytjie: Jy kan maar lees, Rob. Dit sal dalk net bietjie onverstaanbaar wees as jy nie ons groep bloggers se storie van die begin af gelees het nie.

Kameel: Kan iemand asseblief nou vir Toorts tot bedaring bring.... sy maak my kop dronk met haar gehollery om die boom. Abrie... ag tog jy lê vasgepen op die grond... iemand klim in die boom en kry Toorts se kopdoek ASSEBLIEF!!!!

Annaberg: Dat zijn leuke dingen voor de mensen.

- Perdebytjie: Dankie dat jy kom lees het, Anna. Dit was seker heel onverstaanbaar, want ons is 'n groep bloggers wat 'n humoristiese storie skryf. 😊
- Annaberg: Ook al begreep ik niet alles, ik vond het toch grappig.
- Perdebytjie: Baie dankie, Anna.

HesterLeyNel: Jammer, ek het vanoggend die drade van my kakebeen af laat verwyder en nou eers hier opgedaag. Net betyds om te sien hoe ek beskinder word oor my lewensstyl-voorkeure en my keuse van mans. Mansvriende bedoel ek. Jy is geskakel Perdebytjie.

- Perdebytjie: As jy so lank afwesig wil wees, verloor jy beheer oor wat hier aangaan. Dankie vir die skakel, Hester.
- HesterLeyNel: Ek het beheer gehad?
- Perdebytjie: Eintlik nie...net in een van jou gerookte drome.Die werklikheid slaan hard, Boss!
- HesterLeyNel: Hoë bome en so aan ...
- Perdebytjie: Bome soos in boom...die rookgoedjies?

- HesterLeyNel: Ek is ‘n nie-roker, nie-drinker, nie-slukker, nie-snuier ... Dit laat my nou dink aan die keer toe ons ‘n nuwe bestuurder gekry het baie jare gelede toe ek net by die bank begin werk het. Die personeelbestuurder het ons ingelig dat die nuwe bestuurder ‘n man van sobere gewoontes is – hy rook nie, hy drink nie, hy vloek nie ... en toe vra ons afdelingshoof: “Het hy kinders?”. Ons het gegil van die lag en is goed oor die vingers getik.
- Perdebyttjie: Ons is net bang ou Pubbles het jou teen jou sin verlei na al hierdie onheilighede!
- HesterLeyNel: Nee, ons speel net rummy en drink gebottelde watertjies.
- Perdebyttjie: 🤔🤔🤔
- Toortsie: Ek dink nou aan ‘n soortgelyke een! 🤔
- HesterLeyNel: Vertel!
- Toortsie: Klink soos joune. ♡
- HesterLeyNel: Presies net so?

Toortsie: Ek sit kliphard en lag. Ek sien die prentjie so voor my en jy maak my beangs, want ek het twee bakke van daardie einste gefrangelikoliseerde poedings by my in die kar!

Perdebyttjie: O jimmel, jou kar kan dalk verander in ‘n Muskvuurpyl!

- Toortsie: Hoop nie so nie! Maar met my man se voet op die dieselpedaal is enige iets moontlik. 🤔
- Perdebyttjie: 🤔🤔
- Toortsie: 🤔

HesterLeyNel: Briljant geskryf, ek was nou so geskok dat ek dit drie keer moes lees voordat ek kon besluit wie, wat en waar alles nou skielik onderstebo geraak het. Ek het geweet Toortsie se gebrou gaan backfire. Nou wil die misdadigers elkeen sy eie rigting inspat. Wat het geword van lojaliteit en samewerking? Is alle take al uitgevoer? En moenie weer ‘n vinger na my wys nie – ek is hier by julle, alhoewel nou nie juis in vaste gedaante nie! Dankie vir hierdie bobaas entertainment Byttjie.

- Perdebyttjie: Dit was lekker om te skryf, maar ek moes kophou met al die kommentare en insetsels om hierby uit te kom.
- HesterLeyNel: Jip, die storie loop vinnig; dis soos die poeding so sous wat oorkook en jy moet weet waar om te keer.

Toortsie: Julle gaan nie nou almal weghardloop nie! Ek gaan nie die gemors alleen skoonmaak nie! Kom hier! Almal wou help klits, nou moet julle help skoonmaak ook!

- travel460: Ek en Kameel staan in die rytjie wat moet bieg. Sodra ons ons praat gepraat het, en ‘regger’ voel, kom ek help.
- Toortsie: Jul mag eers rus en bieg, moet net nie verdwyn nie.
- travel460: Toortsie, ek gaan nêrens, net terug bank toe! Het my dubbelDdubbelD daar vergeet, en al daai ponde lê ook nog daar. Nee, my naam is op die spel. Hoe sal dit nou lyk as my besigheidskartjies SAAM met die res van die buit gekry word!!! My naam gaan nie aan ‘n halwe poging gekoppel word nie. Ek kan nie eers onthou hoe ek terug in die Toweropstal geland het nie! Nou-nou het ek belangrike “evidence” daar gelos.

- Toortsie: Reg so. Kameel het my ook darem gerusgestel.

Sonell: Ek is nou so deurmekaar soos 'n pizza in 'n tuimeldroer. Kan ek net 'n bietjie boere nikotien kry vir my hoofpyn? Dis Grandpa vir die wat nie weet nie... Hierdie ontploffing het my kop nou in alle rigtings geskiet. Kan almal net kalmeer? Dis die poeding wat geskiet het. Die Filistyne is nie op ons nie.

- Abrie Joubert: Hulle is die Vistuiene en hulle is boonop gefranjelliekoseer
- Sonell: 🤔🤔🤔🤔

Wegkruipertjie: Al wat ek wil weet is wat het Toorts in daai poeding gesit om dit te maak ontplof? Sy wil hoeka nie die resep deel nie. Ek vertrou die hele spul b(l)oggers niks nie, het almal die regte bedrae neergeskryf? En hoekom sien ek nerens die stuk papier nie? Gaan ons nou van voor af moet tel? En daai poliesmanne se boude is ietwat ronder as vantevore, ek is seker hulle het ook Balipenties aan

- Perdebytjie: Almal het Balipënties gekry. Una het 'n hele wavrag hier laat aflewer.
- Toortsie: Iemand het vergeet om die poeding in die yskas te sit en dís waar die probleem gekom het. Nog so 'n bietjie asemhou, die resep volg binnekort en dan sal julle sien daar is niks onheiligs in nie.
- Wegkruipertjie: Klink vir my na opsetlike sabotage, dalk is ek net alweer wantrouerig teenoor die b(l)oggers
- Abrie Joubert: Was nie my Dictionary of Detonation nie. Is nie was nie
- Toortsie: Ek dink eerder dat dit 'n geval was dat die sopies Frangelico saam met die spookskok te gou begin werk het en iemand se aandag dalk maar per ongeluk gedwaal het.
- Kameel: Net vergeet om die poeding in die yskas te sit sê Toorts. Tussen haar en Sonell klink dit asof die uil wat sy vere verloor en die koeie se melkimmers wat duike in het en haar eie kopdoek wat in die boom hang en die spoke wat tweekeer graf toe is en en en en, somer maar net 'n blapsie was.... niks om oor huistoe te skryf nie. Wonder of sy en Sonell nie kop in een rooi doek is nie?
- Perdebytjie: In hierdie hewige krisis is dit al waaraan hulle dink...ai!!
- Toortsie: Wat probeer jy insinueer? Ek het my nie eens vreeslik aan die geld gesteur nie, net daarin gerol?
- Perdebytjie: 🤔🤔
- Sonell: Ek was maar solank skottelgoed. My hande in onskuld ook...
- Tannie Frannie: Hierrr is jy! Waar kruip jy weg??

Rondomtaliedraai: Hehehehe julle het darem flukse verbeeldings

Matroos Beek: Ek verstaan nie alles nie, maar ek hou van die taal om te lees. Die storie lyk baie skreeusnaakse!

- Perdebytjie: Dankie dat jy kom lees het, Matroos. Dis so lekker as jy die taal geniet.

Abrie Joubert: Tina hierdie is absoluut puik. Al die navorsing wat jy gedoen het kom sterk en snaaks deur. As herdie 'n film was sou mens dit keer op keer kon kyk en elke keer iets bysien en weer snaaks vind. Soos die groot filosoof (verwysende na sy postuur) Shrek gese het: it is layered like an onion!

- Perdebytjie: Dankie Abrie, dis nou baie lekker om te hoor. Ek moes omtrent my neus op die grond hou om almal se kwinkslae, snaaksighede en idees bymekaar te sit. Gelukkig was ek met vakansie en ek het genoeg tyd gehad.
- Toortsie: Dit klink amper na 'n Jack Sparrow storie. Pirates of the Caribbean, hoe spel mens dit?
- Lekkervurig: Toorts eerder Jack Parrow se My koningkryk... 😊
- Toortsie: Ek ken nie dit nie, maar chaos is nie die woord nie. Elkeen maak wat hy wil en op die ou end werk alles goed uit. 🙏

scrapydo2: Nee, hel, perdeby jy kan sommer 'n eie boek skryf. Ek het my nou skoon gate uit geniet met al die skietende, barstende goete. Arme Porkie se vroujie gaan hom nie ken as ons weer tuis is nie.

- Perdebytjie: Gaan jou mense jou weer herken nadat jy deur die klankgrens met jou Muskvuurpyl gebars het, Scrapydo?
- scrapydo2: Jy moenie nog praat nie. Die vorige keer moes hul my n spesiale permit gee om uit te klim. Hierdie keer gaan hul my en Porkie in kwarantyn sit omdat arme Porkie nakend is en op vreemde aarde getrap het. Sal maar 'n plan moet maak om verder te ontsnap. Hoop om darem so n paar ponde/goud of note te hê om spul hier om te koop. Ongelukkig sal ek so baie nodig hê dat ek twyfel of dit genoeg gaan wees.
- Perdebytjie: Skerp!

Natuurfreak: Wat leuk geschreven en prettig om lezen

- Perdebytjie: Haha, dankie dat jy kom lees het, Marylou!

HOOFSTUK 8

Die plot



deur [ekmyselff](#)

Geen kalmte by die Toweropstal nie, dit is absoluut chaos... na die poe(f)ding ontploffing.

Hester stap kalm en dood rustig tussen almal deur, hak haar regtervoervinger in 'n trippeltrippel D wat op die grond lê, swaai hom deur die lug en sê/skree deur haar, nog seer mond, so hard as wat sy kan: Julle beter vir julle regruk en vinnig ook, die diamante wag!

Abrie lig sy kop, snork en sê kliphard vir Sonell, en wie dink sy is sy om net hier in te val en sommer dadelik te kom hiet en gebied soos sy wil. Sonell begin lag, ha ha ha, dan beweert sy dat sy nie rook nie, sy is verdomp hoog op boom... van watse diamante praat sy?

Ek is dood ernstig, daar is diamante in 'n weggesteekte kluis in die bank, genoeg vir ons almal.

Ja, bla, bla en jy verwag ons moet jou glo?

Nee ouens en vrouens, kom ons luister eers vir Hester uit, ons is nou so ver deur hierdie ding, ons kan nou netsowel voluit gaan. Ek wil in elke geval nie my naam gekoppel hê aan 'n halwe poging nie, my naam is op die spel hier, sê Una.

Nou sweef selfs oom Piet en oom Paul nader om hierdie storie te hoor, ore gespits.

Ons sal moet terug bank toe en die res van ons skat gaan haal.

Sersant Gigaba spring op en se dat die Toweropstal se span op hulle samewerking kan reken. Nou goed, daar is nie tyd nie, ons sal moet spring, sê Hester.

Ekmyselff het skaars tyd om die CDs en Perdebytjie se bottels heuning wat sy vergeet het, te gryp.

Die hele span, die van die gereg en die van die Toweropstal skarrel en skrop, dit was nie 20 minute later nie en die klomp is terug in die bank.

CD: dj EM (Vir elke bankamptenaar)

Money, Money, Money – ABBA

Ek sou kon doen met 'n miljoen – Lucas Maree

My Koningkryk – Jack Parroe (Lekkervurig)

Byeboerwa – Carika Keuzenkamp (Perdebytjie)

Girls Just Wanna Have Fun – Miley Cyrus

Lady In Red – Chris de Burgh (Camilla)
Wegkruipertjie – Kurt Darren (Wegkruipertjie)
Me, Myself and I – Beyoncé (Ekmyselfff)
Yearning – Raul Ferrando (Sonell)
Simply The BEST – Tina Turner (Die Toweropstalspan)

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Kameel: Dankie tog dat Hester terug is by toweropstal.... net miskien kom daar nou orde. Jy het jou goed van jou taak gekwyt.... ek was so bly dit was nie ek wat ons uit die gemors moes skryf nie. Hoe de josie ons in daardie kluis gaan kom met al die bye wat perdebytjie daar in gelos het weet ek nie.... maar dit is môre se bekommernis.

- ekmyselfff: Ai, die Hester... ander ene, sy! In moet ons in, ek hoop Wegkruipertjie het 'n plan en ook met al daardie manne van die gereg.
- lekkervurig: Jinne, die Hester kan ons klomp darem bymekaarskraap. Una is seker bly oor die nuus
- dat daar nog meer kroonjuwele is.....Dankie vir my liedjie! Die speellys is sommer reg vir 'n lekker opskop.
- Ekmyselfff: Ek is net so baie bly oor die kroonjuwele. Ja nee, nou begin hierdie DJ met bemarking. 😊
- lekkervurig: Sterkte!

travel460: O ja, ek is baie bly ons moet teruggaan bank toe! Ek moet seker maak my DNA bly nie daar agter nie, net my besigheidskartjie. En in die geharwar het ons alteveel leë DDDDDD's daar gelos, dit moet alles volkom.

- Kameel: Ek sien wraggies op om terug te gaan bank toe. Hou niks van daardie donker tonnells nie... en dis 'n dekselse lang pad. Wonder of ek nie agter kan bly en kombuis skoonmaak nie. Ben sal kom help... sy ma voel beter en hy is oppad terug.
- travel460: Kameel, weet jy wat bekommer my. Ons gaan om die draai 'ontdek' word, en dan beter ons bymekaar wees as dit by vlug kom. Jy kan my nie nou loop drop nie. Ek sal vir jou oorfone organiseer, dan loop jy na jou musiek en luister in die donker tonnells. Ons sit hierdie slag kopliggies op, vat 'n vlessie versterkingtjie, soos 'n witwyntjie waarvan jy tog hou, saam. En ons sorg dat die poelieste voor en agter ons stap. Ek hou niks van 'n ge-boudvattery nie!
- Kameel: Ja daardie spookomies en 'n geknypery in die donker bekommer my. Wonder of ek nie êrens 'n fiets in die hande kan kry nie.... glad nie lus vir die langpad stap nie.
- travel460: Goeie plan. Kom ons gaan lê gou die volk hier op die buurplaas s'n vas, dan los ons vir hulle 'n bondeltjie note. Teen die tyd wat die geld uit die bank vermis word, is dit al lankal tussen die wat dit die nodigste het, versprei. Soos Robin Hood, ons maak of ons sy Lady Marian is.
- Kameel: Dis nou 'n slim plan!!! As die fiets 'n carrier het kan jy saamry... anders sit jy sommer op die handle bars. Nou is ek so opgewonde... voel kompleet soos toe ek kind was.
- ekmyselfff: Nee jy sal moet saam. Daar skuil 'n agenda agter – jammer. Ben sal maar alleen moet skoonmaak.

- Kameel: Laas het perdebyttjie ook gesê sy het iets vir my... en toe blaas sy Camilla op 😊 Ek probeer hard om my vertrouwe in die mensdom weer terug te kry.
- HesterLeyNel: Mmmm, 'n alleentydjie met Ben.
- Kameel: Ons sou kombuissskoonmaak Hester.... maar nou moet ek saamgaan sê Una.
- HesterLeyNel: O, is dit wat 'n mens dit deesdae noem – kombuissskoonmaak.
- Kameel: 🍷🍷🍷🍷🍷

Toortsie: Hier gaan ons al weer en ek het noutevrees!

ekmyselff: Vasbyt!

- Toortsie: Ek gaan saam, net om weer in die geld te kan gaan rol!
- Toortsie: En hoekom het ek nie 'n lied nie?
- ekmyselff: Ek kon niks musiek oor banting kry nie 😊 Jy kan altyd sorg vir die 1ste een ooit. 😊
- Tannie Frannie: Tamatiesous en kerriekos, 'n lekker waatlemoen en 'n druiwetros, 'n afval en 'n mieliestronk, dan's die hele wêreld reg!"
- Toortsie: Perrrfek!
- travel460: Toortsie, jy loop saam met my en Kameel. Ons sal hierdie 'n opwindende stappie maak. Ek stel voor ons al drie sit jou rooi kopdoeke op, dan lyk ons eenders vir ingeval die spoke planne het.
- Toortsie: Ons drietjies is darem net 'n span, nê! 🍷
- Kameel: Toorts ek gaan met 'n fiets ry... Una op die carrier, jy op die handle bars en daar gaan ons!!!
- travel460: Jaaaaa. Hierdie gaan groot pret wees; ek het jare en jare laas op 'n fiets geklim.
- ekmyselff: Ek help net nie as julle val nie, wie het deesdae die noodhulp tassie? Ek hoop hy gaan saam... hier kom n ding.
- travel460: Die spoke gaan vir dié gesig wegghol!!!
- Kameel: Ek wens ons kan 'n foto neem.... dit gaan classic wees!!!
- ekmyselff: Ek sit reeds en lag vir die prentjie – drie rooi kopdoeke, alger op een fiets. Wie gaan trap?
- Kameel: Ek is aan die stuur!!! Ek is nou meer opgewonde oor die fietsrit as oor die kroonjuwele 😊😊😊
- Ekmyselff: Nou worry ek oor die ROOIkopdoeke, mmm.... mense moet nou net nie dink....
- travel460: Met Toortsie se rooi kopdoek op, en Ekmyself se musiek in jou ore! Perdebyttjie gaan moet afneem!
- Abrie Joubert: Wou nou gesê het oor die banting enige lied van die groep Meatloaf, maar dan dit is 'n vleis(brood) so dit gaan nie werk nie
- Toortsie: Maar 'n vleisbrood is perfek!
- Abrie Joubert: Toortsie met respek na die tiramisjoe dink ek nie ek sien kans vir 'n volksvreemde meatloaf met 'n Amerikaanse aksent wat jy vir ons bymekaar kan slaan nie!

perdebyttjie: Jy moes die 1812 Overture ook op jou lys gesit het. Dan kan ons weer skrik as die kanonskote klap 🍷

- Kameel: Nee perdebyttjie... ons is nounet weer besig om oor die groot skrik te kom, en plesierig te raak.
- Positief: Die b(1)oggers moet net nie te plesierig raak nie, die bankkluis moet leegkom
- ekmyselff: Die poelisie moet ini kluis *fluister*

- Kameel: Moet eers bietjie lag voordat ons die volgende taak aanvat.... anders gaan ek in 'n gat beland.
- Abrie Joubert: Vanoggend het tannie voor my erg geskrik met 'n drom wat hard geslaan is reg in die begin van 'n musiekstuk. My kinders se skool se blaas-orkes en koor het vandag by 'n kerk opgetree as deel van 'n paasdiens. Sy het darem daarna weer geglimlag
- perdebytjie: Jy het seker dejavu beleef van die Detonation by Toweropstal. 🤖

rondomtaliedraai: Oooo hier kom 'n ding

HesterLeyNel: Dankie, dankie dat ek nou so welkom voel hier! 😊 Ek VOEL nie juis welkom nie, ten spyte daarvan dat ek toe die enigste een was wat die moeite gedoen het om die joernaal te lees en so te leer van die diamante. Ek wil ook die kluis skoonkry en wegkom – terug Colombia toe. Ek het net kom seker maak dat ek my deel van die buit ontvang, want ek wil my eie besigheidjie gaan opsit daar oorkant die water.

HesterLeyNel: Ekmyselfff, dankie vir die CD, jy is reg, ons is simply the best. Wegkruipertjie moet nou net die polisie oortuig om ons te help opruim en die buit op die Lekker Lorrietjie te kry. Solank hulle glo dat hulle gaan deel in die buit, sal hulle help werk.

- Kameel: Waar was daardie joernaal toe al die tyd Hester? Ons is regtig bly jy is terug... sien skaars aangeland en jy ruk ons klaar reg. Colombia sê jy.... wonder wie is die trekpleister daar?

HesterLeyNel: Dit was nou die snaaksste ding. Ek het bang geword oor wat hier aangaan toe Abrie so knaend gepraat het oor die Ides of March. Ook maar goed ek het besluit om terug te kom, want vandat ek hier aangeland het, sit julle mos nou hier rond soos 'n klomp zombies – seker maar skok van die ontploffings. Niemand kan my enige intelligente antwoorde gee oor wat gebeur het nie en ek besluit toe maar om self met die tunnel langs kluis toe te gaan. Langs die pad kry ek toe hierdie ou omie met 'n lang baard wat vra dat ek asseblief hierdie boek vir die erfgenaam (Abrie) gee om te lees – dit bevat al die inligting wat hy nodig het om al die skatte te kry en so gou as moontlik hierdie dronkspul hier weg te kry voordat hulle die hele plaas opf@k. Abrie was nog so bedwelmd (en ek so nuuskierig) dat ek die joernaal maar self gelees het.

- Kameel: Ek sal graag wil hoor wat Abrie daarvan gaan sê. Jy het voorwaar moed gehad om daardie tunnel alleen aan te durf.... en die twee ooms 🤖
- Abrie Joubert: Abrie is vir 'n wyle buite aksie, nie 'n pilaar van die kriminele gemeenskap nie. Tussen die klanke wat die Frangelico binne die maak veroorsaak tot die klanke wat die buite die oor daardeur genereer is raak ek nou ongefranjelliekoseerd.
- Kameel: Jy is stil, kyk tevergeefs of jy lewendig uit die bos gekom het. Ooo ek kon sommer jou fiets gebruik het... nou het hy 'n pap wiel.

lekkervurig: Helloooo! Ek is weer lekker wakker. Vuur en vlam, het die Lekker lorretjie se bande en al daai nagegaan en sy ou tenkie is vol. Stap voor Hester en Towerinne, ek sal so met een oog toe ophou dubbel sien....wat is volgende?

- Abrie Joubert: Ons moet tot verhaal kom

Abrie Joubert: Ek was buite aksie in 'n alternatiewe dimensie as die Toweropstal dimensie en kom nou eers weer tot verhaal vir bloggers in dit nogal belangrik. Die frank smaak van die Frangelico met meer angel as engel in my mond en wese laat, laat my dink aan daardie bekende woorde van Clark Gable van waar die wind jou wegvat: Frankly my dear I don't give a.... BAM!

lekkervurig: Was dit 'n ontploffing....die BAM?

lekkervurig: Wegkruiper, wegkruipertjie – waar is jy? Hester! Help!

- Positief [Wegkruipertjie]: Ek is op pad, byt vas
- lekkervurig: Phew, ek dag jy is gesteel.....

HOOFSTUK 9

Weg is ons



deur [wegkruipertjie](#)

Met die klanke van die Tiramishoeshoe wat op ons oordromme speel en die trippel D's wat oral rondlê, besluit Kameel, Una en Toorts dat dit veiliger is om eerder met 'n fiets teruf te ry na die kluis. Soos blits pluk Toorts ekstra kopdoeke uit haar sak en klim, op die handlebars, Una klim agter-op en arme Kameel moet trap. Wheeee

Tussen al die poeding vind Wegkruipertjie 'n pragtige blonde pruik en Rooi Stiletto-skoene, sy kry ook 'n noodhulpkissie. Pleks van medisyne is daar die pragtigste nurse-uitrusting weggesteek. Dit pas so perfek by die stilettos en pruik dat sy nie kan wag om die outfit aan te pas nie, siedaar 'n nurse wat saggies fluister vir sersant Gigaba se 2nd-in-charge: "Boom, boom, boom, boom, I want you in my room....."

In 'n beswyming volg hy haar na die kluis. Daar gekom vind hulle vir Hester, wat besig is om aandagtig 'n groot joernaal te lees, pleks van om geld te tel. Die 3 fietsryers het ook geland met 'n bang en Toorts rol so rond in die geld dat net haar rooi kopdoek en 'n stukkie van haar gesig sigbaar is. Mens kan sommer die genieting duidelik sien.

Van die bye is daar geen teken nie, hulle het so baie soet Tiramashoeshoe geniet dat hulle dronk by die kluisdeur uit is om Frangelico gegeurde heuning te gaan maak. Abrie steier ook in, êrens in die tonnells het 'n ou-omie spook aan sy boud gevat. Hy is so verontreg daarvoor dat hy skoon nugter is en gretig om die spulletjie aan die gang te kry.

Nurse Hipnotiseerster beduie aan die polieste om die Bali-pênties aan mekaar vas te knoop en vol te stop met geld, diamante en alles van waarde. Totaal betower begin hulle uitdra, reguit na die Lekker-lorrietjie wat staan en wag. Lekkervurig beduie aan hulle waar om die buit te pak. Soos miere stap hulle terug om die volgende lot in die Bali-pênties te laai.

Tjoef-tjaf is die lekker-lorrie volgelaai, 5 ton note, diamante en nog vele ander blink buit lê die lorrietjie vol. Die polieste het per ongeluk vir Toorts saam met die geld ingelaai, maar vir die ander towerinne is daar geen plek in die lorrietjie nie. Gelukkig kom Perdebytjie tot die redding met die Boom-away. Die Towerinne en Abrie bondel almal in die wa in en op die maat van Ekmyself se CD, volg hulle die lekker-lorrietjie. Party van hulle sing vals saam met Tina Turner se "Simply the best", nurse

Hipnotiseerster lag saggies vir die enkele Krugermunt agtergelos in die bankkluis en die Latynse poliesman staar die lorrietjie na, met die toweropstal in die agtergrond.

Abrie sal verder vertel oor die wegkom.

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Kameel: Jy het my nou vreeslik lekker laat lag... dankie vir ons fietsry foto.... en Toortsie in die geld is hillarious 😂😂😂😂 Ons sal moet teruggaan.... daardie Latynse offisier moet saam met die buit weggeroy word... al moet ek hom weer boei.

- Wegkruipertjie: Daai poliestman is yummy vir seker. Skuus ek het jou pruik en skoene gesteel
- Kameel: Alles in die haak... die nursie lyk toe so mooi... en kry die werk so gehoorsaam gedoen (soos miere wat vir hulle koningin werk stap die polieste op en af in die tunnel en laai die buit) dat ek net te dankbaar is.

Tannie Frannie: Hoe lekker toor jy nou met die prentjies, ek is sooo bly jy het uit jou wegkruipplek gekom! Kan net dink dat Abrie erg verontreg voel!

- Wegkruipertjie: Abrie se boud is die enigste waaraan nog nie gevat is nie. Haha, nou moet hy al verontreg verder vertel
- Perdebyttjie: En hy is so preuts! Dis tyd dat hy ook bietjie loslit raak saam met die Towerinne. Ek dink dis daai volgestopte monnikmantel en die Balie blou bal-en-klou tafelpoot wat hom so strem.
- Wegkruipertjie: 😂😂😂

travel460: Hierdie sms kom van Hester af: Waddehel gaan aan? Waar is almal? Ek het nounet voertuie hier hoor weg spin en hier sit ek alleen in die kluis met 'n klomp bye wat om my kop rond-zoem. Sersant Gigaba is besig om met 'n fiets te ry in die banksaal. Wat maak die polisie nog hier? Sê vir Abrie hy beter my hier uitkry! Hoor jy my Una? UNAAAA!!! Julle moet my kom haal!

- Wegkruipertjie: Oops Hester het so verdiep geraak in die joernaal dat sy nie agtergekom het almal is weg nie
- Kameel: O vaderland Hester nou lê ek kliphard en lag 😂😂😂😂😂 Ons sal moet teruggaan... ons het vergeet om die Latynse offisier te laai!!! Ry bietjie vir ontspanning op die fiets rond.... anders kan Sersant Gigaba jou lift.
- Wegkruipertjie: Onthou om die joernaal saam te bring, hierdie klomp Towerinne kan dalk nog so los ietsie kry om te gaan vind

Lekkervurig: Kyk, my dag is holderstebolder – alleen innie Lekker winkel en ook aan die kunsmis smous. Die epos vertel daar is iets nuut. Wegkruipertjie se foto relaas. Ek lag my morsdood. Die drie oppie fiets, die nuwe werk vir die pruik en die stilletoes, die dronk bye, Toortsie wat in geld rol, en dan daai arme Latyn in blou wat ons agterna staar. Ek sit en skater, Abrie ek hoop jy en Hester weet waarom en waarheen met die Towerinne.

Perdebyttjie: Hierdie is so oulik gedoen, Wegkruipertjie!! Ek is mal oor jou foto's, veral Toortsie wat in die geld rol en die drie op die fiets! Die Latynsevoorkomskonstabeltjie is 'n "dish" ...njammiess!!

- Perdebyttjie: Die tweede in bevel, se kortbroek doen dit nie vir my nie 🤔 🤔
- Wegkruipertjie: Dis daai stywe kortbroek van hom wat hom so maklik gemaak het om te verlei
- Perdebyttjie: Dalk gee dit hom hoofpyn.
- Wegkruipertjie: Oooh eh eh, of kopseer?
- Perdebyttjie: Stywe broekies...
- Kameel: Hands off van die Latynse offisier perdebyttjie!!! Jy kan die tweede in bevel kry 😊 😊 😊 😊 😊 kort broek en al!!
- Wegkruipertjie: En so dog ek ons gaan oor die geld stry, nou stry ons oor die polieste. Tipies
- Kameel: 😊 😊 😊 😊 😊 Ooo ek geniet dit gate uit!!! My Maandagoggend is die ene lag.
- Perdebyttjie: Op die end gaan ons toutrek oor daai offisier. Ek gaan jou uitslaan met een van jou rooi stiletto's!
- Kameel: 🤔 Jy het blykbaar van Camilla se ankie grinder vergeet!!!!
- Perdebyttjie: Die ankie grinder is poer toe, tydens die ontploffing.
- Kameel: Nope, iemand het myne mos lankal vasgelê.... op vuurpyl.... ek bedoel lekkervurig se aanbeveling... so het 'n voëltjie vir my gefluister. Maaaaar sy het een op haar lorretjie gehad wat nog heel bruikbaar is.
- Perdebyttjie: Gelukkig gaan dit nou nie meer nodig wees dat jy my "grind" nie, want ek het die mos nou die mooi mannetjie aan jou oorgegee. Jy moet seblief net mooi na hom kyk en oppas vir Wegkruipertjie met haar verleidelike nurse soettjie!
- Kameel: Ek sal doen wat Hester gedoen het en hom aan my vasboei 🤔

travel460: En daar gaan ons, almal saam in die Boomaway! Toortsie is voor ons, en Hester en die sersantjie het agter gebly... wat is ons plan van aksie? Ons moet Hester gaan haal!!!

- Wegkruipertjie: Hoekom is Hester heeltyd waar die manne is, eers was dit Pablo en jou neef, nou die sersantjie?? Iets is nie plus nie
- Perdebyttjie: Dis wat ek ook wil weet.
- Kameel: Sowaar!!!! Ons sal moet omdraai.... of ek ryloop terug en gaan kyk wat gaan daar by Toweropstal aan.
- HesterLeyNel: Is jy nou weer jaloers? Haha.
- Wegkruipertjie: Ek? Nooit. Nurse what-shall-we-call-her, miskien sy

travel460: Kameel, jy MOET nou eers ophou lag en help dink! Perdebyttjie, kan ons omdraai?

- Kameel: Laat ek en perdebyttjie eers klaar baklei!!!
- Perdebyttjie: Ek het besluit jy kan hom maar kry, Kameel. Ek hou nie van sy borshare nie. Jy het in elk geval so lekker snot en tranes daarin gehuil. Jy verdien hom.
- Wegkruipertjie: Ek is bly julle twee het julle baklei nou klaar baklei. Perdebyttjie, sien jy nog die lekker-lorrietjie? Al ons geld (en Toortsie) is daarin

- Perdebyttjie: Hulle staan langs die pad met 'n pap wiel. Ek sien Toortsie is besig om die band op te stop met banknote, want soos gewoonlik het iemand opgeslip en vergeet om te sorg vir 'n spaarwiel!
- travel460: 🤔👤
- Toortsie: Kan hulle nie met die fiets kom nie? Dis gevaarlik om nou om te draai!
- travel460: Toortsie, het jy gesien hoe kwaai is Hester op haar sms? Ek gaan nie die een wees wat sê sy moet fiets ry nie!
- Toortsie: Maar ek is nie bang nie, ek kom mos gereeld in die moeilikheid. Hester, Hester, kom in. Gryp asb die fiets en maak dat jy hier kom. Ons kan nie omdraai nie, dis te gevaarlik. Kom hier, ons het 'n pap wiel, jy moet asb kom help!
- Lekkervurig: WordPress het 'n pleister oor Hester se mond geplak.....as sy eers weer kan saampraat gaan sy ons foeter!
- Wegkruipertjie: Shuut julle, sy's terug
- Lekkervurig: O eh,eh.
- Toortsie: Hoe bang is ek nou!
- Toortsie: Het ek al gesê hoe mal ek oor die foto's is?
- Wegkruipertjie: Dankie, ek is sleg met fotos edit, maar kon nie weerstaan om 'n paar te doen nie

Lekkervurig: Kry vir Scrapy met die Elon Muskaat om hule op te pik....

- Perdebyttjie: Scrapy se Porkie-uil hou haar voltyds besig. Die dingetjie is nog erg getraumatiseerd en laat haar nie vir 'n sekonde uit die oog nie. Ek glo nie sy sal kan help nie.
- Toortsie: Joe! Maar nou raak hierdie partie vir jou lekker! Dankie dat jy tot ons redding gekom het, die tonnells sou nie nog 'n keer gewerk het nie. En die lorries! Wat 'n blink plan. Dubbel D's sou net nie genoeg gewees het nie.
- Perdebyttjie: Toortsie ek sien jy stop die pap wiel met banknote. Miskien moet jy liever dubbel D's gebruik.
- Toortsie: Gelukkig is ek 'n plaaskind. My pa het my al toeka se dae geleer wiel omruil.
- Perdebyttjie: Ja maar daar is nie 'n spaarwiel nie!
- Toortsie: Jajaaa ek besef dit! 🤔
- Toortsie: Ek het so maats gemaak met die melkerybure. Ek wonder of hulle my nie sal kan kom help nie?
- Perdebyttjie: Nee, nee Toorts! Hulle gaan lont ruik en dan is ons almal daarmee heen. Ek hou juis nie van daardie kortbroekkonstabel-met-die-sleutels-aan-sy-belt se houding nie.
- Toortsie: Toemaar. Ek dink ek het nou genoeg geld ingestop. Ons kan maar ry.
- Ekmyselfff: Vra, belowe hulle 'n heerlike poeding en sê ek sal vir hulle 'n paar CDs maak met rustige (voeltjie en viooltjie) musiek wat hulle vir hulle koeie in die stal kan speel.
- Toortsie: Toemaar. Ek dink ek het nou genoeg geld ingestop. Ons kan maar ry.
- Ekmyselfff: Vra, belowe hulle 'n heerlike poeding en se ek sal vir hulle 'n paar CDs maak met rustige (voeltjie en viooltjie) musiek wat hulle vir hulle koeie in die stal kan speel.
- Toortsie: Ek dink die wiel is nou okay. Ek het 'n paar bra's omgebind dat die geld nie verloor nie.

Lekkervurig: Nou wie het die ankegrinder en die spaarwiel laat afgooi om plek vir nog buit te maak. Jinne Toorts jy is slim om die stukkende band op te stop! Duuuursame band daai.

- Toortsie: Boerkind, jong, en soos jy weet, maak 'n boer 'n plan.

Perdebytjie: Ek het nou bietjie ingezoem op die kortbroekkonstabeltjie. Is dit sleutels vir boeie of vir 'n tronksel, wat daar aan sy belt hang? Mensig maar hy het 'n houdinkie. Nurse Wegkruipertjie kan hom present kry.

- Wegkruipertjie: Nou hoekom sal jy nou wil inzoem? Nuuskierig oor daai stywe broekie? En dan noem jy sleutels. Nee wat die nursie kan beter doen
- Perdebytjie: Daai broekie is 'n regte liesknyper en dis hoekom dit lyk of die man 'n kopseer het.
- Wegkruipertjie: Haha, dis mos warm daar in die Karoo, so hy moet so kort broekie dra
- Perdebytjie: Jimmel, maar is dit nodig om sooo kort te wees?
- Perdebytjie: Dis wat bye en perdebye doen... hulle zoem.

Ekmyselfff: Ek hou my eenkant, julle moet ophou so oor die mans te kere gaan, ons geld en diamante is nou op die spel – focus, girls. Ons kan nie nou toegesluit word nie, ek het planne vir 'n bosveld plasie.

- Ekmyselfff: Dinge ruk weer handuit, moes die sexy ene en die kortbroek nie in die kluis toegesluit gewees het nie?
- Wegkruipertjie: Dinge ruk altyd handuit waar die b(l)oggers betrokke is
- Perdebytjie: Sy houding wys hy laat hom nie maklik toesluit nie.

Lekkervurig: Ekmyselfff, dink ons moet laat Toorts poeding by die bure ruil vir room – hier is 'n paar katjies wat kalmeer moet word. Hehehe! G'n wonder Abrie sluip oral ontsteld rond nie. Reken hy wonder waar hy en Hester met ons opleiding fouteer het. Ons verbeeldingsreis is soos 'n sirkusdier wat sopas in die veld vrygelaat is. Die wêreld vol. Bwahaha! Wed julle ons volgende projek is beperk tot die eerste tien woorde in die woordeboek en niks anders nie!

- Kameel: 🐪🐪🐪🐪 Lekkervurig!!! Dink jy iemand gaan dit weer waag om ons te nader om 'n vervolghverhaal te skryf? We've blown it girl... we've blown it.
- Lekkervurig: Nee ou katta Kameel, ons vang soveel nonsens aan dat die helde (Hester en Abrie) hulle baie skills moet uithaal en wys om ons te red. Dis soos ou Harrison Ford en sy sweep – daar was duisend stories! Hehee!
- Toortsie: Ons gaan nog beroemd raak met ons vervolghverhale, ek is net bevrees dit sal nie regtig op gesinsradio uitgesaai kan word nie.
- Lekkervurig: What happens in Blogland, stays in Blogland.....

HesterLeyNel: Nou wil ek graag weet hoe Abrie hierdie ontsnapping gaan afsluit met so 'n klomp malkopvrouens en waar ons gaan beland? Hopelik nie in die tronk nie. Abrie, jy beter sorg dat ons veilig hier uitkom (KOM HAAL MY – ek gaan g'n fiets ry nie). Ek moet sê, ek sal wat wil gee om 'n vlieg teen die muur te wees wanneer daai bank môre-oggend oopmaak.

Lekkervurig: ! Hester daar is 'n vierwiel motorfiets agter Toweropstal onder 'n seil versteek – ek het nog buit daar opgepak – sit die helmet op en kom, hierdie konvooi kannie omdraai nie. Ek sit hier en lees en die volgende beeld kom by my op: Abrie is nou soos daai outjie wat die lekke in 'n dyk met sy vingers probeer toestop. Te veel lekplekke en te min vingers. Allesbeste Abrie, allesbeste. Jinne ons klomp Towerinne is onhebbelik. Bwahaha

- Toortsie: Waaaaarvoor het Abrie hom ingelaat?

Rondomtaliedraai: Hehehehe julle is darem 'n vindingryke klomp!

Abrie Joubert: Ek pleit die afwesigheid van bedroom eyes en onbeholpenheid. Ek dink nie my vermoëns kan tred hou met die dames (en die spoke) se hormone nie! Ek is onseker wat nou eintlik geag te word die (s)kat te wees. En moet ons nou regtig onself in gevaar stel om Hester te gaan red wat Meester oorsee ranking het. Askies Hester? Non comprehendo. Ich verstehen nicht. I far stand not

Ekmyselff: 😊 Verbeel ek my of dra Una stukkende klere? lol?

- Wegkruipertjie: Sy wou nog altyd
- travel460: Wat!!! Julle skinder mos nou oor my!!! Is dit my outfit op die fiets, want dit sal die Toortsie ontploffing se skuld wees. En ek het sowaar die blonde pruik ook op my kop. 😬
- wegkruipertjie: Lyk my almal het blonde pruike gekry. Toweropstal voorwaar

HOOFSTUK 10

Gegroet Toweropstal – hello Pollsm...



deur [Abrie Joubert](#)

Lekkervurig se Vurige Voertuig en Perdebytjie se Boomaway hobbels, kruip en zoem voort soos 'n by wat te swaar gelaai is met goudstof, aangesien die voertuie onderskeidelik kreun onder bankbuit en towerinne.

Ek is nie lus vir hierdie verantwoordelikheid nie. Die tunnel na die bank, wat ek nie eers van geweet het nie, maak 'n groep amateurs ryk kriminele. Maar die teenpool daarvan is dat ons ryk genoeg is om 'n lang tyd in Pollsmoor te spandeer vir rehabilitasie...(en gratis tatoeërmerke, wat 'n bonus). Ondertussen staar die towerinne na my asof ek 'n flik is – helaas nie danksy my voorkoms nie (ek is immers nie 'n Latynse offisier nie) – nee vir leiding in hierdie penarie. Ek is egter van mening is dat verskeie van hulle beter leiding sal kan gee en nee ek is nie 'n feminis nie.

As ontvlugting klik ek op die Toorberg eBook icon op my foon. Daar is nie tyd hiervoor nie maar ek wil die onvermydelike 'n paar minute uitstel en moet my nie beskuldig van prokrastinasie nie (miskien wel van die gebruik van anglisismes). Ek ignoreer die blikke op my en lees 'n bladsy of so tot ek by hierdie paragraaf kom:

OuAbel sit in die skaduwee van een van sy akwaduk se vervalle pilare en hou die magistraat dop waar hy agter 'n aalwee staan en die Toorder se huis met 'n verkyker dophou. Dís waarvan hy nie hou in magistrate nie: die ewige vermoedens. En iemand wat vermoedens het, wy sy tyd aan die soek na bewyse om die vermoedens te staaf. Ongedurige mense, magistrate

Sug die gereg!! Boonop voel ek die kykers op my soos die towerinne staar. Ek druk my oë toe in 'n gebaar van moedeloosheid en dit is al wat my oormoë liggaam nodig gehad het. Ek raak momenteel aan die slaap, droom onmiddellik met hierdie tonele wat om my sweef. 'n Kakofonie van beelde en klanke:

- Camilla wat enige man om haar keurig gelakte pinkienaël kan draai.
- 'n Afrika eerste – landing en lanseerplek van Elon Musk vuurpyle
- Spesiale spinasieterte en nog spesialer Tiramisu poedings
- Maskerballe en te veel partytjies

- Wantroue, agterdog, agterbaksheid en vooruitstrewenheid
- Kode boodskappe en verdwynende ink
- Die Guptas in aanhouding
- State of the crime address
- Kinkels in die kabel, tonnells by dosyne en 'n oorvloed side-plots en counter plots op hierdie plot
- Bali se triple D's en dubbel DD's en psychedelie gekleurde voertuie (en seker die D's ook)
- Die chemiese proses franjelliekosering (wat opslae maak in wetenskaplike kringe)
- Dubious denotation en detonation
- Zoomaways en Boomaways
- 3 EFF ondersteuners met hulle rooi berets op 'n fiets met die Latynse offisier wat oor hulle skote drapeer is.
- Pablo Escobar en sy berugte tandlose bergie seun
- Doelgemaakte musiek CDs en bedroom-eyes geregsdienaars
- 'n Gasverskyning deur Paul Kruger
- Temperamentele koeie (nee nie die towerinne nie my ma het my goed grootgemaak; koeie wat nie wil melk gee nie), perdebye, bye, uile, nog spoke, korrupte amptenary, rolle note, goud, muntstukke, buit ens. ens. ens.

En ek droom dat Toweropstal soveel meer bied as Toorberg. Toorberg het nou wel ook spoke maar die res kan Toorberg net oor droom. In alle regverdigheid, Toorberg het darem 3 ander goedjies ook:

- Die CNA-prys vir Letterkunde
- Die WA Hofmeyer prys
- Die Hertzog prys (maar dis al 😊)

En dan genadiglik met die geur van neut en likeur ontplof alles en word ek wakker. Ek slaak 'n sug van verligting toe ek besef dit was net 'n droom maar die slaak verander in 'n wind toe ek besef dit het alles wel gebeur en ek is steeds deel van hierdie nagmerrie. En nou staar die Towerinne geskok na my en dit lyk asof hulle nie asem kry nie. Hulle het seker rede, dit was nie silent nie maar dit was wel violent!

“Perdebytjie trek by daardie grondpad in en flits vir die vuurwa om dit ook te doen”. Hulle wil nog stry want hulle is op pad na Toweropstal om Hester te red en om beste vriende te maak:

*The French are glad to die for love^{viii}
 They delight in fighting duels
 But I prefer a man who lives
 And gives expensive jewels
 A kiss on the hand may be quite continental
 But diamonds are a girl's best friend*

Maar toe roep ek baie dringend: “Dames my maag! Sien julle kans vir nog 'n ontploffing?” En die konfooi van twee trek gedwee van die pad af. Daar is niks fout met my maag nie – wel nie meer nie. Ek het 'n boodskap gekry op my foon van my stadsraadslid vriend op George tydens die non-silence violence: bel my dringend nou. Hy gee 'n nommer wat ek nie ken nie. Dit is asof dit my denke in rat geskop het en die aftrek in die pad is om my kans te gee om die oproep te maak en opdragte te formuleer.

My vriend antwoord: “Ek gaan hierdie net eenmaal sê. Die bankbestuurder is vroeg werk toe en ontdek chaos en grootskaalse verlies vir die bank. Hy het onmiddelik die bank se CEO gebêl wat die Nasionale hoof van polisie gekontak het. George se polisiehoof is deur die Nasionale hoof van polisie geskakel met die opdrag om die plek te beveilig maar geen forensiese ondersoeke te doen nie. Dit gaan gedoen word deur die taakspanne wat onderweg is vanaf Johannesburg en Kaapstad. Ook is die opdrag gegee om padblokkades te reël en omliggende dorpe te laat weet om dit ook te doen en natuurlik die lughawe te laat weet. Met dié inligting het ons polisiehoof ons burgermeester gebêl en ek was toevallig by hom. Die bankbestuurder en ons polisiehoof was pas nog in ‘n vergadering sodat die polisie kan weet waarna om te soek. Use use it don’t use it...” en toe gaan die foon dood.

Ek het so baie vrae: wat van Hester, wat van die polisielede wat ons “gehelp” het? Wat nou? Maar dan onthou ek ‘n gesprek met een van my ander vriende Danie, tydens een van ons staptogte. Die mans in ons voorgeslagte was ingestel op oorlewing. Hulle fokus was besluitneming en uitvoering daarvan al sou die gevolge ongewild wees, cowboys don’t cry en verhoudinge is nie die spil nie, oorlewing is en teenkanting was nie ‘n opsie nie. Ek kry die staal van groot oupa Joshua Petrus Joubert van Toweropstal in my pype en die strategiese insig van Generaal Piet Joubert. Ek soek ‘n nommer op en na ‘n kort onderhandeling is die plan in plek.

Terug by die voertuie gee ek nie die inligting deur wat ek pas gekry het nie – nie tyd vir debat nie. “Ons gaan nie terug na Toweropstal nie; te riskant. Hester is streetwise sy sal vir haarself sorg. In ‘n sel verloor beste viende hulle sprankel”.

Ek sien die geskokte uitdrukkings, selfs wrewel in die gesigte.

“Ek praat van diamante, nie Hester nie. Ons gaan nou met hierdie grondpad langs ry en via ‘n paar ander grondpaaie gaan ons na ‘n vakansie-oord diep in die berge. By Pollsmankop gaan ons so lank as was wat nodig is, dalk weke laag lê, dit is klaar gereël. Sal verduidelik wanneer ons daar aankom”.

Nee ek weet nie of ons almal op die langer termyn suksesvolle voortvlugtiges gaan wees nie, maar ek het ten minste vir ons tyd gewen. Die eienaar van die Pollsmankop verbou onwettig hops vir die uitvoermark sonder lisensie en sonder die medewete van die owerhede en omringende boere. Ietsie wat ek toevallig uitgevind het toe ek daar vakansie gehou het. Hy sal nie uitpraat oor die groep wat skielik daar aangekom het nie. Sy rekords gaan wys dat verskillende mense op verskillende tye daar aangekom het en ons buit kan saam met die hops versprei word.

Die bekende joernalis Seegogga, wat so skeef soos ‘n krap maar met reguit intensies skryf gaan ‘n berig oor die inbraak in die bank plaas... Oor na jou Seegogga!

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

perdebyttjie: Hehe, nogal Pollmanskop....klink heeltemal te veel na Pollsmoor....jy maak my bang!

- Abrie Joubert: Bang maak lê nie meer in my hande nie!

perdebyttjie: Uitstekend geskryf, Abrie...ek het dit nou baie geniet. Sal môre sien wat die ander Towerinne hiervan dink.

- Abrie Joubert: Baie dankie perdebyttjie. Bietjie lank maar ek wou dit sommer ‘n opsomming van altwee stories maak, ‘n pre-epiloog nr 2

perdebyttjie: Die kakofonie van beelde en klanke is briljant. Ek gaan weer lees, want hier is baie fyn nuanses wat mens met die eerste lees miskyk.

- Abrie Joubert: Hoop nie die klanke en beelde het dieselfde effek as die franjelliekosering nie, maar nie dit is nou tyd om nugter te dink.
- perdebyttjie: Ek hoop ons het 'n ordentlike vlugplan.

Kameel: Abrie jy is 'n doring.... ek sit heeldag op hete kole en wag vir ons lot... ek laaik dit spanne. Natuurlik het ek met 'n glimlag gelees. Stem saam met Perdebyttjie... moet dit weer lees om alles in te neem. Mag maar seker weer sê arme man... kan dink jy het nagmerries gekry... maar jy het jou briljant van jou taak gekwyt.

- Abrie Joubert: Ek jou vrug van die Gees geleer – geduld 😊 Baie dankie Kameel
- Kameel: Sal definitief nie 'n krimineel kan uitmaak nie... sit te op hete kole en wag wat volgende gaan gebeur. Weet nou watter vrug van Gees ek groot te kort aan het. Weereens dankie Abrie.... jy sit altyd lekker spice by jou skryfwerk.
- Abrie Joubert: Dankie Kameel maar jy is dan een van die voorbok kriminele ?
- Kameel: Ek het so bietjie nagmerries gehad oor hierdie kriminele rol van my 😊
- Abrie Joubert: Soos Toortsie gese het mens kan die verhaal nie eintlik op gesinsradio voorlees nie... Maar laat ons nou nie die pretty bederf nie!

Toortsie: Hoe opgewonde is ek nou! Nóg vakansie!

- Abrie Joubert: Nee Toorts sien dit as 'n seminar oor strategiese denke waar ons in werkswinkels gaan beplan om ons sterre uit Polls oor te hou
- Toortsie: Ag, as ons 'n ou paar werkswinkeltjies moet inwerk, doen ons dit maar.
- Abrie Joubert: Maar daar sal sekerlik ook tyd wees om te ontspan 😊
- Toortsie: Dankie tog!
- ekmyself: En jy dink dit gaan gebeur....
- Abrie Joubert: Natuurlik, dit is nou totdat Tootsie vergeet maak wat ons laat hop...
- Abrie Joubert: Geregte nie vergeet – miskien vergeet geregte

Toortsie: Ek het vir Seegogga laat weet. Sy sal moet mooi trap dat ons nie tronk toe gaan nie.

- Abrie Joubert: Tootsie jy mag nie die pers omkoop nie!
- Toortsie: Man, jy het haar dan nie getag nie!
- Abrie Joubert: Verwys na “sy sal moet mooiloop dat ons nie in die tonk beland nie” 😊
- Toortsie: Maar sy sál haar woorde mooi moet kies.
- Abrie Joubert: Inderdaad sy is volgens eie erkenning ook beïnvloed deur die Tiramisu by Toweropstal
- Toortsie: Ek dink ek moet gou vir haar 'n bakkie Tiramisu neem terwyl sy skryf.

seegogga: Huh ? O gaats! Waar beginne ek? Ek sal my navorsing deeglik moet doen. Ek het bietjie uitgemis toe al daardie franjelika op my uitgeval het...

- Abrie Joubert: 😊 inderdaad die antwoord is Navorsing. Jy moet jou nie laat intimideer deur die inwoners van jou dorp nie en net die waarheid skryf

- Toortsie: Vriende is vriende is vriende 🦋

HesterLeyNel: En ek let op dat nie een van my vriende hierbo hulle bekommer oor Hester se lot nie. Gelukkig ken sy mense wat weet hoe om sulke ou foutjies reg te stel. Abrie, ek kan nie glo jy was in die ou SA Army nie – het jy nie geleer dat gevalle makkers nooit agtergelaat mag word nie?

- HesterLeyNel: Brilljante ontsnappingsplan, Abrie, sommerso van die een onwettigheid binne-in ‘n nuwe kriminele avontuur. Maar Seegogga het blykbaar ook lekker saamgedrink, geëet bedoel ek, daar by Toweropstal. Ek hoop sy onthou haar aandeel en rapporteer die “regte” feite in die koerant.
- Abrie Joubert: En ek is seker jy sal ‘n plan gemaak het om weg te kom, al is dit met ‘n helikopter van Pablo Escobar. Dit gee my ‘n idee 😊
- HesterLeyNel: Watter idee? Wanneer jy idees kry, raak ek bang.
- Kameel: Hester Abrie sê dan “Ek sien die geskokte uitdrukkings, selfs wrewel in die gesigte” maar Abrie het gepraat... en dit was die plan... so ons moes inval. Ons sal hoor wat sê die koerantberig... maar ek glo saam Abrie... jy is street wise, sou jouself daar uitgekry het 😊 Indien nie, sit daar nou definitief ‘n paar joernaliste sonder voortande 😊
- HesterLeyNel: Haha, ek sien nou in my geestesoog vir Seegogga sonder tande.
- Kameel: 😊😊😊😊 thy gaan thoouoo thnaakth lyk.... en praath.
- HesterLeyNel: Whahahaha Kameel! Toortsie, Kameel ruk handuit – jy moet praat daar.
- Kameel: Dis hierdie lawwe kant van my wat vandag weer opgestaan het Hester. Sal myself in toom probeer hou 😊
- HesterLeyNel: Ja, ek glo dit. Ek sien jy het nou nie blonde pruik verruil vir ‘n halo.
- Kameel: Mooi nê?
- HesterLeyNel: Dit pas jou
- Abrie Joubert: Winnie ook
- Abrie Joubert: Die verruiling vir 😊
- HesterLeyNel: tsk, tsk, stout!
- Abrie Joubert: Ek dink hulle was steeds so geïntimideer deur my geblafde bevel dat hulle nie gewaag het om iets te sê nie. As ons jou gaan haal het was ons almal saam in Pollsmoor. Ek weet nie hoe lank die samehorigheid dan sou duur nie al sou ons ook almal die woord samehorigheid gratis op ons voorkoppe laat tatoeër het!
- HesterLeyNel: Watter samehorigheid wat jy waar kry? Balhorigheid, ja, dis ‘n beter beskrywing.
- perdebytjie: Hester ons weet jy het die beskerming van Pablo. Daai ou kan jou enige tyd daar uitkry met al sy kontakte in die polisie en onderwêreld.
- HesterLeyNel: Ek weet, maar ek sou darem beter gevoel het as iemand ‘n paar trane oor my gestort het.

lekkervurig: Hester – onthou die motorfiets agter toweropstal onder die seil – Abrie stuur vir Hester die agterpaaie roete, jinne, ons kan darem sukkel. Ek is so bly ons kan in die berge uitkamp. Ek het die vars lug baie nodig. ‘n skeutjie Frangelico, iemand? Is onwettige Hops nie miskien aaptwakkies nie? Ag ek wou ‘n rokie maak...om van al die spanning ontslae te raak en wyd te dink...hehehe. Abrie – ek sien uit

na die strategiese denke proses – dis my kos daai. Welgedaan. Seegogga – skryf reg, nie waar nie. Narratief is mos koning. 😊

- Kameel: Lekkeruurig jy moes ‘n misdaadverslaggeefster (lieuwe Moses dis ‘n lang woord) geword het. Kan sien jy kry lewe wanneer dit by strategie ens kom. Sommer so tussen terloops... gaan vars lug en rook saam? 😊 koes!!!
- lekkeruurig: Hester –ek lief planne en grootprentjie kyk en moontlikhede bedink. Dit maak my opgewonde, nes jy sê. Jy hoef nie te koes nie – die rokie wat ek maak is nominaal, my dokter sê selfs dis ok! (Knipoog) so ja, die rokie is medisinaal, en die vars lug ook. Werk vir my! Dis mos Blogland – enigiets is doenbaar. Hehe.
- Abrie Joubert: Ek vermoed die sigarette wat jy van hops maak gaan ietwat bitter nasmaak hê. Maar probeer. Jy kan jou skelm buit skoonwas deur, ‘n eksklusiewe hops sigaar besigheid vir ‘n niche mark te begin.
- lekkeruurig: Hehe...nee man ek soek nie nuwe besigheid nie, net ontvlugting...ek is nie so seker ons gaan ons buit kan geniet nie...gewetes jy weet.
- Kameel: Gaan luister na die woorde van Diamonds are a girl's best friend... dan heroorweeg jy Lekkeruurig. Dit sus die gewete so ‘n bietjie 😊

wegkruipertjie: Klink my ons kan weer paartie hou, bring die musiek, spesiale spinasietert en Tirashoeshoe, Bali-pênties en triple D's. Hier gaan dit lekker raak op Pollsm....

- Abrie Joubert: Pollsmanskop
- Kameel: Nee.... kyk hoe ‘n mooi rustige plek is dit. Ons gaan die natuurskoon waardeer. Abrie gaan ons op laaaaang staptogte neem, en leer hoe om fotos te neem. Daar gaan een of ander werksklasse aangebied word... ek dink dit is om ons te rehabiliteer. 😊
- wegkruipertjie: Ek stap nie so lekker nie, befoeterde voete. Dink jy Toorts kan my leer om die spinasietert te maak?
- Abrie Joubert: Sug. Jy is nog mooi en jonk en baie van ons is net mooi. Die net mooi mense gaan volgens hulle ouderdom moet begin optree om uit Pollsmoor te bly!
- wegkruipertjie: Ek is ouer as jy, tree net glad nie so op nie. Gee my liever die paartie as die stappery dankie
- Abrie Joubert: Ek twyfel of jy ouer as ek is
- perdebyttjie: Gelukkig het ek ‘n goeie prokureur op sleeptou. Ek sal ook apelleer en weereens apelleer totdat ek te oud is om tronk toe te gaan...goeie voorbeeld gekry by onse eks prez!
- Kameel: Nee, ek het nou so gedink. Toorts kan pragtig kitaar speel en sing... miskien kan sy vir ons musieklesse aanbied. Ek dink ons moet haar vereers uit die kombuis uit hou!!!
- Abrie Joubert: Ons gaan sing terwyl ons stap:
*As ek moeg word vir die lewe in die stad gee my die wandelpad.
In die veld pluk ek ‘n Taaiboslat
en slaan die polisiekommissaris op sy gat
en sing my wandellied
en siiiing my wandellied*

- Kameel: Abrie!!!! Ek dog ons is daar vir rehabilitasie 😊 😊 😊 😊 😊 😊 Dit klink heel vrolik!!
- lekkervurig: Omdat daar so min manne is sal ek maar alt sing – moes in sangklas op skool naby die seunskinnerers staan, want ja, sing is nie my talent nie. Of ek sal mimiek, of help kos kook....
- Abrie Joubert: Alt? maar dis goed as ons iemand het wat van alterntiewe musiek hou...
- lekkervurig: Ag Grapjas....Alt die laevroustem! Maar ek hou van Alternatiewe Afrikaans – van FPKar, Valiant, Kerkorrel en so. Die doef-doef liefie-diefie-duifie gewone Afrikaanse musiek gee my die horries.
- Abrie Joubert: In graad 1 het die juffrou gese ek het 'n pragtige sopraanstemmetjie
- lekkervurig: En in matriek?
- Abrie Joubert: Dit was in standerd 6 wat my stem krapperig geraak het en verander het en dieper geraak het. Ek het toe die afleiding gemaak dat ek nie 'n eunuch is nie...
- lekkervurig: Ag, dankie tog. 😊
- lekkervurig: Kameel, nou deuntjie dit in my kop heeldag....;)

wegkruipertjie: Haha vir die EFF ondersteuners, dit was veronderstel om Toorts-kopdoeke te wees wat ek kunstig (nie) ingeverf het

- Abrie Joubert: Dit lyk wel soos kopdoeke maar ek kan mos nie help wat ek droom nie
- wegkruipertjie: Dis die land se dinge wat jou sulke nagmerries laat kry
- Abrie Joubert: Nee wat dink eerder dis ons dinge!
- wegkruipertjie: Ook weer waar

ekmyself: Ek sien hier kan dit lekker raak... stilte of party, maak nie saak, ALLES VOLUIT! Want wie weet waar ons ons volgende gaan bevind? Dan doen ons dit maar oordentlik terwyl ons nou hier is... Paar twakkies en takkies in my sak...

- Abrie Joubert: Sal maar herhaal wat ek vir Wegkruipertjie gese het: Jy is nog mooi en jonk en baie van ons is net mooi. Die net mooi mense gaan volgens hulle ouderdom moet begin optree om uit Pollsmoor te bly! Maar dit gaan maar sukkel (om volgens die ouderdom op te tree).

rondomtaliedraai: Glimlag...

- Abrie Joubert: Ja ons glimlag ook vir eers totdat ons hoor wat Seegogga met ons aanvang

travel460: Is almal nou te ordentlik om iets oor die skrikwekkende wind te opper wat Abrie so ewe onweloweglik gelos het? Dit net omdat hy steeds deel van die sogenaamde nagmerrie is... Niks van ons hele palawa was 'n nagmerrie nie, Abrie. Dit was een lang groot deurmekaar lekkerte, een wat jou ook uit jou vel laat klim het en ordentlik stout gemaak het. So, noem dit wat dit was, 'n lagmerrie, dan sal die wind dadelik verskoon word. 😊

- Abrie Joubert: Ek het nogal gewonder of die lag(merries) iets van die hings onder hulle se onweloweglikheid gaan sê, maar almal behalwe Una was seker too blown away
- travel460: 🤔 😊

- Kameel: Toe Abrie van daardie tweede ontploffing praat het ek beelde gesien wat ek nie wou sien nie... en besluit om dit stilletjies te laat verbygaan. Ok... ek erken dit het my laat lag 😊

travel460: Kameel, wat is hops?

- Kameel: Hops (*Humulus lupulus*) is 'n meerjarige klimplant, waarvan die vroulike bloeiwyse vir die voorbereiding van bier gebruik word om dit 'n bitter, dog aangename smaak te gee.
- travel460: So gaan ons nou moet bier maak? Cool. Ken Toortsie die resep?
- Kameel: Nee Una... Toorts sit nie weer haar voete in die kombuis nie... sy gaan vir ons musieklesse gee.
- travel460: Dan kan Sonell my die paaldans...die buikdanse leer! Dans terwyl jy klavierspeel en Toortsie sing. O, en Lekkervurig inval met haar alt-stem.
- Kameel: Ons gaan gerihabiteer word sodat ons ordentlike landburgers daar uitstap. Geen paal of buikdans nie..... jy kan in die koor sing.
- Abrie Joubert: Kameel se gewete pla duidelik en Una soek 'n paartie sodat haar gewete haar kan pla
- travel460: O shit nee, op skool het die koor my net in die moeilikheid laat kom! Sien, onder die verhoog was die vryers se geheime plekkie, so ek het net die eerste paar toonlere saam ge-oefen en dan skelmpies deur die valdeur ondertoe verdwyn. Kore is definitief uit vir my. Ek kon nog nooit 'n balans handhaaf waar dit die kunste aanbetref nie.
- Abrie Joubert: Kameel dit wil voorkom of Una 'n hygroman wil skryf
- travel460: Abrie, foutjie. Ek is sinies, 'n sinikus, dis die naaste wat ek aan romanse en kuste kom. Moordverhaal, ja!
- Abrie Joubert: Una in 'n kringetjie:
My naam is Una
ondersteunende handeklappery
Ek is 'n sinies, moordadig, ongerehabiliteerd, buik en paaldanser vol bier
minder ondersteunende geskokte hande klappery
- travel460: Sjoe. Kan ek asb teruggaan huis toe. Ek hou nie meer van jou nie.
- Abrie Joubert: Een vir almal almal vir een. In for a pennie in for a pound (maar dalk kan ek gaan slaap en dan party julle)
- travel460: Jong Abrie, dalk gaan ek alleen moet party, die ander klink my wil gerehabiliteer word. Dalk is ek die een wat maar moet gaan slaap, selfs Kameel het vir Camilla weggepak. 😊
- Abrie Joubert: Onthou ons moet planne uitwerk om nie in Pollsmoor te beland nie 🤔🙄🙄
- travel460: En nog iets. Mens het jou regte, niemand mag jou rehab toe vat as jy nie skriftelike toestemming gegee het nie, en Abrie het my NIE op papier nie. Ek gaan NIE in 'n kringetjie sit en enige iets bely nie!!!
- travel460: Kameelkie, dis Vrydag en ek het 'n tawwe week agter die rug. Soek bietjie 'n stemmige uitbreek..
- Kameel: Het jy klaar hops in dat jy so snaaks praat Una 🤔🤔🤔🤔🤔
- travel460: Eish, nee darem nog nie...
- travel460: Kameel. Ai, die dom vingers.

HOOFSTUK 11

Koerantberig: Die Volk se Kas is leeg



deur [Seegogga](#)

“...Mmm nou moet ek fyntrap. ek wil tog nie hê my bloggervriende moet gevang word nie! Hulle het immer my beloof dat hulle my baie goed sal vergoed as ek reg skryf, so kom laat ek nou die redakteur tevrede stel...”

Die Perfekte Misdaad?

Verslaggewer: SEEGOGGA

Volkkasbank het sopas bevestig dat gerugte van ‘n groot bankroof wel waar is. Die bank is in ‘n klein dorpie, wat om veiligheidsredes nie bekend gemaak mag word nie. Dit het benewens baie papiergeld, ook besonder waardevolle diamantjuwele asook ‘n groot versameling egte antieke goue muntstukke (gehad).

Mnr Tiekie Pfennig, bankbestuurder, het Maandagoggend oudergewoonte vroeg die oggend bank toe gegaan en die kluis oopgesluit om die alamstelsel te de-aktiveer. Groot was sy ontsteltenis toe hy ‘n pragtige gemeubileerde vertrek vind, in plaas van sy staalkabinette. Die vertrek was kompleet toegerus met kunstige Bali houtbanke, koffietafels, lieflike staanlampe en pragtige tafelkleedjies.

By nadere ondersoek het hy wel sy staalkabinette onder die tafelkleedjies ontdek – dolleeg. Die polisie is onmiddellik in kennis gestel, en hulle het kom vingerafdrukke neem en padblokkades ingestel. Tot dusver wil hulle egter geen kommentaar lewer nie. Die saak word bemoeilik deur hulle plaaslike bevelvoerder, Sersant Gigaba, wat nie op die oomblik vir kommentaar beskikbaar is nie.

Op hierdie stadium is dit onseker hoe die rowers die kluis oopgekry het, want daar is geen teken van inbraak nie. Daar is wel ‘n visitekaartjie op die toneel gevind, maar die woorde daarop is onleesbaar. Die ondersoekspan hou vol dat daar iets bonatuurlik gebeur het, en sommige polisieamptenare glo dat dit daar spook, en weier volstrek om die kluis binne te gaan.

Die omgewing is al jare lank bekend vir sy spookstories, en een van die nabygeleë plaashuise heet ook die “Toweropstal”. Die nuwe huurders het hulle onlangs die gramskap van die bure op die hals gehaal deur elke nag luide musiek te speel en wilde partytjies te hou. Daar is ook vergesogte stories van vuurpyle, en drie spoke wat mense verwilder.

“My koeie het onrustig geraak en ek het duisende rande se skade gely omdat hulle melkproduksie so gedaal het,” het Mnr Bull, ‘n ontstoke buurman aan my gesê.

SEEGOGGA het as verslaggewer self een van hierdie partytjies bygewoon nadat ‘n klagte ontvang is, en was tydelik uit aksie gestel en byna vermorsel toe ‘n groot hoeveelheid Frangelico per abuis (of dalk aspris) op my uitgestort is. Die vermoede is sterk dat daar ook dwelms betrokke was.

”Nou die aand het hulle skielik opgehou met die wilde musiek en weer klassieke musiek gespeel” vertel mnr Bull. ”Ek het nog so dankbaar gevoel dat my koeie nou weer mooi rustig is, toe ek skielik ‘n onaardse slag hoor. Iets moes daar ontplof het! Ek het onmiddellik die polisie gebel, maar jy weet mos hoe gaan dit deesdae hier. Hulle het hulle nie eers verwerdig om die foon te antwoord nie! ‘n Vorige klagte oor rusverstoring het ook geen resultate opgelewer nie!”

Mnr Bull het bygevoeg dat dit nou doodstil en verlate by die Towelopstal is. Hy vermoed die bure se eksperiment het misluk en dat hulle toe maar getrek het. Hy sien ook nie meer hulle bont zoommobile nie, en by nadere ondersoek het hy ‘n windskewe struktuur, met die woord “ali” daarop geskryf, gesien. Die oorweldigende geur van alkohol het die lug gevul. ”Ek is so bly hulle is weg. Ek dink hulle het hulle ali gesien!” sê ‘n dankbare mnr Bull.

Op hierdie stadium word die gebeure by die toweropstal nie met die misdaad verbind nie, hoewel dit opvallend is dat die huurders weg is ongeveer dieselfde tyd wat die bank beroof is. Die polisie dink ook dit is onwaarskynlik. Hulle sê dat dit maar net ‘n groep plesierige mense was, en dat hulle beslis nie nugter genoeg was om so ‘n funbeplande misdaad te pleeg nie. ‘n Paar rooi stilleto’s, ‘n rooi kopdoek of twee, ‘n blonde pruik en ‘n hele paar uitermate groot stukkies onderklere word deur die polisie gehou as bewysstukke vir ingeval. Opvallend is die rooi stilleto’s wat op die uitstal rakkie in die polisiekantoor staan. Op ‘n vraag waarom dit daar staan, het die polisiebeamte gebloos en gestotter dat hulle nie plek in die kluis het vir al die gekonfiskeerde items nie.

Intussen is daar berigte dat ‘n klein bietjie van die kontant wat gebuit is, onlangs by ‘n winkel naby Pollmanskop gevind is. Die eienaar weet egter nie hoe dit daar gekom het nie. Niemand wat na skelms lyk, het by sy winkel kom koop nie.

‘n Filmspan wat van die misdaad gehoor het, het ook aangedui dat hulle hoop om ‘n film van die gebeure te maak indien meer besonderhede beskikbaar word.

Seegogga onderneem om ons lesers op hoogte te hou.

Die ondersoek duur voort.

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

lekkervurig: Seegogga, hierdie towerin se dankie uit haar oud-joernalis hart. Ons eskapade blyk nie so chaoties as wat ek dit aan eie bas gevoel het, uit jou puik beriggewing nie. 😊 Phew....ek voel verlig. Dankie Seegogga, dat jy niks van niks genoem het nie. Ek gaan dadelik met die Abrie en towerinne gesels, dat die boommobil en lekker lorretjie geverf word, dan kan ons in die niet verdwyn. 😊 Ns. Die bier is lekker hopserig.

- seegogga: Wel as hierdie misdaad opgelos word, is ek mos my beloninkie kwyt. En wie weet- dalk kan ek ‘n ou maandelikse inkomstetjie ook verdien as julle beloning nou nie heeltemal groot genoeg is nie, né.

- lekkervurig: 😊😊😊
- HesterLeyNel: Hopserig, haha. Is dit nou rondspringerig of hupserig?
- lekkervurig: O Hester, daai hygroman se nuanses slaat oral uit....hehe
- HesterLeyNel: 😊😊😊
- Abrie Joubert: Ons kan oorweeg om vir Seegogga te betaal met 'n Volkskas tjek. Sal nie ons skuldig wees as hy na die omgewing aard en hopserig is nie
- HesterLeyNel: Haha, skerp Abrie!

sonell: Dankie tog die fisiete kaartjie is onleesbaar! Dit was my grootste bekommernis. Dankie vir jou verslaggewing Seegogga.

- seegogga: Die spoke het hulle werk goed gedoen.
- sonell: Uitstekend!

perdebyttjie: Puik verslag, Seegogga! Daar is nie 'n sweempie van wat werklik gebeur het nie. Geen vinger kan na ons wys nie. Ek dink die pad vorentoe lê nou oop. Ons moet net nie onder mekaar begin baklei soos in die fliëks nie!

- seegogga: Ek is nogal bekommerd oor die onderlinge agterdog en veral teen Hester in die beplanningsfase. Verder is daar die agterdog oor die gesteelde buit. Wie het wat? Of hoeveel? As julle wil, kan julle dit vir my, 'n buitestaander, gee om dit eweredig te verdeel. Ek is baie eerlik en sal slegs die deel wat my toekom, aftrek.
- Abrie Joubert: Nou praat jy meer bull as mnr Bull 🐮

travel460: Windskeef struktuur wat sy "ali" gesien het. Daarvan hou ek. Geen niks wat na ons verwys nie. En die bankbestuurder waardeer die mooie meubeltjies in die bank! My gewete is skoon, my glimlag skitterblink...

- perdebyttjie: Ek hoop iemand het daaraan gedink om die Bali blou bal-en-klou tafelpoot te verwyder daar by Toweropstal. Die polisie kan dalk 'n verband trek tussen die Balimeubels in die bank en genoemde poot.
- travel460: Dalk. George en Mosselbaai het ook Bali winkels, dalk gaan doen hulle daar navraag. 😊 Wie sal nou vir soet Unatjie van sulke dinge verdink.

Toortsie: Well done! Seegogga, jy verdien 'n Stukkie Bantingsjokoladekoek! Dalk moet ons dit 'n swartwoudkoek maak, daar is mos gewoonlik 'n versterkinkie in.

- Tannie Frannie: Towerinne, wat julle ookal nou verder maak, hou tog net vir Toortsie weg van die versterkinkies af!!
- Toortsie: Haai? Nou watter joppie het julle dan vir my?
- Tannie Frannie: Gaan sit net doodsil daar in die hoekie...ver weg van die kombuis af!
- Toortsie: Nou vra jy my vreeslike moeilike goed om te doen. Mens sou sweer my kos is sleg! 🤔
- Tannie Frannie: Dis juis te lekker en dit maak mense ook lekker!

- Toortsie: Maar eintlik maak ek onskuldige kos, die ekstratjies het gekom as gevolg van die groot aanvraag!
- Tannie Frannie: Janee, jy wou mos met die misdadigers loop meng!
- Toortsie: Aijaijai
- Toortsie: Ek het dan al klaar begin droom en google oor Swartwoudkoek?
- Tannie Frannie: Dis presies wat my worrie! Aan die ander kant, daardie vlieënde broodjie was ‘n welkome ou meevallertjie...
- Toortsie: 😊
- Toortsie: Vlieënde broodjie?
- Tannie Frannie: Nee kyk, voordat ek myself nou behoorlik inkrimineer seg ek g’n woord verder nie...
- seegogga: Ek soek daai koek. Moet asb net nie vir Abrie vra om Frangeliko by te gooi nie. Dis lewensgevaarlik.
- Toortsie: Nee, ek sal eerder self die goetertjies meng. 😊
- Kameel: Toorts waar was jy toe ek jou, jou taak by ons wegkruipplek gegee het? Jy gaan musieklesse gee en ons leer sing. Lekkervurig sing alt... en Una kannie wag om in die koor te sing nie. Tsk, hoekom moet ek so met jou sukkel?
- Toortsie: Dít het ek gemis! Yessss! Ek bring my kitaar saam. Ag, maar dis tog te lekker, hoe opgewonde is ek nou! Ek sal solank begin uitkyk vir lekker goed om te sing en julle kan natuurlik ook goed voorstel. Net nie vreemde goed nie, gehoor?!
- Kameel: Jy moet die kommentare gaan lees daar by Abrie se skrywe. Jy gaan ons rehabiliteer deur musieklesse en koor (hou asb net vir Una in die oog.... sy het ‘n manier om te verdwyn) Ons gaan in die veld stap saam met Abrie.... wat my nou ‘n goeie idee gee. Miskien kan ons soos in “The Sound of Music” loop en “The hills are alive.... with the sound of music....” sing. Dan trek ons ook sulke mooi rokkies en onderrokke aan.... en niemand sal ons ooit van misdaad kan verdink nie. Hoes daai vir ‘n plan?
- Toortsie: Joe! Dit klink briljant! Maar Una kan Maria wees, sy het ook altyd weggedwaal!
- Kameel: Jaaaaa ek dink die naam pas Una!!!
- Abrie Joubert: Buite Oudtshoorn is daar ‘n distilleerdery wat spesialiseer in witblits met name soos BYT, Boegoeblyts, Brandslang en Withond. Ek reken as ons dit in Toortsie se swartwoud losmaak kan ons ‘n atoombom maak...
- Toortsie: Tannie Frannie! Sien jy! Dis glad nie eers ek nie!
- Tannie Frannie: Die heler en die steler, Toortsie – vinkel en koljander!
- Toortsie: Maaitjies maak nie so nie.
- Abrie Joubert: Is sy tannie Frannie sy het gevra vir die Frangelico
- Toortsie: Maar nie bottelsvol nie. 😊
- Abrie Joubert: Vaatjies vol. Julle moet gaan kyk wat Hester met ons wil aanvang. Sy het besluit om nog ‘n hoofstuk by te lieg
- perdebyttjie: Ek hou van Abrie se bomplan. Kan dalk net help om ons ‘n voorsprong te gee met ons vlugplan.
- seegogga: Is dit ons volgende boek?

- perdebyttjie: Nie 'n slegte idee nie...

travel460: Seegogga, jy is 'n bobaas verslaggewer! Ek nooi jou solank amptelik uit vir 'n lang kuier in ons villa in Italië. My noemnaam, Una, beteken "'n" in Italiaans...so ek gaan maklik daar kan wegraak. Hoe sal die polisie oot 'n 'n kan opspoor?

- perdebyttjie: Dis baie gerieflik om 'n 'n te wees...lol!
- travel460: Ek weet! Met my mond vol skitterende goue tande gaan ek maklik kan saamsmelt met die omgewing...☺
- perdebyttjie: Net nie jou mond te groot oopmaak nie. Die goue tande kan jou weggee!
- travel460: Solank die ander net nie besluit hulle wil 'n deel van my tande hê nie!!!
- perdebyttjie: Nee wat...goud wat in 'n mond was, is effe grillerig.
- Toortsie: Spoel dit net met Jik af, dan is dit kiemvry.
- perdebyttjie: Wat mens nie ook sal doen vir 'n stukkie goud nie, ai!
- seegogga: O dit sal heerlik wees, dankie Una. Met my ou beloninkie kan ons een naweek invlieg Franse Riviera toe ook. Ek kyk uit vir 'n klein villatjie daar.
- travel460: Yes! Nou het ek al twee plekke om heen te verdwyn.☺

HesterLeyNel: Ek het al geskreeu van die lag by die heel eerste woord: Volkskasbank – dit was classic. Die bankbestuurder se naam: Tiekie Pennie. Die onwillige polisie, die rooi stilletos in die polisiekantoor. Seegogga dit is meesterlike verslaggewing sonder om enigiets weg te gee, maar julle ouens moet versigtig wees vir hierdie slim verslaggewer! Haar aanmerking hierbo omtrent die "maandelikse inkomstetjie" het my ontstig – afpersing is 'n strafbare misdaad, nè?

- Abrie Joubert: Inderdaad. Hoop haar bulk is groter as haar byt
- perdebyttjie: Skerp, Abrie! Solank dit beesbulk is en nie die Ingelse weergawe van gewig en grootte nie.
- perdebyttjie: Volkskasbank! Klink nogal ouderwets as julle my vra. Dis seker die enigste tak in SA...moet 'n spooktak wees. Dan is ons hele storie 'n "figment of our imagination" !!
- HesterLeyNel: Jaaaa, dis g'n wonder die spoke loop daar rond asof hulle baie tuis is nie. Ek hoop nie die geld en goete wat ons gevat het is ook spookasem nie.
- perdebyttjie: Ag nee, dan was al ons moeite verniet. Ten minste was die gefranjelliekoseerde poeding en partytjies die werklikheid en is dit tot die uiterste geniet!
- HesterLeyNel: Dalk het ek nooit vir Pablo ontmoet nie? Dalk was sersant Gigaba ook 'n spook? Whaaaaaaa...
- perdebyttjie: Die werklikheid is hard en wreed.
- Abrie Joubert: Helaas is dit ☺
- seegogga: Staatsmunte behoort aan die volk. Kis Munte = kas munte =Volkskas
- Abrie Joubert: En ons het die Volk se Kas leeg gemaak
- seegogga: Ek is 'n baie eerbare persoon. Afpersing is 'n lelike woord! Dis mos maar net 'n maandelike ou salarissie wat ek vra- dis nou as julle nie my behoorlike deel wil uitbetaal nie. Ek dink daaraan om 'n eiendom aan die Franse Riviera te soek...
- HesterLeyNel: En daarmee te betaal met 'n salarisIE?

ekmyself: Job WELL DONE! Puik verlaggewing Seegogga.

- seegogga: Dankie !

Abrie Joubert: Ek dink die mense van die klein dorpie braai jou. Nie omdat Volkskas beroof is nie maar omdat jy beweer hulle bly in klein dorpie. Baie oulik gedoen Seegogga, mooi by die feite gehou... 🙌

- seegogga: Daar het wel klein glipsies ingeglip. Die bankbestuurder se regte van is Guldenpfennig, maar omdat dit so lank is, noem hulle hom sommer ou Pfennig.
- Abrie Joubert: 🙌 gaan jou by redakteur verkla 🤔🤔
- seegogga: Nee man, Abrie, ALMAL, noem hom ou Pfennig of ou Tiekie

Kameel: Ek lief dit, lief dit, lief dit!!! Soveel lekker humor in. Camilla se rooi stillethoes op uitstalling sit 'n breë glimlag op my gesig 😊😊😊 Ek sien die Balikluis in my geestesoog. Dankie, jy het jou so goed van jou taak gekwyt.

- seegogga: Jy moes gesien het hoe daardie jong poliesmannetjie gebloos het toe ek na die stilleto's vra. Hy is smoorverlief op jou!
- Kameel: Die Latynse offisier seegogga? My hart sal oorloop van blydschap as dit Marco... ek bedoel dit hy is.
- seegogga: Hy lyk bietjie jonk maar hy is beslis van Latynse afkoms.
- Kameel: Oooo dis so romanties 💕
- perdebytjie: Camilla gaan herleef, alles te danke aan 'n Latynsevoorkomspoliesmannetjie met priemende oge wat droomverlore na twee rooi stilettos 👠 op sy vaal staalkabinet staar!

Lewies Mymer: Tiekie Pfennig ! Mnr Bull!

Tannie Frannie: Giegiegie – ek besef nou eers wat het oorgebly toe die B van Bali afgeskiet is! Interessante name wat die mense van daardie geweste het...

- perdebytjie: Haha, Tannie Frannie, jy was so besig met die uitgeholde brood vol kroonjuwele, dat jy die B-alie grappie gemis het!
- Tannie Frannie: Uitgevang! Sjuuuttt...
- perdebytjie: Ek wonder net waar is daardie ou hol broodjie?
- Tannie Frannie: Hoesêê?
- perdebytjie: Lyk my die ontploffing by Toweropstal het dowe ore tot gevolg gehad!
- Toortsie: Nou wil sy my uit die kombuis hê, so ek kan nie eers meer uitgeholde Bantingbroodjies bak nie.
- perdebytjie: Sy voer iets in die brood, ek bedoel mou!
- Toortsie: 🤔🤔
- Abrie Joubert: Mense kan darem sien dat tannie Frannie 'n vrou van aansien en literere kennis is. Hier het sy die hele gedig aangehaal van Breyten Breytenbach se Die huis van die dowe
- Tannie Frannie: 😊
- seegogga: Wat 'n grootse gedig!

- Abrie Joubert: Ja inspirerend. Niemand hoef ooit te voel dat hulle ‘n gedig nie uit hulle kop kan leer.
- Toortsie: Klink my hy is op hol!
- perdebytjie: Saam met iemand in ons midde?
- Toortsie: Dit wil so lyk, ja. 🤔
- Toortsie: Tannie Frannie, jy moet sorg dat jy jou skryfbeurt kry in die volgende verhaal. 😊
- Tannie Frannie: Janee, ek’s vas van plan om in te tjiip!
- Toortsie: 🤝👍👏

seegogga: Ek wonder mos nou ook oor daardie broodjie. En nou raak ek honger. Waar is daardie tjoklitkoek? En wanneer gaan ek by die Franse Riviera sit en ‘n boek lees oor die perfekte misdaad, die perfekte vlug daarna en die perfekte aftrede? Ek stel ook voor dat Hester hierdie storie aan ‘n fimmaker vertel. Dit kan ‘n wonderlike komedie wees.

- perdebytjie: Uitstekende idee...ons almal kan in die film speel...dis sal ‘n komedie op sy eie afgee! 😄👏
- Kameel: Ek sien myself op daardie stiletos met my blonde pruik op perdebytjie 😄😄😄 Dan moet ek met my dronk kop nog op ‘n tafel dans. Oh my word... dit gaan ‘n disaster en nie ‘n komedie wees nie. Dink wel dis materiaal vir ‘n lekker flik.
- Toortsie: Ons gaan nog beroemd raak! 🤔
- perdebytjie: Ons kan vir jou ‘n “stuntlady” reel.
- Toortsie: Hier is nog ‘n skeppie gefrangelikoseerde Tiramisu by my. Die teedrinkers het lekker gekuier vanoggend. So, as jy gou maak ...
- Kameel: Toorts, Toorts weë die een wat ander verlei 😊
- Toortsie: Jy is ook net lus vir ‘n bietjie. 🤝

HOOFSTUK 12

Die Agtergeblewene



deur [HesterLeyNel](#)

Ek, die “per ongeluk agtergeblewene”, het al ure gelede vir Una ‘n SMS gestuur om te vra hoekom hulle my hier in die bankkluis agtergelaat het. Ek was besig om die spook se joernaal te lees en my aandag was nie by die spul misdadigers en hulle makgemaakte polisiemanne se manewales nie. Toe ek weer sien is die hele ou spul hier weg en die polisie oefen fietstoertjies in die banksaal.

Hulle sou kastig omgedraai het om my te kom haal, maar hulle was nie soveel met my gepla nie, nee, hulle sit daar en toutrek oor die Latynse offisiertjie en betreur die feit dat hy ook nie op die lorrie gelaai is nie. Toe sien hulle kans ek moet die offisiertjie op die fiets laai en agter hulle aanry. Op die ou einde het hulle besluit dat ek maar self moet sien kom klaar, want dis te gevaarlik om om te draai. Dit is die laaste keer wat ek saam met hierdie spul ‘n misdaad pleeg!

Ek het maar vir Pablo gebel om hom te laat weet van my penarie en hy was so kwaad dat hy ‘n paar lelike woorde gesê het. Pablo is nie ‘n man wat sommer vloek nie. Toe sê hy: “Cookie”, (ja, hy noem my Cookie 😊), “you not worry. You wait. When dark I come for you”. Dus gaan sit ek toe maar in een van die gemaklike stoele daar in die Bali-banksaal en lees die joernaal verder, want ek sou nog ‘n paar uur moes wag.

Daai joernaal. Toe ek nou die hele ding deurgelees het, sien ek die joernaal behoort toe nooit aan Grootoupa Joubert of Paul Kruger nie, dis op die laaste bladsy afgeteken deur ene Koos Vannermerwe. Kon dalk ‘n skuilnaam ook gewees het. Wonder of Grootoupa en die Pres dit namens Koos bewaar het en of hulle dit dalk by hom vasgelê het.

Maar mens! Dit gaan ook nie net oor oorlog en goue ponde nie; dit gaan merendeels oor oorlog en Sarie Marais en hulle kappit-yt daar in die mielielande by die groot doringboom, die hele joernaal deur. Hierdie is ‘n hygroman uit die boonste rakke. Koos beskryf in die grootste detail hoe om daardie voortrekker-rokkie met die baie onderrokkies en die borstrok van ‘n mooi meisie af te skil –so laag vir laag soos ‘n bruin ui. Net soos met ‘n ui, begin ‘n mens se oë eintlik traan met elke laag wat afkom, dis so mooi *snik*.

Nouja, toe is Koos saam met Grootoupa verban St Helena toe. Hy het daar ook maar verder geskryf aan die joernaal en sy groot hart uitgesnik ook Sarie Marais. Hy het onder meer ‘n pragtige lied vir haar gekomponeer. *Snik*, dis so mooi.

Nouja, toe dit nou so sterk skemer begin word het, het ek daai Latynse offisiertjie daar uit die banksaal gaan sleep om vir my die pad deur die tunnel te verlig tot by Toweropstal. Hy's nie 'n onaardige kind nie, die Marco. Hy het die hele pad my hand vasgehou deur die tunnel en my styf vasgegryp toe die twee spoke skielik daar in die tunnel aan ons verskyn het. Hy is 'n brawe offisiertjie; ek kon eintlik voel hoe bewe sy hele lyf van inspanning om nie die twee ongeskikte ou spoke te lyf te gaan nie.

Ek het eers gedink die twee ouens was kwaad oor die buit wat ons weggedra het, maar hulle wou net die joernaal terughê. *Fluister*: ek dink hulle lees dit saans vir mekaar voor as hulle nie kan slaap nie. Ek wou eintlik die joernaal saamgevat het om weer te gaan lees, maar ek kon nie die oumanne so teleurstel nie. Toe oorhandig ek dit maar en so met die wegstap het ek die deuntjie van Sarie Marie deur my tande gefluit, net om hulle te laat weet ek verstaan. Ek kon sweer ek het gesien hoe hulle trane van hulle kaal wangbene afvee.

Enniehoe, uiteindelik was ons uit die kelder en so met die uitstapslag in die stikdonkerte, skyn daar meteens 'n hengse kollig op my en die offisiertjie wat nog steeds verbete aan my vasklou. Daar staan Pablo, Carlos wat breed glimlag met sy nuwe tande en die Nefie op 'n ry, elkeen met 'n masjiengeweer in die hand.

"Cookie", bulder Pablo, "who dat man?" Watse man nou? O, die offisiertjie. Ek besef hier kom moeilikheid en Marco het ook 'n fyn aanvoeling in dië opsig, want nou klapper sy tande soos kastanjette. Maar hy is so braaf, hy laat my nie los nie; hy klou aan my soos 'n slegte maseluitslag. Hy is die skild agter my rug. Ek kan nie vinnig genoeg aan 'n ander verskoning dink nie en stel hom sommer voor as my nuwe lyfwag. "Anudder one?", sug Pablo en rol sy oë. "Get in helicopter!"

En daar gaat ons. Pablo vra uit oor hoekom ek alleen agtergebly het en waar die ander misdadigers dan is. Ek begin sommer van voor af jammer voel vir myself en vertel hom die hele storie van die agterblewene, met groot gesnik en baie handgebare. Hy luister mooi, maar frons skielik toe ek sê die ander misdadigers is in Pollmanskop.

"Huh", vra hy, "where dey go?"

"Pollmanskop", herhaal ek.

"Papà, dey go Papà beer farm", vertaal Carlos opgewonde en met 'n breë glimlag.

'n Paar oomblikke se swanger stilte.

"Pilot", sê Pablo baie saggies tussen sy saamgeknerste tande deur, "we change course".

O alla gonnatjie. Pablo sal nie sommer die mense vergewe wat vir Cookie aan haar eie lot oorgelaat het nie. HKGK.

Ek lag skielik onbevange en uit volle bors. Nefie en Carlos weet nie waaroor die grappie gaan nie, maar hulle lag ook saam. Ek voel hoe ontspan Marco wat nog styf teen my sit en ek glimlag oor sy skouer vir Pablo.

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Abrie Joubert: Dit het ek geweet. Ons het nie verniet van die begin af vermoed Hester is kop in een mus met daardie Kokaplante nie. En nou wil sy en die Suid-Amerikaanse gespuis ons kom masjiengeweer en die regte van als sy bedoel groot pupa se nalatenskap. Asof hy sou belangstel in die boere weergawe van die kama sutra. Sies!

- Abrie Joubert: Ergste van als
- Abrie Joubert: Ergste van als sy besoedel groot oupa se nalatenskap
- HesterLeyNel: Hoe? Sarie Marais was 'n oulike boerenooientjie.
- Abrie Joubert: Nie jou joernaalweergawe nie
- HesterLeyNel: Nou wat het sy gesondig Abrie? Ons dra mos almal swembroeke onder ons klere en daar was 'n rivier en ...

HesterLeyNel: Jy moes my nie alleen daar gelos het nie. Dis alles jou skuld. Nou is jy in die moeilikheid, so whê.

- travel460: Uiteindelik gaan ons Pablo en Carlos ontmoet! Hoop Toortsie gaan 'n ietsie lekker voorsit sodat ons die bymeekaarkoms kan vier. En Nefie. Eie bloedfamilie daar van my roots af, die Panne. Het my Bali stoel darem gemaklik gesit, Hester?
- HesterLeyNel: Ja, ek het nie vir die bloedfamilie vertel dat jy wou gehad het ek moet hom sommer daar in Las Vegas los nie. Vriende skinder mos nie van mekaar nie 😊
- travel460: Sjoe, dankie tog Hester. Ons Panne-mense onthou sekere goed vir altyd, en dan vlam humeure vinnig op!
- HesterLeyNel: Kan 'n mens kaartjies koop vir die fight?
- travel460: 😊😊😊 Ek weet darem nie, jong. Dis iets soos 'n Bali cock-fight as die familie onder mekaar inspring...veg tot die dood toe. Dalk moet ek iets organiseer, 'n geldjie probeer maak, "bets" vat...mmm.
- HesterLeyNel: Daar kom die sakevrou na vore.
- travel460: \$\$\$
- HesterLeyNel: O ja dankie Una, ek het al vir Pablo vertel van jou mooi en gemaklike meubels. Hy stel baie belang om dit te sien.
- travel460: Yes! Nuwe besigheid!!
- Kameel: Hoe werk jou kop Una? Carlos was dan al daardie tyd tussen ons... vasgeboei aan Hester die mannejagter. Onthou die een wie se voortande Hester uitgeslaan het!!! Nou hoe wil jy hom weer ontmoet?
- travel460: Ek was heelyd op my eie missie, so het net bietjie vergeet... 😊
- HesterLeyNel: Kameel was nie daar nie, net Camilla ... en Ben.
- Kameel: 😊😊😊 Ja die arme Ben wat hom so aan sy neus laat rondlei.
- Toortsie: Ek vertrou daai span glad nie, en ek dink nie my ou kossies sal hulle vermaak nie, hulle is gewoon aan baie sterker goetertjies.
- HesterLeyNel: Gooi net so 'n handvol habaneros by die bredie.
- Toortsie: Habaneros? Klink soos gif!
- HesterLeyNel: Brandrissies

Abrie Joubert: Paflou ek bedoel Pablo sal nog sy tande so kners dan verloor hy hulle soos Carlos. Runs in the family. Hulle masjiengewere is nie opgewasse teen Toortsie se nuwe Swartwoudkoek met WITBLITS in nie.

- Toortsie: En ek weet waar om die ware Jakob in die hande te kry.
- HesterLeyNel: Jy moet jou vriende beter kies, Toortsie. Nou lei jy hulle nog verder in die verderf in!
- Toortsie: Is dít hoekom jy doelbewus agtergebly het?
- HesterLeyNel: Nee, wat bedoel jy? Julle het my vergeet. Ek sê maar net. Ek is mos ordentlik 😊
- Toortsie: Hester, Hester, Hester. Laat ons nou nie te diep in hierdie sokie ingaan nie, netnou word ons vriendskap versuur, maar laat ek eerder as vriendin met jou praat: Jy moet mooi kyk wie jou maatjies is, hoor. Wees maar baie wakker. Slaap met jou een oog oop. Ek weet nie hoekom ek so ‘n vreemde krewelinkie langs my ruggraat voel as ek aan hulle dink nie.
- HesterLeyNel: Sê die lid van ‘n span misdadigers wat al hoe meer kop uithaak ...
- Toortsie: Moenie die aandag van jouself probeer aflei nie.
- HesterLeyNel: 😊

HesterLeyNel: O, nou wil jy in die kombuis agter die voorskoot gaan wegkruip?

- Abrie Joubert: Hester Marais jy soek moeilikheid
- HesterLeyNel: Moi? 😊

Perdebyttjie: Abrie, ons sal nou vinnig daardie bom waarvan jy gepraat het, moet prakseer.

- HesterLeyNel: Nou raak jy ‘n gevaarlike misdadiger, nè?
- Perdebyttjie: Dis maar net doodonskuldige ou drankies wat met Toorts se poeding gemeng word...dareem nie te erg nie. As dit nie wil ontplof nie, drink en eet ons dit maar en paartie verder...niks word gemors nie!
- HesterLeyNel: Witblits sê Abrie. Dit begin nou klink soos ‘n mampoerpaartie in Groot Marico soos beskryf deur Herman Charles Bosman.

Toortsie: Ek dink ons glip vinnig weg Kruinsig toe, Hester weet nie daarvan nie! Ons kan julle almal op die plaas gebruik, niemand sal onraad vermoed nie en my man sal tog te bly wees vir ‘n klomp pare ekstra hande.

- HesterLeyNel: Hierdie klomp wat net weet van paartie hou en lawaai maak? Eish, jy sien kans vir baie.
- Abrie Joubert: In die professionele konteks kan mense Kruinsig google en afkom op aktiwiteite wat buite konteks moeilik verstaanbaar gaan wees so ek weet nie of dit goeie idee sal wees nie
- Toortsie: Dis dalk maar beter om dit nie te doen nie. Dalk moet elkeen saggies huis toe gaan voor die helikopter opdaag!
- HesterLeyNel: Julle beter hol soos vlakhase ... 🐰🐰🐰
- Toortsie: Uhn
- HesterLeyNel: Dit klink nou baie geheimsinnig Abrie. Wat gaan aan daar op Kruinsig?
- Abrie Joubert: kom sonder Pablo na Pollmankop en ek vertel jou
- HesterLeyNel: Hmpf, nou is ons in die onderhandelingsfase. Ek sal daarvoor dink.

HesterLeyNel: Nòu wil my rekenaar ‘n Windows update doen. Ek moet eers alle apps toemaak.

- Toortsie: Interessant hoe Hester altyd 'n manier vind om eenkant te staan. Vind julle dit nie vreemd nie? Mede-Towerinne? Julle wat almal moes help om die WERK te doen? Nou wil die rekenaar weer kantiq restart. Wat is volgende?
- HesterLeyNel: Hierdie keer was dit "legit". Nou is al my skerm display configurations (wats dit in Afrikaans?) ook so weggeblaas soos Toweropstal.
- Toortsie: Meng jou met ...
- HesterLeyNel: ... amateur misdadigers?
- Kameel: Toorts ek het van die begin af gesê dinge met Hester is nie pluis nie.... tot jou probeer kry om geld in te betaal om haar onder ons oë te kry. Almal was horende doof en jou spinasietert was al waaraan hulle kon dink. Kyk nou waar het dit ons gebring!!! 😞
- HesterLeyNel: Ja *sug* van lekker paartie kom lekker huil.
- Toortsie: Geld inbetaal sou beslis nie werk nie, dit belowe ek jou. Ons het almal besef daar's fout, maar ons kon dit mos nie hardop uitskree nie. Ai toggie
- HesterLeyNel: Ek is hier. Ek hoor julle skinder. Ek gaan oorvertel.
- Toortsie: Maar dis jy wat hierdie mense hier aanbring! 😊
- HesterLeyNel: Dis julle wat my agtergelaat het! Ek het ook gevoelens.
- Toortsie: Oeoeoe

Perdebyttjie: Nogals "Cookie" né! Geweet daar is 'n slang in die gras met hierdie Esco- tjoklit-bars wat so vir onse Hes gevoer is!

- HesterLeyNel: Hoor nou – sò draai al my voormalige vriende teen my.
- Perdebyttjie: As geld en mans ter sprake kom, vlieg vriendskappe by die agterdeur uit.
- HesterLeyNel: Hierdie vriendskap is juis so effe wankelmoedig op die oomblik.

travel460: Hester, ek het heeltemal verlore geraak in jou oorvertelling van hoe die aantrekklike hunk op sy perd die rokkie van die ou meisietjie begin afskil...og, dis sò romanties...nagal lagie vir lagie. Ek is skoon aangedaan. Kan ek jou iewers ontmoet vir tee, ek moet net verder hoor...

HesterLeyNel: Ag Una, 'n vrou wat romanse kan waardeer kan enige dag saam met my tee drink.

- travel460: Ek stick jou in elk geval Desember. Is twee weke lank daar naby jou by die TO strand.
- HesterLeyNel: 👍
- perdebyttjie: Dis 'n Voortrekkerhygroman...nie geweet daai ou mense se koppe het ook so gewerk nie! 🤔
- travel460: Met hulle spul kinders was daar dalk 'n paar dieptes betrokke. 🤔 🤔
- HesterLeyNel: Sê ek ook.
- perdebyttjie: Met so baie kinders was daar sweerlik weinig tyd vir dieptes... 🤔
- HesterLeyNel: Die kinders het mekaar besig gehou. In elk geval, waar dink jy het die baie kinders vandaan gekom?
- Perdebyttjie: Dinge moes seker blitsig geskied...nie tyd vir uie afskil nie...lol!
- HesterLeyNel: Ek wonder ... Nee wag, laat ek nie wonder nie. Abrie noem my nou al klaar Hester Marais.

- HesterLeyNel: Whaha, hulle sou ons dalk 'n paar dinge kon geleer het. Onthou, daai dae was daar nie TV, restaurante, teaters, biblioteke of enige ander soort afleiding nie 😊
- Perdebyttjie: En die nagte was stikdonker en lank.
- HesterLeyNel: En die kerse kort.
- Perdebyttjie: Soms was daar nie eers kerse nie.

travel460: Proes ek ook nou van die lag vir jou, Perdebyttjie. Ek dink al daardie knopies en lyntjies en knippies wat als so bymekaar moes hou, het die oë laat traan tydens die afskil proses.

- Perdebyttjie: Hehe, en teen daardie tyd was almal al afgekoel!
- HesterLeyNel: Dalk was dit juis deel van die opwarmingsproses. Aljander, aljander so deur die bos ... ek sing vandag net voortrekkerliedjies.
- Perdebyttjie: Bwahahaa jimmel Hester jy is snaaks! Onthou om die onskuldige liedjie, Vanaand gaan die volkies koring sny, ook te sing. Die Kleurlinge lag hulle jare lank al slap vir die stoere Afrikaners wat die liedjie gekaap het en nie besef het van die seksuele konnotasie nie.
- HesterLeyNel: Nee! 🤔 Wat vertel jy my nou? Dit was nog altyd een van my gunsteling FAK liedjies!
- Perdebyttjie: Luister mooi na die woorde... ek gee net een leidraad. Die koring is jong meisies. Hierdie ontboeseming het ek so 'n paar jaar gelede raakgelees in 'n onderhoud met 'n Kleurlinghistorikus. Baie dinge het toe vir my duidelik geword.
- HesterLeyNel: As my ou musiekonderwyseres en koorafriqter dit moes hoor! Gelukkig leef sy nie meer nie. Ek bedoel nou sal dit nie meer vir haar saakmaak nie.
- Perdebyttjie: 🤔🤔

Kameel: Cookie, my voet!!! Marco is nie 'n bangbroek nie, en ek glo vir geen oomblik hy het aan jou vasgeklou nie. Jou Pablo mag hom miskien met sy masjiengeweer in die helikopter gedwing het.... maar ek bang nie jou Pablo nie.

- HesterLeyNel: Jip, hoe het ek geweet Camilla / Kameel se jaloesie gaan haar nie toelaat om rede te verstaan nie?!
- Perdebyttjie: Kameel, Hester is besig om vir Marco af te vry...lees tussen die lyne, suster!
- HesterLeyNel: Opstoker!
- Perdebyttjie: Waarheid maak seer!
- HesterLeyNel: Nog een wie se hormone nou op die aanval is.
- Kameel: Sy probeer my jaloesers maak perdebyttjie, en ek val nie daarvoor nie.
- Perdebyttjie: Sy sit styf teen hom....
- HesterLeyNel: Nee, hy sit styf teen haar ... hy's haar body guard, so hy guard die body.
- Perdebyttjie: Goed, goed...ek glo, maar ek glo swaar!

Kameel: Marco sit veilig by die polisiestasie met droomverlore oë en staar na Camilla se rooi stilletos. So sê die koerantberig!!! Hy het op 'n manier uit Pablo en Hester se hande geglip... die hero van my 🤔

- Perdebyttjie: Mens glo wat jy graag wil glo, liewe Kameel.
- HesterLeyNel: Sê ek ook 😊

- HesterLeyNel: Ek dink nie so nie. Dis daardie outjie met die stywe broekie wat gewoonlik so stotter en bloos. Buitendien kan jy nie alles glo wat die koerante sê nie.
- Kameel: As daardie outjie met die kort broekie na my stiletos staar slaan ek hom met 'n stiletto oor die kop wanneer ek daar aankom.
- Perdebyttjie: Daardie outjie met die kort broekie, het my die krieps gegee. Ek sal jou help om hom met 'n stiletto te vermorsel!
- Kameel: O lieve nou sien ek die prentjie 😊😊😊 Ek en jy wat hom met stiletos bykom.... en hy al koetsend onder die hou. Nou het jy my lekker laat lag!!!
- Perdebyttjie: Ek is net bang daai stywe broekie bars oop as hy terugveg.
- HesterLeyNel: Dis darem nie 'n mooi ding om aan so 'n getroue fan te doen nie, Kameel. Skaam jou!

Abrie Joubert: Kameel jy moes op skool baie goed gedoen het in Afrikaans. Dit is duidelik dat jy tussen die lyne kan lees watter polisieman so staar. Maar dan klink dit mos vir my of Hester aspris onwaarhede verkondig om tweespalt te saai.

- Kameel: Seegogga het gesê dis die Latynse offisier Abrie. Hester is besig om te stook.... en ek gaan nie die pyp rook nie.
- Abrie Joubert: Ja al stokery wat toegelaat word is WITBLITS stook
- HesterLeyNel: Spinasië, frangelico, hops, witblits – wat is volgende? Hierdie paartie ruk nou handuit.
- Abrie Joubert: Die WITBLITS is om die helikopter te refuel en hom in lug in te blaas
- HesterLeyNel: Nou voeg ons MOORD by die lys van misdade!
- Abrie Joubert: Selfverdiging hulle het masjiengewere
- HesterLeyNel: Jy verstaan nie; masjiengewere is Colombiaanse juwele – elke man dra een.
- Abrie Joubert: Ja gelukkig verstaan ek nie wat selfverdiging (noodweer) regverdig want ek dink hulle wil my skiet 🖱️👉
- HesterLeyNel: Strafred is baie subjektief – dit hang af van hoe die regter voel, wie jy is en wie jy ken.
- Abrie Joubert: Presies, die regter gaan weet watse wonderlike wêreldburgers Pablo en sy seun Carlos seer tandjies Esco agter bars is.
- HesterLeyNel: Whaha, jy laat my nou dink aan Leon Schuster se liedjie “Gerrie, seer handjies Coetzee”.
- Abrie Joubert: Einste en die meulikoep se enjin is ook seer
- HesterLeyNel: Die witblits-behandeling dan.

HesterLeyNel: Haha, Kameel lees net wat sy wil. En onthou dis nie ek wat die tweespalt gesaai het nie – dis jy wat die tweede helfte van jou span in 'n bankkluis agtergelaat het.

- Abrie Joubert: Hester al wil dit voorkom asof jy nou my vyand geword het (nie van my kant af nie) gaan ek jou darem nie so in die gesig vat nie. Jy is bepaald nie so groot soos die helfte van die span nie!! En as jy dink jy is so belangrik soos die helfte van die span moet ek jou vra om weer 'n skrywe van tannie Frannie te gaan lees wat daarop neerkom dat neerkom dat dit goed is as nederigheid en ouderdom hand in hand stap. Nie hand in hand met 'n denkbeeldige Latynse offisier nie!
- HesterLeyNel: Whaha, dalk is ek nog nie oud genoeg om nederig te wees nie! Grysheid bring nie altyd wysheid nie!
- Perdebyttjie: Mens mag maar droom oor hand aan hand, Abrie, Gun ons ouer dames daardie plesiertjie!

- HesterLeyNel: Sê hom.

Abrie Joubert: En dit nadat ons haar probeer help om vir haar van die 4-wiel motorfiets te vertel!

- HesterLeyNel: Asof ek my nou sou steur aan 'n 4-wieler, veral nadat jy my gedagtes aan die rol gesit het oor helikopters!

Kameel: Nou behoort Polls... wat se naam se dinges ook nog aan Pablo. Sorry kannie behoorlik dink nie ek is te omgekrap.

- Abrie Joubert: Nee Pollmanskop behoort nie aan Pablo nie. Mens se gedagtes raak mos deurmekaar as jy 'n traumatiese tyd beleef het soos Hester...
- Kameel: Ek dink Hester hallusineer oor meer dinge as net Pollmanskop 😊
- HesterLeyNel: Ek is nie die blonde met die rooi stiletos hier nie ...
- HesterLeyNel: Wat was jou woorde nou weer? "Die eienaar van die Pollsmankop verbou onwettig hops vir die uitvoermark sonder lisensie ...". Waarheen dink jy is hierdie uitvoermark? Nie jou huiswerk gedoen nie ...
- Abrie Joubert: 😊
- Perdebyttjie: Kameel, onthou Hester is verslaaf aan Esco-tjoklit-bars. Dit veroorsaak blykbaar hallusinasies.
- HesterLeyNel: 😊
- Abrie Joubert: 😊👉

Seegogga: Seegogga sal die situasie fyn dophou en al die sappige stukkies aan die koerant uitblaker as julle julle nie gedra nie.

- Toortsie: Vertel die koerant van Hester se maatjies! Hulle is nie deel van ons nie.
- HesterLeyNel: Ja, en wat dink jy gaan gebeur? Ons amptenary is gewoon aan buitelandse inmenging.
- Toortsie: Nou raak sy nog aстран ook! 🤔
- HesterLeyNel: Die waarheid maak seer.
- Toortsie: Hester, Hester kom terug!
- HesterLeyNel: Waar was ek dan nou?
- Toortsie: Los daai mense, Hester. Los hulle. Asseblief!
- HesterLeyNel: Toortsie, as ek nou los gaan ek bloeming ver val grond toe.
- Toortsie: Maak 'n plan! Jy is mos slim met hoerdie goete!
- HesterLeyNel: Ok, ek kan vir Marco eerste uitgooi en dan bo-op hom val. Wat dink jy?
- Toortsie: Ja. Klou aan hom vas terwyl jy hom stamp. Hou net jou oë toe dat jy nie sien hie ver dit grond toe is nie.
- HesterLeyNel: Ek sal so 'n bietjie daarvoor dink Toortsie. Dankie vir die goeie raad.
- Toortsie: 😊😊😊😊 Wag tot julle geland het, dan is die val nie so erg nie.
- HesterLeyNel: Ja, hang af hoe lewendig ek onder uitkom. En wat van Carlos en Nefie? En Pablo? Hulle sal my mis. Nee, ek moet nog eers 'n bietjie dink.
- Toortsie: Pos hulle, Hester.

- HesterLeyNel: Jy en Abrie is nou baie lelik met ons buitelandse besoekers. Wat het van boere gasvryheid geword? Ek skaam my.
- Toortsie: Jammer om te hoor jammer om te hoor.
- HesterLeyNel: 🎶Ja, ek voel nou sommer goor. Ek voel nou rêrig goor. 🎶
- Toortsie: Jy sal aansienlik beter voel as jy van daai spul ontslae is.
- HesterLeyNel: Hulle laat my dan juis so goed voel 😊
- Toortsie: Ek praat nie een woord verder nie.

HesterLeyNel: Ek dink Seegogga moet liewer nie te veel praat nie – die deler is net so goed soos die steler, nè?

- Seegogga: Nou wat van so ‘n ou meevallertjie om my mond te snoer? Ek het nog nie my deel van die buit gekry nie en eiendomme aan die Riviera raak by die dag duurder.
- HesterLeyNel: Sien liewe Abrie en Towerinne, wat het ek gesê van afpersing? Sien julle nou?
- Seegogga: Liewe Hester, ‘n mens moet mos lewe, dan nie? Net so ‘n ou meevallertjie is al wat ek vra!
- Perdebyttjie: Ons sal die situasie moet fyn dophou. Meevallertjies betaal nie vir eiendomme aan die Riviera nie. Ek dink tog afpersing gaan ‘n rol hier speel.
- Seegogga: wel ... dit hang mos af hoe ryk die ou is wat die meevallertjie gee, dan nie?
- Perdebyttjie: Ons is baie wat die buit moet verdeel en almal wil soveel as moontlik hê. So ek weet nie of die meevallertjie eers ‘n tuinhokkie op die Riviera sal kan bekostig nie.
- Seegogga: Vir wie flous jy? Al daardie note? En kas vol goue muntstukke? En sakke vol diamante?
- HesterLeyNel: Dit hang af wat snoep mense as ‘n meevallertjie beskou.
- Perdebyttjie: Hehe, ware kleure kom nou na vore!
- HesterLeyNel: Ja, Lekkervurig sal maar nog ‘n emmer room moet bring.
- Seegogga: ai
- HesterLeyNel: Oorhandig die verslaggewer aan Pablo
- Abrie Joubert: Ek kan nog seegogga se poging verstaan om ‘n stuiwertjie te verdien maar jy met daardie bendespuis!!
- HesterLeyNel: Klein misdaadjies, groot misdaadjies – ons ry nou almal in dieselfde helikoptertjie. Bootjie.
- Abrie Joubert: Nee ek drink my kakao sonder koka
- HesterLeyNel: Loop gee die bank se geld terug, dan sal ek glo dat jy berou het oor al jou misdade.

scrapydo2: Nou toe nou, sulke ou spookmanne wat hul lus nie kan hou nie. Ek wonder ook hoe vinnig daardie skille geskil word. Ek vermoed mens het net knope en vetters sien spat as die nood druk. Daardie baie kinders wys dat daar ‘n spesiale manier moes wees. Ek sien nog ‘n geveg kom tussen Hester en Camilla. Ek vermoed dit sal ‘n hele paar Latynse danse kos om Marco die regte keuse te laat maak. Julle is darem ‘n lekker klomp bymekaar. Ek mis nogal heelwat so ver van julle af. Gelukkig is dit vakansie Vrydag en kan ek rustig gaan sit en kou aan al die sêgoed.

- HesterLeyNel: Camilla ja. Dis jammer ons het die rooi stiletto's agtergelaat. Jy moet weet – Ben is ook nog daar iewers op die kantlyn.

- Kameel: Ek wil nie nou aan Ben dink nie, hy kompliseer my lewe.... en ek het my hande nou vol met net EEN man. 😊
- Perdebyttjie: Kameel se oge pop nou net hartjies...sy het die skoot hoog deur.
- HesterLeyNel: Watter een nou? Vertel!
- Kameel: Hester Marais.... Camilla het nog nooit haar hart op enige man verloor nie, sy het geglo sy is immuun (spelling) teen die liefde. Nou brand die liefde soos 'n vuur binne haar vir Marco, die Latynse offisier. Ek sal jou nie aanraai om met daardie vuur te speel nie.
- HesterLeyNel: Vuur brand so maklik uit en dan bly daar net as oor.
- Kameel: 😊
- scrapydo2: Outsh Het vergeet van Ben. Mmmm, dis n manlike driehoek hier ipv n liefdesdriehoek.
- HesterLeyNel: Dis Camilla hoor? Sy is soos 'n mot wat vlamme aantrek 🐛 of so iets. My taal laat my nou in die steek.
- scrapydo2: Smile ek nou vir jou gebrek aan woorde. Dit is 'n situasie wat mens nogal laat dink hoe dit inmekaar steek.
- HesterLeyNel: 🙄
- scrapydo2: Arme Ben. Hy sal ook nie weet hoe om dinge te hanteer nie.
- HesterLeyNel: Daai arme man is die een wat altyd aan die kortste end trek.

Tannie Frannie: Puik verby – praat van 'n cliffhanger!

- HesterLeyNel: Dankie Frannie!
- Perdebyttjie: Ek stem saam, Hester het ons boek fantasties afgesluit, maar tog 'n deurtjie oopgehou met daardie laaste glimlag na Pablo, terwyl Marco steeds styf teen haar sit. Heelwat moontlikhede vir 'n vervolg...
- HesterLeyNel: Dankie Byttjie, maar o liewe aarde, gaan die vriendskapsbande en die humeure dit hou?
- Perdebyttjie: Onderlinge bakleiery oor MANS is net so erg soos praatjies oor godsdiens en politiek. Dus dink ek ons roep liewer halt!
- Kameel: Perdebyttjie, hoe gooi jy kole op die vuur, en wanneer dit vlamvat dink jy dis beter om halt te roep?
- Perdebyttjie: Dis nogal in my geaardheid om dinge op te klits en dan die pad te vat as dit te warm raak. 😊👉👉 My tjorretjie se naam het nie verniet 'n gedeelte in wat "away" spel nie! 📺
- HesterLeyNel: Haha

Lekkervurig: Nee kyk ek sit nou maar hier eenkant en en kyk hoe my maats mekaar

- HesterLeyNel: mur?
- Lekkervurig: Jy het dit gesê 😊
- Perdebyttjie : 😊😊

Wegkruipertjie: En hier gaat ons alweer. Baklei oor die mans, eet 'n lekkernytjie (met skop of hops) en raak agterdogtig. NS – Hester Marais, waar het jy tyd gevind om daai sexy latynse outjie vir sy naam te vra? Is jy seker dis nie die kortbroek-knaap wat nou jou lyfwag is nie?

- Kameel: 😊😊😊😊 Lekker laat jy my nou lag!!! Hester en die kortbroek lyfwag!!!
- Perdebytjie: Weerwraak!
- HesterLeyNel: Daai outjie met die kortbroek lyk nie baie Latyns nie?

Lekkervurig:nee ek gaan liever niks sê nie, behalwe hygend hert Towerinne en Abrie. Julle moet liever room drink, julle is bra katterig. Dink ons moet die away en die lekker lorrie pak en waai voor ons loodpille gevoer word. Hestertjie het toe die finale plan.

- HesterLeyNel: Ja nee, julle moet maar voort vlugtig (get it? get it?), ons dek die agterhoede.
- Lekkervurig: Ek hoop me Hester Marais beseft ek is voort vlugtig oor haar en Pablo se koms. Wil nie bloedbors siekte opdoen nie. Hehe, Punny Hester, punny.
- HesterLeyNel: Berry punny
- Abrie Joubert: Hester bluf en haar blaf is omtrent so graat soos sersant Gigaba s'n. Moenie dat sy julle bluf nie!
- HesterLeyNel: Julle weet natuurlik dat 'n verskoning (soos in apologie) beter sal werk as al hierdie vingerwysery? Sê maar net.
- Abrie Joubert: Nou vra dan om verskoning
- HesterLeyNel: Omdat julle my in die steek gelaat het? Daai's a horror of comedies.
- Abrie Joubert: Omdat jy jou van die begin so upstairs en eenkant gehou. Optrede het gevolge en partymaal ly dit tot isolasie. Vra maar vir Julius Caesar
- HesterLeyNel: Nou word ek nog beledig ook! Okei, ek dink hierdie verhouding is nou by sy expiry date verby. Ek onttrek my. Gee maar my deel van die geld vir die SPCA.
- Abrie Joubert: 🐶🐱🐭🐹🐰🐻🐼🐾🐾🐾🐾🐾🐾🐾🐾
- HesterLeyNel: ??? Jip, die ark staan oop en die diertjies loop los rond.
- Abrie Joubert: Laai hulle in die helikopter
- HesterLeyNel: Sorry, no more room!
- Abrie Joubert: Viva SPCA viva

joke_dev: Kan je nog niet rustig je journaal lezen 😊

- HesterLeyNel: Daar is nooit rustigheid saam met hierdie span bloggers nie.

Lekkervurig: Jinne, dubbeldik room vir Hester en Abrie. Moer mekaar, ek haat vrede.

- HesterLeyNel: Miaau!
- Lekkervurig: Hester, wat het hulle met jou gemaak daar ver in Colombia.....😞
- HesterLeyNel: My kop geswaai, soos wat ons dit in my verre korporatiewe verlede genoem het.
- Lekkervurig: Flip, ons het moeilikheid. Mens het nie pille vir kopswaai nie. Dit vat tyd en dié het ons nie. Verstaan ek nou voort vlug is beter.
- Seegogga: Nee, wag dis tyd dat die witblits praat – en Camilla! kliek hier!^{ix} Kameel: Dis beautiful ❤️
- HesterLeyNel: Wow!

Lekkervurig: Die helikopter land en stofwolke sif oor die Towerinne. Abrie staan eenkant en skerm sy oë teen die sand. Hester en haar gevolg stap triomfantlik nader. Waarom het ek so nare kol op my maag. Ek sien hoe die polisie Adonis se oë soek na sy Camille. Is dit sweet of tranes daar oor sy wange? Stilletjies bid ek dat Camille besef sy sal iets moet doen. Haar geliefde en vriende is te geintimideer deur die goudbeklaterende, in swart geklede spiertiere wat Hester se geselskap uitmaak. “Cookie, what you want to do?” Hester lag. “Get the gold.” Sommer so, onthul Hester hoe perfek ons in haar strik getrap het. Ons was die gekke wat gasorg het dat alles gedoen word en sy heel uit die prentjie bly. So meesterskelmbrein. Skielik spoel die meesleurende musiek oor ons. Camille sans stilettoes, sans blonde pruik, dans super sensueel en al die manne staan oopmond. Getoor..... Word vervolg of nie. Baai for now.

- Lekkervurig: Gesorg, gesorg...flippen autocorrect 😊
- HesterLeyNel: Haha, Lekkervurig, jy is ‘n plot twister par excellence.
- Lekkervurig: Dis daai strategiese beplanningsessies van Abrie.....
- Seegogga: Ek het geweet Camille sal dit regkryet met haar dansery! Daai maane in swart is in ‘n kring rondom haar – gemesmerise! Hester klap haar hande..” Goud!Nou!” Hulle hoor haar nie. Soos gehipnotiseerders stap hulle al nader aan Camille. Abrie is nie links nie en gooi gou vir elkeen n dubbele shot witblits. Hulle gooi dit sonder om te dink in hulle keelgatte af, hulle oë stip op Camila. Hy gooi gou nog n dubbele . Die manne sluk dit gretig en begin betowerd om haar te dans. Die dans word wilder, meer sensueel. Hulle kom nie eers agter hoeveel shots hulle drink nie . En toe is dit verby. Een vir een begin hulle slinger. En verlep. En uiteindelik op die grond neersak. En in n diepe slaap val...
- Seegogga: Regkry met.... manne manne manne
- HesterLeyNel: Whahaha, nou verander die wensdenkery in ‘n sprokie.
- Kameel: Camilla se bors dein op en af van uitputting. Nog nooit het sy met soveel oorgawe gedans nie. Sy steur haar min aan die manne in swart wat by haar voete lê. Sy sien hom eenkant staan, Marco met sy Latynse voorkoms en breë skouers. Hulle oë ontmoet, en daar is by haar geen twyfel meer nie – Hy het haar lief. Hy maak sy arms oop en gee ‘n treë vorentoe. Camilla wag nie langer nie; sy werp haar teen sy bors en voel sy sterk arms om haar vou. “Marco,” sug sy behaaglik. Marco lig haar gesig met sy voorvinger op en kyk diep in haar oë. “Ek het jou lief Camilla,” sê hy. ‘n Sagte glimlag vorm om Camilla se mondhoëke. “En ek vir jou,” sê sy saggies. Sy swart kop buig af en sy mond sluit warm oor hare. Die wêreld het gaan stilstaan.
- HesterLeyNel: Camilla, jy het jou roeping gemis.
- Seegogga: Sjoel Wow!
- HesterLeyNel: Sê ek ook
- Seegogga: Hester kyk verslae na die patetiese hopies wat eens haar lyfwagte was. Sy
- HesterLeyNel: ... lig haar wenkbrou en wonder presies hoeveel die voortvlugtiges gedrink het om sulke verbeeldingsvlugte te kan onderneem.
- Seegogga: Geleidelik dring dit to haar deur dat sy alleen is. Die vliegtuig se bemanning is onkapabel, en sy het haar ware vriende, die bloggers verraai. Arme Hester, sy voel
- HesterLeyNel: ... verlig omdat sy haar copter pilot toets geslaag het.
- Lekkervurig: ...voel na haar bergiebek se hand. “Cookie, we have the money. Look your Towerinas are running away.” Sowaar, die spul hardloop dat die stof so staan. Abrie duik agter hops balies in.

Lekkervurig gil vir al die ander om op die lekkerlorrie en perdeby se away te spring. Hester lag uit haar maag. “Let’s go. Die perfekte misdaad, al die draaie en boggerops, ten spyt.”

- HesterLeyNel: 😊 😊 😊 Die perfekte einde

Lekkervurig: Nou moet ons net vir Hester bekeer en vir ons weer ‘n plekkie in haar hart kry...of voort vlug.

- HesterLeyNel: Die vlug ding klink vir my meer opwindend.
- Lekkervurig: Boek drie?
- HesterLeyNel: Eish!
- Lekkervurig: Dis wat jy kry as jy ‘n ding begin.....👉👉👉

Woordnoot: Ek het nou hierdie gelees en ek is siek.....ek het lanklaas so gelag! Die arme ontvangsmeneer oorkant by die tandarts het al benoud hier kom inloer want ek is alleen maar die gille weerklink die gang af!! Dit is briljant! Gaan asb aan

- HesterLeyNel: Dankie. Die bloggers is weer vreeslik spitsvondig in hulle kommentare. Hierdie is die laaste hoofstuk vir hierdie vervolghverhaal, want dit raak nou “hoe later, hoe kwater”. Ons sal weer een aanpak sodra die Voortvlugtiges herstel het.

Seegogga: O hierdie was ‘n fees. Het my selfs inspireer om weer te blog. Hou seegogga dop.

- HesterLeyNel: Dankie Seegogga, ons sien uit na jou skrywes.

NOTES

ⁱ Download book from <https://www.hesterleynel.co.za/booktalk/>

ⁱⁱ Lirieke van “Long Cool Woman in a Black Dress -The Hollies”

ⁱⁱⁱ <https://youtu.be/lP94PlEtsEQ> “Long Cool Woman in a Black Dress -The Hollies”

^{iv} <https://wp.me/p3bnM2-2gb> “Abrie Joubert blog - Beware the Tides of March”

^v https://www.youtube.com/watch?v=I4QWko_7IN4 “Morepork”

^{vi} https://img.etsystatic.com/il/b8fb51/666537759/il_570xN.666537759_flyk.jpg?version=2 “Frangelico advertensie”

^{vii} <https://abriejoubert.wordpress.com/2018/03/16/ill-rather-be-rathering/> (Abrie Joubert blog)

^{viii} <http://www.youtube.com/watch?v=zCn4mTkxx2s> – Lyrics “Diamonds are a girl’s best friend – Marilyn Monroe”

^{ix} <https://www.youtube.com/watch?v=IDMcWSYali8> (Carmen – Diana Vishneva)